University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# ‘n Empiriese navorsing rakende die bedieningsbehoeftes van die tieners in die NG Gemeente Waverley met spesifieke verwysing na die erediens.

DEUR

**ELIZABETH CATHARINA WAGNER-FERREIRA**

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**MA TEOLOGIE**

AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROFESSOR HJC PIETERSE

MEDE-STUDIELEIER: PROFESSOR CJA VOS

OKTOBER 2005

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# OPSOMMING

## ‘n Empiriese navorsing rakende die bedieningsbehoeftes van die tieners in die NG Gemeente Waverley met spesifieke verwysing na die erediens.

Vanuit gesprekke met die tieners van die NG Gemeente Waverley sowel as hul swak bywoning van die eredienste en kategese, het dit duidelik geword dat hierdie lidmate se behoeftes nie aangespreek word nie.

In die ondersoek van die probleem, is daar in die eerste plek aandag gegee aan die leefwêreld van die tiener. Ten einde die blye boodskap van die Evangelie by die tieners te laat tuiskom, moet ‘n mens weet hoe hul leefwêreld lyk. Anders kan die prediking maklik afgeskryf word as irrelevant en kan daar nie ‘n ontsluiting van die boodskap van die preekteks in die taal en situasie van die jongmense plaasvind nie. Dit beslaan die eerste hoofstuk.

In die tweede hoofstuk is daar kortliks gekyk na die erediens. Verder is aandag geskenk aan wat die gereformeerde identiteit van die NG Kerk beteken. Daar is ook aandag gegee aan vernuwing en ander invloede op die erediens. Vernuwing is nie verwerping of verandering nie, maar daar behoort dalk eerder in die rigting van verdieping gedink te word. Ou waarhede en gewoontes moet nuut gesien, gebruik en geïntegreer word in die manier van kerkwees sodat dit tienerlidmate in hul leefwêreld kan aanspreek.

Die derde hoofstuk word in beslag geneem deur die empiriese navorsing wat gedoen is. Half-gestruktureerde onderhoude is met van die tieners in die gemeente gevoer. Daarvolgens gaan 91,67% van die tieners gewoonlik saam met ouers of familie kerk toe. Dit bevestig wat in die literatuurstudie sterk na vore gekom het, naamlik die belangrike invloed wat ouers het in die geloofsvorming van kinders.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Die ander, baie interessante uitslag, van die empiriese navorsing is die feit dat 50% van die tieners gesê het dat hulle kerk toe gaan om na die Woord van God te luister. Die ander 50% het 'n duidelike behoefte uitgespreek dat die preke eenvoudiger en meer op die vlak van die tieners moet wees. Die bevindinge bevestig die literatuurstudie, naamlik dat 'n mens die behoefte het om God te ontmoet in die erediens en dan spesifiek deur die prediking.

Een van die ander groot behoeftes wat die tieners uitgespreek het, is om die Here met eietydse musiek te loof en prys. Ongeveer 75% van die respondente was van mening dat die musiek moet verander as die erediens die tieners meer wil aanspreek. Die vraag ontstaan egter of die musiek werklik die groot nood is en of die behoefte nie is om die Woord van God duidelik in die taal van die tiener te hoor nie. Die preek is immers die hart van die Evangelie en mense gaan kerk toe om God se stem te hoor.

Ten slotte is daar in die vierde hoofstuk gekyk na 'n paar moontlikhede om die tieners meer aan te spreek. Op 'n eksperimentele basis is die aanddiens by Cunninghamlaan en die kategese die afgelope drie maande met goeie vrug gekombineer. Die jeugraad en die "koffiekroegouers" verhoog die betrokkenheid van die gemeente by die Jeug- en Gesinsbediening. Dit is in lyn met die NG Gemeente Waverley se hele bedieningsvisie dat die bedieninge gebou is op goeie verhoudings en dat die gemeente 'n familiegemeente is.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)


## SUMMARY

# An empirical research regarding the ministerial needs of the teenagers of the Waverley Dutch Reformed Congregation with specific reference to the worship service.

From discussions with the teenagers of Waverley Congregation, and their poor attendance of the worship service and catechesis, it became obvious that these members' requirements are not be addressed.

In the investigations into this problem, the world of the teenager was first of all addressed. In order to be able to bring the joyous message of the Gospel to them, one first needs to understand the world of the teenager. Otherwise preaching can quite easily be made off as irrelevant, and the unlocking of the message of the sermon into the language and situation of the teenagers cannot be achieved. This entails the first chapter.

I n the second chapter the focus is mainly on the worship service itself. Additional to this, attention was given to what the reformed identity of the Dutch Reformed Church entails. Attention was also given to renewal and other influences on the worship service. Renewal is not discarding or change, but should rather be thought of in terms of enrichment. Old truths and habits must be seen, used and interpreted anew in the ways of being a church, in such a way as to address the teenagers in their milieu.

The third chapter contains the empirical research that was conducted. Semi-structured interviews were conducted with some teenagers from the congregation. According to this 91.67% of the teenagers normally attend church with their parents or family. This supports what has surfaced in the literature study, namely the very important influence that parents have on the spiritual forming of children.

The other, very interesting, result from the empirical research was the fact that 50% of the teenagers said that they went to church to listen to the Word of God. The other 50% expressed a clear need that the sermons be simpler and more on their level. These results

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

support the literature study, namely that a person wants to meet with God, and specifically via the sermon.

One of the big needs expressed by the teenagers is to praise the Lord via contemporary music. Approximately 75% of the respondents were of the opinion that the music has to change if the worship service is to address the teenager. The question is, however, whether the music is really the mayor need, and whether it is not maybe the requirement to hear the Word of God in the language of the teenager. After all, the sermon is the heart of the Gospel, and people go to church to hear the voice of God.

Finally the fourth chapter addresses a number of possibilities in order to better address the teenagers. As an experiment the evening worship service and catechesis have been combined at Cunningham Avenue. Over the last three months this has been a fruitful arrangement. The youth council and the "coffee bar parents" increases the involvement of the congregation in the Youth and Family Ministry. This follows the worship vision of the Waverley Dutch Reformed Church congregation, namely that of healthy relationships and the fact that the congregation must be a congregation for the family.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

**SLEUTELWOORDE**

**Empiriese navorsing**

**Bedieningsbehoeftes**

**Tieners**

**NG Gemeente**

**Waverley**

**Eredienste**

**KEYWORDS**

**Empirical research**

**Ministerial needs**

**Teenagers**

**Dutch Reformed Congregation**

**Waverley**

**Worship service**

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# Inhoudsopgawe

Inleiding ........ 1
Hoekom die navorsing? ........ 1
Hoofstuk 1 ........ 4
Die leefwêreld van die tieners ........ 4
1. Hoe lyk die leefwêreld van die tieners? ........ 4
2. Definisie van adolessensie ........ 4
3. Ouderdom van die adolessent ........ 5
4. Ontwikkelingsteorieë wat lig kan werp op die lewensfase van die adolessent ........ 5
4.1. Biologiese teorie ........ 6
4.2. Psigodinamiese teorie ........ 7
4.3. Kulturele teorie ........ 8
4.4. Interpersoonlike teorie ........ 9
4.5. Ontwikkelingsteorie ........ 9
4.6. Kognitiewe teorie ........ 10
4.7. Sosiale Leerteorie ........ 11
5. Verskeie veranderinge vind in die lewensfase van die tiener plaas ........ 12
5.1. Fisiologies ........ 13
5.2. Kognitief ........ 14
5.3. Psigososiaal ........ 18
6. Moontlike probleme wat ondervind kan word ........ 22
6.1. Rolverwarring ........ 22
6.2. Geslagsidentiteitsprobleme ........ 23
6.3. Te vroeg seksueel aktief ........ 23
6.4. Tienerswangerskappe en aborsie ........ 24
6.5. Seksuele molestering en verkragting ........ 24
6.6. Geweld ........ 28
6.7. Globalisering ........ 30
7. Depressie en selfmoord ........ 30
8. Die invloed van die verskillende generasies op die tieners ........ 31
8.1. "GI" Generasie ........ 33
8.2. "Silent" Generasie ........ 33
8.3. "Baby Boomers" ........ 34

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

8.4. "Generasie X" ... 35
8.5. "Millennials" generasie ... 37
9. Is daar enige teenvoeter vir al hierdie probleme? ... 41
9.1. Eksterne faktore ... 42
9.2. Innerlike faktore ... 46
Hoofstuk 2 ... 52
Die tiener in die gemeente ... 52
1. Tendense in die NG Kerk ... 52
2. Plekvinding van die jeugbediening ... 53
3. Familiegemeente ... 57
4. Erediens ... 59
5. Siening rondom die liturgie ... 62
6. Vernuwing ... 67
7. Siening van die preek ... 76
8. Die persoon en persoonlikheid van die prediker ... 80
9. Riglyne vir prediking aan die jeug ... 83
Hoofstuk 3 ... 86
Empiriese ondersoek ... 86
1. Hoekom empiriese navorsing? ... 86
2. Metode in die empiriese gedeelte van die navorsing ... 87
3. Resultate van die onderhoude met die tieners ... 88
4. Benadering van die NG Gemeente Suidoos-Pretoria ... 93
Hoofstuk 4 ... 97
Moontlike riglyne vir die toekoms ... 97
1. Teologiese Fundering ... 97
1.1. Die jeugbediening is 'n integrale deel van die NG Gemeente Waverley se totale bediening. ... 97
1.2. Die senior kategese word as die kern van die tienerbediening beskou ... 97
1.3. Die tienerbediening is 'n verhoudingsgebaseerde bediening. ... 98
1.4. Die NG Gemeente Waverley is 'n familiegemeente. ... 98
2. Uitdagings ... 98
2.1. Lidmate is beïnvloed deur verskillende strominge. ... 98
2.2. Die "tradisionele" kerkmusiek spreek baie min tieners aan. ... 99
2.3. Die sillabus wat gevolg moet word by die kategese. ... 99

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

2.4. Verantwoordelike vernuwing ........ 99
3. Eksperimentele model ........ 100
3.1. "Tienertyd" ........ 100
3.2. Gespreksgroep vir ouers ........ 100
3.3. Groter ouerbetrokkenheid ........ 101
3.4. Verantwoordelikheid vir eredienste ........ 101
3.5. Jeugraad ........ 101
3.6. Musiekbediening ........ 101
4. Ten slotte ........ 102
Bibliografie ........ 103

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# Inleiding

## Hoekom die navorsing?

‘n Jaar nadat ek beroep is as jeugleraar in die NG Gemeente Waverley het ek besef dat die behoeftes van die tieners nie aangespreek word nie. Die koffiekroeë en ander byeenkomste wat spesiaal vir die tieners gereël is, is swak bygewoon. Die eredienste in die oggend en die aand is deur baie min tieners bygewoon. Die getalle van die kategeseklasse het afgeneem. In my het ‘n groeiende wete posgevat dat ek nie die behoeftes van hierdie groep jongmense ken, aan wie ek die Evangelie van Jesus Christus moet verkondig nie. Hulle leefwêreld is totaal anders as myne of die een waarin ek groot geword het.

So het ek besluit om navorsing te begin doen. Na verskeie gesprekke met van die volwassenes wat by die tienerbediening in die gemeente betrokke is, het ek nie veel wys geword nie. Elkeen het sy/haar eie idee gehad van wat gedoen behoort te word. Plek-plek kon ek ‘n groot stuk nostalgie by hulle hoor, iets van: “Dit is hoe ons dit in die KJA gedoen het en dit het gewerk. Daarom is dit die manier waarop die dinge hier gedoen behoort te word.” In my omgang met die tieners het ek besef dat dit wat tans in die gemeente gedoen word, hulle nie aanspreek nie.

Die NG Gemeente Waverley was ook vir die afgelope 3 jaar deel van die familiegemeente-projek wat BUTON in samewerking met die AJK (Algemene Jeugkommissie) van die NG Kerk en die Hugenote Kollege gedoen het. Die familiegemeente-projek het oor drie jaar gestrek in Gauteng en die Wes- en Suid-Kaap. Die projek se kapasiteit is gebou deur 22 deelnemende gemeentes wat by mekaar geleer het hoe om familie as ‘n perspektief op hul totale bediening en funksionering toe te pas. ‘n Familiegemeente streef daarna om die hele gemeente se denkwyse oor bediening rondom die familie en gesin as eenheid te ontwerp.

Gedurende die tyd het ek leraars gekontak in gemeentes waar dit “goed” gaan met die tienerbediening en daaruit is baie geleer. Dit was ook duidelik dat ons gemeente uniek is en dat ‘n mens nie dit wat in ‘n ander gemeente “werk” netso as bloudruk vir die NG Gemeente Waverley kan gebruik nie. Daarom sal ek, as deel van my navorsing, met van

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

hierdie leraars wat ‘n model gebruik wat lyk of dit (met ‘n paar wysigings) in die NG Gemeente Waverley gebruik sal kan word,
half-gestruktureerde onderhoude voer.

In my gesprekke met van die tieners het ek op ‘n stadium besef dat ek besig is om met baie mense te praat, maar myself die vraag afgevra of dit die regte mense is! Om werklik die tieners van die gemeente se behoeftes te verstaan MOET ek met hulle persoonlik in gesprek tree en nie net oor hulle praat nie. Dit was ook nodig om te weet of die ander tieners in die gemeente dieselfde voel as die groepie met wie ek al ‘n goeie verhouding opgebou het.

Uit dit alles blyk dat daar ‘n probleem is by die tieners rondom hul ervaring van die erediens en die kategese.

**Probleemstelling**

**Die probleem wat ervaar is, kan soos volg geformuleer word: Die tieners van die NG Gemeente Waverley word nie deur die eredienste en/of die kategese aangespreek nie.**

Daarom is die **doel** van hierdie studie om die leefwêreld van die tieners beter te verstaan, ‘n behoeftebepaling onder die tieners van die gemeente te doen en daarna met moontlike voorstelle te kom om aanpassings te maak in die bedieningstyl, sodat die behoeftes van die tieners meer aangespreek kan word. Een van die moontlikhede waarna gekyk word, is om die erediens in die aand en die senior kategese by Cunninghamlaan te kombineer.

Die **metode** is soos volg: In die eerste plek sal ‘n literatuurstudie gedoen word om meer vertroud te raak met die leefwêreld van die tieners. Vervolgens sal daar gekyk word na die erediens en ‘n literatuurstudie daaroor gedoen word. Daarna sal onderhoude met die predikante van die NG Gemeente Suidoos-Pretoria gevoer word om iets meer te wete te kom van die model wat hulle gebruik. Dan sal die half-gestruktureerde onderhoude met die tieners volg, om vas te stel wat hulle behoeftes is met spesifieke verwysing na die eredienste. Hier sal gepoog word om meer inligting in te win oor die volgende: musiek, prediking, visuele hulpmiddels, taalgebruik, deelname, ens. Daarna sal voorstelle gemaak word om die bedieningsbehoeftes van die tieners meer aan te spreek.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

In hierdie verhandeling sal die hoofstukke soos volg uiteengesit word:

Hoofstuk 1: Die leefwêreld van die tieners

Hoofstuk 2: Die tiener in die gemeente

Hoofstuk 3: Empiriese ondersoek

Hoofstuk 4: Moontlike riglyne vir die toekoms

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# Hoofstuk 1

## Die leefwêreld van die tieners

### 1. Hoe lyk die leefwêreld van die tieners?

Ten einde die blye boodskap van die Evangelie by die tieners te laat tuiskom, moet 'n prediker 'n goeie idee hê van hoe hul leefwêreld daar uitsien. Anders kan die prediking maklik afgeskryf word as irrelevant en kan daar nie 'n ontsluiting van die boodskap van die preekteks in die taal en situasie van die hoorders plaasvind nie (Van Wyk 2002:5-6; Pieterse 1985:15).

Om die leefwêreld van die tieners te verstaan, is dit noodsaaklik om te kyk na die lewensfase waarin hulle is. Wat is die kenmerke van hierdie lewensfase? Na watter ouderdomsgroep word verwys as ons van "tieners" praat? Watter veranderinge en ontwikkeling beleef die tieners? Hier behoort ten minste aandag gegee te word aan veranderinge op 'n fisiologiese, kognitiewe en psigososiale vlak.

In die eerste plek is dit nodig om die woord "tiener" te definieer en die groep waarna verwys word op 'n manier te probeer begrens. Hierdeur word verseker dat dieselfde begrip gedeel word wanneer daar na "tiener" of "adolessent" verwys word.

### 2. Definisie van adolessensie

Wanneer is ons nie meer kinders nie? Wanneer is ons volwasse? Tieners vra dikwels hierdie vrae, want hulle is vasgevang tussen die wêrelde van die kind en die volwassene. Hierdie grense is nie duidelik afgebaken nie en die tydperk van oorgang staan in die ontwikkelingspsigologie bekend as die stadium van adolessensie (Louw 1982:213).

Volgens die Psigologiewoordeboek (Gouws e.a. 1979:5) word die volgende definisie vir adolessensie gegee: Dit is die ontwikkelingstadium wat strek van puberteit tot die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

bereiking van volwassenheid. Hierby voeg Louw (1982:213) "die stadium waarin fisiese ontwikkeling skielik versnel en sekondêre geslagskenmerke begin ontwikkel en die bereiking van fisiese, psigiese en emosionele rypheid." Adolessensie is dan die tyd tussen biologiese volwassenheid en sosiale volwassenheid (Nel 2001b:32).

## 3. Ouderdom van die adolessent

Adolessensie is aanvanklik gesien as kinders tussen die ouderdom van 12 en 13, wanneer hulle hoërskool toe is. Die Psigologiewoordeboek (Gouws e.a. 1979:5) beskryf die ouderdom soos volg: "ongeveer 12 tot 21 jaar vir dogters en 13 tot 22 vir seuns". Volgens Miller Newton (1995:3) is die tendens nou al hoe meer dat kinders deur ouers gedruk word om vroeër groot te word. So word 'n dogter van 10-11 jaar aangemoedig om te begin grimeer en adolessent-klere te dra. Navorsers bevind dat puberteit by seuns en dogters een tot twee jaar vroeër plaasvind as 'n halfeeu gelede. Bogenoemde veroorsaak dat adolessensie verleng word met 'n jaar of twee en dit veroorsaak dat die worsteling om te wag vir volwasse status meer intens word.

Saam hiermee word die boonste grens ook verskuif, as gevolg van die ekonomie en die arbeidsmark. Newton (1995:3) beweer dat dit in die twintigerjare inskuif, soms selfs tot 'n ouderdom van 22 of 24. Dit vind plaas as gevolg van die toename in die hoë verwagtinge ten opsigte van kennis en vaardighede wat die arbeidsmark het. Dit veroorsaak dat baie jongmense in hul twintigerjare steeds besig is om te studeer en afhanklik is van die familie vir finansiële steun. Hierdie tendens dra verder by tot die frustrasie van jongmense in verband met hul status as volwassenes.

In die lig hiervan sou 'n mens kon sê dat die ouderdom van die tieners kan wissel tussen 10 en 24 jaar.

## 4. Ontwikkelingsteorieë wat lig kan werp op die lewensfase van die adolessent

Daar is verskeie teorieë wat probeer om die ontwikkeling van die adolessent te verhelder. Elk van hierdie stroom van ontwikkelingsteorieë dek 'n ander aspek van die tiener se

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

ontwikkeling en werp dus lig op die lewensfase waarin die adolessent verkeer. Daarom word daar vervolgens kortliks na van hierdie teorieë gekyk en enkele belangrike stellings daaruit aangehaal. Sodoende vind begripsdeling plaas wanneer daar later na hierdie teorieë verwys word.

Daar is ‘n magdom verskillende maniere waarop hierdie teorieë ingedeel kan word. Vir die doel van hierdie studie is besluit om die indeling van Newton (1995:11-20) te gebruik as riglyn. Hy verdeel die ontwikkelingsteorieë in sewe groepe, naamlik:

- Biologies
- Psigodinamies
- Kultureel
- Interpersoonlik
- Ontwikkeling
- Kognitief
- Sosiale Leer

**4.1. Biologiese teorie**

Stanley Hall se teorie is sterk beïnvloed deur die werk van Charles Darwin. Hall glo dat die ontwikkeling van die individu ‘n spieël is van die ontwikkeling van die spesies deur die evolusie fases. Die suigeling (van geboorte tot 4 jaar) reflekteer die dierlike fase van die menslike ontwikkeling wat fokus op loop en die sensomotoriese vaardighede wat nodig is vir oorlewing. Die kinderfase (4-8 jaar) verteenwoordig die jag- en visvangfase van die menslike ontwikkeling. Dit sien hy in die verskillende kinderspeletjies. Die jongfase (8-12 jaar) reflekteer vir Hall die barbaarse fase waarin noodsaaklike gedrag vir oorlewing nage-aap word. Die adolessent (13 tot middel twintigs) korrespondeer goed met die vinnig veranderende periode van die primitiewe jagter na die stedelike industriële kultuur van die moderne samelewing. Hall glo dat die biologiese ontwikkeling ‘n direkte invloed op die menslike gedrag het wat nie so sterk deur die omgewing en sosiale struktuur beïnvloed word nie. Vir hom is adolessensie ‘n tyd van “storm en drang” wat goed vergelyk word met die groot evolusionêre veranderinge waardeur die mens gegaan het tot en met die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

moderne wêreld. "Storm en drang" is die gevolg van die vinnige groei en verandering in die lewe van die adolessent.

David Ausubel, 'n ander biologies-gebaseerde teoretikus, fokus op twee groot veranderinge. Die een is die biologiese verandering in die voortplantingsisteem wat die verhoging in die seksdrang behels. Dit het dan weer 'n invloed op die seksuele belangstelling, verhoudings en aktiwiteite van die adolessent. Die tweede verandering is die fisiologiese verandering van die kind tot volwassenheid sodat die persoon as volwassene kan optree in die samelewing, onafhanklik van die familie. Ausubel neem die kulturele invloede meer in ag as wat Hall gedoen het, maar bly steeds fokus op die biologiese groei van die adolessent.

### 4.2. Psigodinamiese teorie

Hierdie groep teorieë hou nou verband met die biologiese ontwikkeling. Sigmund Freud beskryf die mens se ontwikkeling aan die hand van die ontwikkeling van die seksdrang en die individu se hantering hiervan in die lig van die reëls van die samelewing (Louw 1982:104-105). Die orale fase dek omtrent die eerste lewensjaar van die mens. In die tyd is die mond die belangrikste bron van seksuele energie. Die baba suig om sy honger te stil, maar daar kom ook 'n seksuele element by wanneer hy vir die plesier suig. Mettertyd begin die uitskeidingsfunksie die kind al hoe meer plesier verskaf. Dit is die anale fase. In die falliese stadium (3-5 jaar) is die geslagsdele die hoofbron van seksuele energie en die kind put seksuele genot uit die manipulasie daarvan. Die suksesvolle afhandeling van die Oedipuskompleks lei tot die latente fase waar die seksdrang onderdruk word. Seuns en meisies lê hulle daarop toe om onderskeie geslagsrolle aan te leer, veral deur die nabootsing van die ouers. Met puberteit word die genitale fase betree. Hier word gekonsentreer op die geslagsorgane wat nou in diens van die voortplantingsfunksie is.

Peter Blos beskou adolessensie as 'n tweede periode van individualisering vanaf die familie. Hier vind weer 'n herhaling van die Oedipuskonflik plaas, maar nou breek dit deur die onderdrukkende grense van die eerste konflik. 'n Gesonde manier om die een op te los, is om die seksuele impuls weg van die familie te stuur na individue wat in staat is om intimiteit en toepaslike volwasse seksuele verhoudings, te hanteer. Blos beweeg effens

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

weg van die klassieke Freudiaanse teorie en beklemtoon ook die sosiale en kulturele dimensies in die ontwikkeling van die adolessent.

### 4.3. Kulturele teorie

Margaret Mead het navorsing gedoen in Samoa op 'n groep vroulike adolessente. Haar bevindinge was dat hulle oorgang van kindwees na volwassenheid redelik maklik en sonder seksuele konflik verloop het. Latere antropoloë het Mead se werk bevraagteken want hulle beweer dat sy in 'n Amerikaanse militêre basis gewoon het en deur middel van tolke haar navorsing gedoen het. Die inligting was waarskynlik nie eerlik nie en die respondente het waarskynlik net hul beste voet voorgesit (Newton 1995:15).

Margaret Mead is heel moontlik in moderne sosiologie die eerste persoon wat met die teorie van die verskillende generasies vorendag gekom het (Codrington & Grant-Marshall 2004:14). Sy was 'n sosioloog, 'n antropoloog en ook 'n onderwyseres. Sy het die grootste deel van haar lewe gewy aan die navorsing oor inheemse stamme in Nieu-Guinee, omdat sy so gefassineer was deur die wyse waarop hul geleef het en die verandering wat plaasgevind het toe hierdie stamme met die "beskawing" in aanraking gekom het. Haar navorsing het oor ongeveer vyf dekades gestrek. Alhoewel daar mense is wat haar werk bevraagteken het, identifiseer sy drie kulture of generasies in Nieu-Guinee se mense gedurende haar navorsing.

Die eerste generasie verwys na die grootouers. Hierdie generasie was seker dat hul verlede soos die toekoms van hul kinders sal lyk. Kinders sal op dieselfde manier groot gemaak word as hulle, toe hulle kinders was.

Die tweede generasie of kultuur sou seker wees dat ou en jongmense wat naastenby dieselfde was van die nuwe generasie sou verskil. In hierdie generasie is die ouergroep steeds dominant in die sin dat hulle die lewenstyl en grense sal bepaal.

Die derde generasie wat Mead bestudeer het, was die van jongmense wat die leiding neem en wie se gedrag, houding en waardesisteem totaal verskil van die van enige van hul voorgeslagte (Codrington & Grant-Marshall 2004:14 -15).

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

### 4.4. Interpersoonlike teorie

Harry Stack Sullivan beskou homself as deel van die psigodinamiese skool, maar hy het ‘n teorie ontwikkel wat redelik van hulle verskil. Hy beskou angs en die verligting daarvan as die sentrale ontwikkelingsproses. Die baba en kind leer om angs te verminder deur die interpersoonlike interaksie met die ouers en spesifiek die moeder. Interaksie met ander kinders by die skool stimuleer groei in terme van die akkommodasie en tegemoetkoming.

Intimiteit word aanvanklik geleer deur ‘n goeie vriend van dieselfde geslag. Namate die adolessent se seksuele drang ontwikkel verander die behoefte na intimiteit met die teenoorgestelde geslag. Hierdie worsteling met intimiteit en begeerte duur voort totdat dit uiteindelik bevredig word in ‘n intieme volwasse verhouding. Sullivan sien die dinamika van interpersoonlike verhoudings as die middelpunt van ontwikkeling, insluitend adolessensie (Newton 1995:15).

### 4.5. Ontwikkelingsteorie

Erik Erikson beskryf die ontwikkeling van die mens aan die hand van agt stadiums, waarvan elkeen gekenmerk word deur ‘n krisis. Dit is ‘n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Dieselfde krisis kan deur die lewensloop van ‘n individu weer voorkom en sodoende kan verbeterings aangebring word waar dit voorheen dalk onsuksesvol hanteer is. ‘n Krisis wat in een stadium suksesvol opgelos is, vergemaklik die hantering van die daaropvolgende krisis. Die agt fases (krisisse)is soos volg:

- Basiese vertroue teenoor wantroue (Hoop)
- Outonomie teenoor twyfel en skaamte (Wilskrag)
- Inisiatief teenoor skuld (Doelgerigtheid)
- Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (Bekwaamheid)
- Identiteit teenoor identiteitsverwarring (Betroubaarheid)
- Intimiteit teenoor isolasie (Liefde)

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

- Kreatiewe uitreiking teenoor stagnasie (Sorgsaamheid)
- Integriteit teenoor wanhoop (Wysheid)

Erikson verwerf veral bekendheid vir sy werk oor die identiteitskrisis tydens adolessensie. Dit is die adolessent se taak om 'n gevoel van identiteitsdiffusie te oorkom (Newton 1995:17).

Nel (2001a:24) meen dat met hierdie identiteitsvorming, Erikson bedoel die vorming van 'n bewussyn van dieselfde te wees, 'n eenheid van persoonlikheid te ervaar wat deur ander oor tyd heen as kenmerkend van die individu waargeneem word. Gedurende die tyd is daar gelyk 'n individualiserings- en sosialiseringsproses aan die gang.

**4.6. Kognitiewe teorie**

Jean Piaget beskou die mens se intellektuele of kognitiewe funksionering as 'n wyse van interaksie met die omgewing wat 'n belangrike oorlewingsfunksie verrig.

Hy verdeel die kognitiewe ontwikkeling in vier periodes, naamlik:
- die sensomotoriese periode (geboorte tot ongeveer 2 jaar)
- die pre-operasionele periode (2 – 7 jaar)
- die periode van konkrete operasies (7 – 11 jaar)
- die formeel-operasionele periode (vanaf 11 jaar).

Die verloop van hierdie ontwikkeling word hoofsaaklik bepaal deur biologiese ryping (Meyer o.a. :50).

Een van die gebiede wat Piaget bestudeer het, was morele ontwikkeling of die ontwikkeling van waardes. Lawrence Kohlberg sit hierdie werk van Piaget voort met sy konsep van die fases van morele ontwikkeling (Newton 1995:18).

Hy meen dat daar drie vlakke van morele ontwikkeling is wat elk uit twee stadiums bestaan. Fase 1 verteenwoordig altyd die premorele of prekonvensionele fase van morele redenering. Dit is die benadering van 'n kind wat gedrag verstaan as "goed" of "sleg" of

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

"gehoorsaam" of "ongehoorsaam". Die eerste vlak hiervan sou omskryf kon word as "gehoorsaamheid en straf- georiënteerde" fase. Vlak 2 behels "instrumentele relativisme oriëntasies". In die fase leer die kind om te onderskei tussen fisiese skade ("damage") en psigososiale bedoeling (intensie).

Fase 2 verteenwoordig konvensionele moraliteit wat die aanvaarding van die bestaande sosiale orde behels sowel as die reg van andere. Die eerste vlak hier is die interpersoonlike oriëntasie waar die individu optree op maniere wat ander help of plesier. Dit wat die vriende en portuurgroep aanvaar, is goed. Die tweede vlak is die oriëntasie teenoor outoriteit en plig. Dit wat met bestaande wette, gewoontes en outoriteite ooreenkom, is goed.

Fase 3 is die postkonvensionele moraliteit of outonome vlak van morele besluitneming wat self-gekose morele beginsels behels. Die eerste vlak hier is sosiale kontak oriëntasie. Hier is dit goed om te konformeer sodat verskille besleg kan word in die gemeenskap. Die tweede vlak word 'n universele etiese beginsel oriëntasie genoem. Hier is dit wat ooreenkom met die persoonlike en algemene morele beginsels, aanvaarbaar (Seifert & Hoffnung 1987:524).

### 4.7. Sosiale Leerteorie

Daar is ook 'n aantal sosiale leerteorieë ontwikkel. Robert Selman het 'n teorie ontwikkel rondom die sosiale rolle. Dit sluit die aanleer van volwasse identiteit in deur eksperimentering met rolle in verskillende verhoudings en sosiale omgewings, bv. die skool, sport, familie en maats.

David Elkind se konsep is dat 'n adolessent beweeg van 'n egosentriese na 'n sosiosentriese benadering in sy ontwikkeling (Newton 1995:20).

Vanuit die verskillende teorieë waarna kortliks verwys is, is dit duidelik dat daar veranderinge op verskillende vlakke in die lewe van die tiener plaasvind. Vervolgens sal daar meer in diepte na van hierdie veranderinge gekyk word.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

**5. Verskeie veranderinge vind in die lewensfase van die tiener plaas**

In die gemeenskap word adolessensie gekenmerk as 'n tydperk waarin dramatiese fisiologiese, kognitiewe (Seifert & Hoffnung 1987:591) en psigologiese veranderinge intree en nuwe uitdagings aan die mens gestel word. Hierdie uitdagings staan ook bekend as ontwikkelingstake en Havinghurst (Louw 1982:214) onderskei 8 daarvan:

- Ontwikkeling van nuwe en meer volwasse verhoudings met lede van beide geslagte.
- Aanvaarding van fisiologiese veranderings wat plaasvind.
- Aanleer van sosiaal verantwoordelike gedrag.
- Ontwikkeling en bereiking van emosionele onafhanklikheid van die ouers.
- Voorbereiding vir 'n beroep.
- Voorbereiding vir 'n huwelik.
- Ontwikkeling en verwerwing van 'n eie waarde en etiese stelsel wat as riglyn vir gedrag kan dien.

Normale ontwikkeling en suksesvolle voltooiing van hierdie ontwikkelingstake hou verband met die geluk en sukses waarmee volwassenheid betree word.

Saam hiermee moet ons ook in gedagte hou dat die algemene verwagtinge wat aan die adolessent gestel word ook verander soos hierdie groei na volwassenheid vorder. Dit word van hulle verwag om emosioneel meer outonoom te begin optree, meer verantwoordelikheid te aanvaar en met groter vryheid besluite te neem (Crockett & Crouter 1995:1). Hierdie vryheid bring ook risiko's mee. Crockett en Crouter (1995:2) meen ook dat risiko's vermeerder, omdat die adolessente blootgestel word aan potensieel meer gevaarlike gedrag terwyl leiding in die vorm van konstante gedragsnormes baie verminder het. Ten spyte van al die struikelblokke neem baie adolessente wyse besluite. Daar is egter ook ander wat verkeerde keuses maak. Dit lê dan duidelike grense neer ten opsigte van hul geleenthede vir die toekoms.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Die veranderinge wat plaasvind in die lewe van die tieners sal aan die hand van die volgende hoofindelings van naderby bekyk word:

- Fisiologies
- Kognitief
- Psigososiaal.

### 5.1. Fisiologies

Adolessensie begin wanneer die kind se liggaam fisiologies begin verander en ooreenkomste met die volwasse liggaam begin toon. Dramatiese verandering vind byna in elke liggaamsdeel plaas. Die ontwikkeling is verskillend by seuns en meisies.

Vir meisies is die ontwikkeling van haar borste gewoonlik die eerste sigbare teken van puberteit. Sy begin ook skielik langer word en toon ‘n gewigstoename. Teen die ouderdom van 15-16 jaar het die gemiddelde meisie ongeveer 98% van haar lengte as volwassene bereik. Saam hiermee vind ook die verbreding van haar heupe plaas en die verskyning van hare op die skaamdele. Tussen die ouderdom van ongeveer 11 en 14 begin ‘n meisie die eerste keer menstrueer.

Die eerste tekens van puberteit by seuns gaan gepaard met die versnelling van die groeitempo van hul geslagsorgane. Hulle ervaar ook ‘n versnelling in die groeitempo van die hele liggaam. Gedurende die tydperk breek die seun se stem, kry hy baard en begin die hare op die skaamdele groei.

Hierdie veranderinge word veroorsaak deur die afskeiding van hormone wat gestimuleer word deur die werking van die pituïtêre klier. Dit word die sekondêre geslagskenmerke genoem en is verantwoordelik vir die fisieke verskil in voorkoms tussen mans en vrouens. Teen die einde van puberteit is die ontwikkeling van die kenmerke voltooi (Louw 1982:215).

Naas die ontwikkeling van die sekondêre geslagskenmerke vind die ontwikkeling van die primêre geslagskenmerke ook plaas. Dit hou verband met die ontwikkeling van

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

geslagtelike rypheid en impliseer hormonale afskeiding wat dan behels die ontwikkeling van ‘n menstruasiesiklus by die meisies en die produksie van sperms by seuns. Hierdie ontwikkeling vestig dus die vermoë by die individu om te kan voortplant en gee ‘n ander dimensie aan die bestaan van die adolessent (Louw 1982:216).

Hierdie ontwikkeling het ‘n belangrike invloed op die ontwikkeling van die adolessent se selfbeeld. ‘n Warboel emosies word beleef. Hulle is dikwels selfbewus en verveeld en ervaar ambivalente gevoelens wat hul self nie kan verstaan nie.

### 5.2. Kognitief

#### 5.2.1. Identiteit

Adolessensie is die tydperk wanneer die kind die verantwoordelikheid van die volwassene moet begin aanvaar. Elke individu moet bepaal wie hy is en wat hy in die toekoms wil wees. Volgens Erik Erikson se ontwikkelingsteorie is die ontwikkeling van identiteit die hooftaak van die kind gedurende adolessensie (Louw 1982:216).

Die adolessent is hoofsaaklik besig om ‘n antwoord te soek op die vraag: “Wie is ek?” Erikson meen dat ‘n bevredigende antwoord op die vraag ‘n voorvereiste is vir die ontwikkeling van emosionele volwassenheid. Die antwoord op die vraag is egter baie kompleks. Om ‘n bevredigende antwoord hierop te verskaf, moet die adolessent die fisiologiese veranderings wat by hom plaasvind verstaan; hy moet sy eksterne omgewing definieer asook sy eie rol binne daardie omgewing. Adolessente moet ook hul eie persoonlike standpunte ten opsigte van die waardes van die gemeenskap formuleer. Dit bring noodwendig die aanvaarding van verantwoordelikheid vir sy eie gedrag mee (Louw 1982:216).

Gelyktydig met die formulering van sy eie waardesisteem definieer hy gewoonlik ook sy eie rol in die omgewing. Die omgewing van die adolessent is vol konflikterende en teenoorgestelde moontlikhede. Die adolessent moet keuses maak. Innerlik is hy onseker

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

oor wie hy is, wat hy wil wees en watter indruk hy op ander wil maak. Hy is ook onseker of hy hierdie belangrike besluite kan maak. Erikson meen dat die oplossing vir die vrae lê in die verwerwing van 'n eie identiteit.

Die ontwikkeling van 'n positiewe eie identiteit gedurende adolessensie lei tot 'n stabiele volwasse persoonlikheid, terwyl onbevredigende antwoorde op die vraag: "Wie is ek?" kan lei tot aanpassingsprobleme in die latere lewe (Louw 1982:217).

Vir 'n adolessent om sy eie identiteit te verwerf het die verhouding met sy ouers seker die grootste invloed in hierdie ontwikkelingsproses. Wanneer die interaksie tussen ouers en adolessent positief en fasiliterend is, lei dit gewoonlik tot 'n positiewe identiteit. Erikson meen dat die agtergrond van liefde en respek noodsaaklik is vir die verwerwing van 'n positiewe identiteit en selfbeeld (Louw 1982:217).

Die adolessent se portuurgroep speel ook 'n belangrike rol by die verwerwing van 'n eie identiteit. In 'n tyd van moeilike besluite en keuses wat gemaak moet word, is die portuurgroep se ondersteuning gewoonlik baie belangrik. Die rol van die portuurgroep word nog belangriker as die ouers hom nie meer verstaan nie of wanneer hy probeer om meer onafhanklik van sy ouers te word.

### 5.2.2. Moraliteit

Die antwoord op die vraag: "Wie is ek?" word verder beïnvloed deur die adolessent se kognitiewe ontwikkeling van formele en sy morele denke gedurende die ontwikkelingstadium. Saam hiermee kom ook die vraag na die sin van die lewe. In sy soeke na antwoorde soek die adolessent algemeen geldende reëls en lei dit dikwels tot introspeksie. Om hierdie rede hou adolessente dikwels dagboeke aan waarin hulle hul eie ervarings formuleer. Waar die kind gewoonlik die standpunt van die ouers en familie aanvaar sonder om dit te bevraagteken, begin die adolessent vrae vra oor hoekom goed op 'n bepaalde manier gedoen word. Hierdie vrae kan onderwerpe insluit oor morele waardes, die bestaan van God, die godsdiensbeoefening van die gesin en die dood. Die proses sal waarskynlik begin deurdat die adolessent hom sal onttrek van die gesin (Newton 1995:86).

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Op ‘n morele vlak sal die adolessent begin om die gesag van die ouers, skool en kerk te bevraagteken. Soos hy meer selfvertroue kry sal hy dit wat eintlik die fondamente vorm van sy geloof begin bevraagteken. Die proses sal groei soos meer intellektuele kennis ingewin word. Deur hierdie konflikgesprekke sal nuwe denkprosesse ontwikkel waarmee hy homself op ŉ ander wyse as sy ouers sal probeer definieer.

Hoewel dit ‘n gesonde ontwikkelingsfase vir die tieners is, is dit baie moeilik vir die ouers. Lawrence Kohlberg het hier groot werk gedoen met sy teorie rondom die ontwikkeling van morele en etiese waardes. Hy en van sy volgelinge het verskeie eksperimente gedoen waar groot morele probleme aan verskillende ouderdomsgroepe gegee is om te sien hoe hulle dit hanteer en ook om die hele proses van redenering te bestudeer. Volgens hom ontwikkel moraliteit en ‘n sosiaal verantwoordelike gedrag vanaf aanvanklik eenvoudige reaksies na aanleiding van stimuli wat plesier of pyn verskaf (Meyer & Salmon 1984:419).

Die mens se behoefte aan God bly sy diepste nood. Binne die Christelike geloof bely ons dat die mens se behoefte aan God ook sy hoogste vervulling is. Die teologie van ‘n persoon rig sy proses van personalisering. Die integrasie wat binne hierdie proses plaasvind, word gehelp deur die waardesisteem van die persoon. Hierdie sisteem word vir gelowiges deur geloof en liefde gevorm en ontwikkel. Terwyl die integrasieproses ingewikkeld is, speel die God-konsep en die self-konsep van die persoon ‘n bepalende rol in die vorming van die waardesisteem wat die ego help om te integreer. Binne hierdie integrasieproses is dit uiters belangrik om aanvaar te word en versorg te voel (Nel 2001a:26).

### 5.2.3. Seksualiteit

Ten opsigte van die ontwikkeling van seksualiteit is adolessensie ŉ tydperk wat gekenmerk word deur seksuele rypwording, die strewe na heteroseksuele kontak en die ontwikkeling van ŉ fisieke drang aan seksuele uitlewing. Die ontwikkeling van seksualiteit dra by tot die ontwikkeling van identiteit. Dit bring ŉ warboel emosies te weeg: van opgewondenheid tot bangheid, van plesier en pyn, van liefde en haat. Seksualiteit kom nou vir die eerste keer na vore. Seksuele gedrag en interaksie kry betekenis wanneer die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

adolessent begin dink aan sosiale aktiwiteite binne en buite skoolverband. Nou dat seksuele rypheid bereik is, stel die adolessent intens belang in seks. Enige inligting oor die onderwerp word bestudeer en in hul denkraamwerk opgeneem. Daar word ook dikwels met seks geëksperimenteer. Die tiener se houding teenoor lede van die teenoorgestelde geslag verander en daar is ŉ sterk behoefte aan goedkeuring. Die ontwikkeling van heteroseksuele verhoudings speel ŉ belangrike rol ten opsigte van die adolessent se ontspanning, sosialisering, die aanvaarding van gepaste geslagsrolle en die voorbereiding vir die keuse van ŉ lewensmaat (Louw 1982:219).

Deel van die ontwikkeling van seksuele volwassenheid is die ontwikkeling van seksuele identiteit. Dit begin waarskynlik al by die klein kindjie tydens interaksie met die ouer van dieselfde en teenoorgestelde geslag. Aanvanklik word met die ouer van dieselfde geslag geïdentifiseer. Die kind sal daardie ouer se gedrag navolg. Sodoende word ook geleer hoe daar opgetree moet word met persone van die teenoorgestelde geslag. Net voor adolessensie ontwikkel die kind gewoonlik ŉ intense verhouding met ŉ maat van dieselfde geslag. Dit help ook met die latere verhoudings met lede van die teenoorgestelde geslag, want hier word verhoudings- en kommunikasievaardighede aangeleer (Newton:1995:95).

### 5.2.4. Denkprosesse

Die adolessent begin nie net soos ‘n volwassene lyk nie, maar ook soos ŉ volwassene dink. Volgens Piaget begin die laaste fase van die kognitiewe ontwikkeling van die mens op ouderdom 11 tot 12 jaar. Dit is die fase van die formeel operasionele denke. Jonger kinders kan logies dink, maar net in terme van konkrete objekte. Tydens adolessensie ontwikkel die individu die vermoë om te dink aan die moontlikhede wat inherent aan die situasie is. Wanneer die adolessent met ‘n probleem gekonfronteer word, word dit eers ontleed. Daarna probeer hulle om hipoteses te ontwikkel omtrent ‘n moontlike oplossing vir die probleem. Die hipotese is gewoonlik kompleks van aard, omdat hulle alle moontlike kombinasies van gebeure in aanmerking probeer neem. Die adolessent eksperimenteer graag met die hipoteses wat gevorm is. Die eksperimente bevestig party hipoteses en verwerp ander. In hierdie stadium kan die resultate van eksperimente akkuraat waargeneem word deur die tieners en geldige afleidings gemaak word. Die adolessent redeneer dus hipoteties en deduktief (Louw 1982:220).

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Die denke stel die adolessent in staat om algemene reëls te formuleer wat in ‘n gegewe situasie getoets kan word. Die adolessent kan dus sistematies en wetenskaplik dink.

As gevolg van kognitiewe veranderings begin die adolessent nou ook meer belang stel in die gemeenskap as geheel. Hulle dink nie nou meer net aan hul eie denke en gevoelens nie, maar ook aan die denke van ander persone. Die vermoë om ander persone se denke te verreken ten opsigte van ‘n eie verwysingsraamwerk, vorm die basis van die adolessent se egosentriese denke. Aanvanklik is dit vir die adolessent moeilik om te onderskei tussen sy/haar eie denke en die van ander persone. Wanneer die adolessent die ouderdom van 15-16 jaar bereik verander die egosentriese denke na meer volwasse denke. Dit is nou meer buigbaar en ‘n groot mate van ewewig word bereik (Louw 1982:220).

### 5.3. Psigososiaal

#### 5.3.1. Ouers

Die soeke na identiteit beïnvloed al die adolessent se verhoudings. Noue bande met die ouers moet plek maak vir ‘n toenemende belangrike rol wat die portuurgroep begin speel. Die adolessent mag dit stresvol beleef om emosioneel en fisies meer van die ouers geskei te word en nader aan die vriende te beweeg (Seifert & Hoffnung 1987:685).

Gedurende adolessensie verlaat die tieners ook die huis en word meer onafhanklik. Die verskil in ondervindinge en belewenisse van die ouers en kinders word dan na verwys as die generasiegaping. Daar sal later meer ingegaan word op die verskillende generasies en die invloed daarvan op die tiener.

Seiffert & Hoffnung (1987:687) meen dat die ouer se eie onopgeloste identiteitskrisisse weer na die oppervlakte kan kom wanneer hul tieners daarmee worstel. Verder is die ouers bekommerd oor die tieners se eksperimentering met seks en soms selfs jaloers op hulle,

veral in die lig van ekonomiese voordele en geleenthede wat die kinders het, asook die vryheid wat hulle self nie as tieners beleef het nie. Dit is belangrik om te onthou dat 'n deel van die moeilikheid tussen ouers en tieners niks met die tieners te doen het nie, maar met die ouer se eie pynlike ontwikkelingsfase (Müller 2002:66).

Terwyl die kinders deur die adolessente fase beweeg, is die ouers dikwels in die middeljarefase. Hierdie fase word deur sommige as 'n tweede adolessensie beskryf. Die ouer gaan in hierdie tyd weer deur 'n stadium waarin hulle verward is en soek na identiteit. Dit is ook 'n tyd wat tieners ouers uitdaag om ou standpunte te heroorweeg en te ontwikkel in hul eie menswees. Müller (2002:67) is van mening dat as die ouers vasskop en weier om hulle te laat inlig en leer deur hul kinders, daar geweldige verset ontwikkel by hul kinders en dat die ouers hul "reg en voorreg verbeur om hulle kinders deur hierdie moeilike tyd te begelei".

Ouers van tieners word juis in hierdie tyd gekonfronteer met die verhale van hulle eie gesinne van oorsprong. Wanneer ouers voor moeilike keuses te staan kom en hul tiener hul ouerskap uitdaag, is dit asof die ouer se eie ervaring teruggeroep word. Dit kan ook gebeur dat sekere gedragspatrone net herhaal word. Dit is vir die ouers 'n groot uitdaging om op 'n volwasse wyse, nuwe maniere te vind om probleme op te los. 'n Ander faktor wat ongetwyfeld 'n bydrae maak tot hierdie uitdaging, is die verskillende wêrelde waarin die verskillende geslagte grootword of grootgeword het. Dit word later onder generasies verder bespreek.

Ouers en kinders stem dikwels saam oor sekere waardes. Hulle deel dieselfde gevoel oor wat reg en verkeerd is. So sal albei saamstem dat opleiding noodsaaklik is, hoewel die tiener dalk eerder in die regte sal wil studeer as om 'n ingenieur te word. Ouers en kinders verskil dikwels oor sake wat die tiener se huidige sosiale lewe en gedrag betref, soos: Hare, klere, vriende, musiek en deelname in die aktiwiteite van die kerngesin.

Daar is hoofsaaklik 4 dinge in die ouer-tiener verhouding wat 'n invloed het op die ontwikkeling van identiteit by die adolessent. Dit is die ouers se belangstelling en betrokkenheid, die emosionele intensiteit van die familie se interaksie, die graad en aard van die familie se lewenswyse en die aard van die ouers se gesag. Die mees suksesvolle adolessent ervarings is waar die belangstelling, betrokkenheid en intensiteit van interaksie,

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

gematig is. Dit is gewoonlik gesinne waar tieners hul sienings vrylik kan bespreek en aktief kan deelneem aan besluitneming. Demokratiese ouers moedig hul kinders gewoonlik aan om deel te wees van besluitneming, hoewel hulle die finale besluite neem (Seiffert & Hoffnung 1987:688). Die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en tiener het 'n groot invloed op die tiener se vorming van identiteit. Waar ouers die tiener help om hom-/haarself te sien as uniek, spesiaal, bekwaam, onafhanklik en in staat om die volwasse wêreld te betree, sal dit beslis 'n positiewe bydra maak tot die vorming van identiteit. Selfs in gevalle waar die tiener probleme mag ervaar om teenstrydighede in sy/haar identiteit te integreer, sal die bydrae steeds positief wees. Waar die ouers se eie beperkings hul weerhou om so positief oor die tieners te wees, word dit vir die tiener nog moeiliker gemaak om 'n geïntegreerde persoonlikheid te ontwikkel.

Die gesin het ook 'n geweldige invloed op die ontwikkeling van geloof. Die ouers speel 'n sleutelrol op die kind se geloofspad. Strommen & Hardel (2000:9) verwys daarna in hul boek "Passing on the faith". Hierdie boek handel grootliks daaroor om 'n vennootskap tussen ouers en kerke te bewerk waar dit primêr die ouer se verantwoordelikheid is om geloof by die kinders te ontwikkel. Hulle het ook navorsing gedoen waarin bevind is dat al hoe minder kerkgesinne se kinders werklik toegewy is aan die verlossingsboodskap van Jesus Christus (Strommen & Hardel 2000:14). In 'n poging om die vraag: "Hoekom dit gebeur?" te beantwoord, is hulle van mening dat dit nie meer in die ouerhuise gebeur nie. Ouers en kinders praat nie meer oor hul geloof nie en daar word in bitter min huise nog huisgodsdiens gehou.

Müller (2002:54) stem grootliks hiermee saam. Volgens hom is daar ouers wat te veel steun op die kerklike struktuur en sisteem vir die Christelike opvoeding van hul kinders. Hulle dink dat die programme wat die kerk/gemeente aanbied (jeugaktiwiteite en kategese) genoeg is om die kinders se geloof te vorm. Hy meen dat die kerk die afgelope dekades gefouteer het deur meer aandag aan sulke kerklike aktiwiteite te gee as aan die taak van die ouers. Nuwe navorsing bevestig nou die ou wysheid dat die gesin die grootste potensiaal het van alle instellings om die geestelike en morele lewe van kinders te vorm. Daarom is die beste voertuie vir die oordra van geloof na kinders eenvoudige gesinsrituele (soos Bybellees, bid en kerkgang), diensprojekte deur die gesin (waar die gesin betrokke raak by dienslewering in die gemeenskap of kerk) en betekenisvolle gesprekke met kinders in die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

huis. Uit die aard van die saak het 'n goeie vennootskap tussen gemeente en ouerhuis stabiele huwelike wat hou, nodig.

Strommen & Hardel (2000:15-16) meen dat die Bybel twee begeertes van God ten opsigte van families/gesinne uitspreek. In die eerste plek is verhoudings baie belangrik. Ongeag of dit 'n enkelouergesin is of albei ouers, daar moet 'n goeie verhouding tussen ouers en kinders wees. In die tweede plek is prioriteite baie belangrik. 'n Sterk lewensveranderende gesin moet nie net 'n goeie verhouding met mekaar hê nie, maar ook met God.

Die belangrikheid van die ouers in die geloofsvorming van die tiener kan nie genoeg beklemtoon word nie. In die volgende hoofstuk sal daar verdere aandag aan die aspek gegee word.

### 5.3.2. Vriende

Vriende is baie belangrik gedurende adolessensie. Vriende aanvaar tieners makliker as volwassenes en is nie voortdurend besig om gedrag te probeer korrigeer nie. Gevolglik beleef tieners by vriende begrip en aanvaarding. Hierdie waardering wat adolessente by vriende beleef help hulle om meer onafhanklik te raak van ouers en ander simbole van outoriteit (Seifert & Hoffnung 1987:694). Tieners wil verstaan word as unieke individue en dit is ook die manier waarop hulle na hul vriende kyk. 'n Ander belangrike faset van vriendskap vir hulle is: intimiteit, die gevoel van nabyheid. Intimiteit omvat drie belangrike aspekte, naamlik: self-openbaring, vertroue en eksklusiwiteit. 'n Vriend se bereidheid om van hom-/haarself te gee en empaties te wees vir die gevoelens van ander, is een van die sleutelaspekte van vriendskap vir 'n tiener. Dit wil voorkom of meisies makliker hul gevoelens uitspreek as seuns en meer geredelik emosionele ondersteuning sal neem as seuns. Verder meen Seifert & Hoffnung (1987:696) dat meisies gewoonlik net een of twee goeie vriende het as tieners, terwyl seuns meer vriende het, maar hulle het nie so 'n intieme verhouding nie.

Vir 'n tiener is die groep die sentrale bron van inligting rakende hom-/haarself en andere. Hulle gee hom/haar kritiese inligting oor wie hy/sy is, hoe hulle oorkom, hoe hulle behoort

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

te wees, ens. Dit gee ook vir hulle 'n basis om vergelykings te tref tussen hul eie aksies, houdings en gevoelens en die van ander. Dit is baie belangrik vir die tiener om gewild te wees en dit word dikwels verbind met 'n spesifieke groep. In die algemeen word tieners wat gewild is, omskryf as seuns en meisies wat van ander hou, wat buigsaam en simpatiek is, ander help om te voel dat hulle aanvaar word en ander betrek by die beplanning van uitstappies. Hulle het gewoonlik 'n goeie sin vir humor, neem inisiatief, is entoesiasties en het oulike idees (Seifert & Hoffnung 1987:698). Adolessente groepe gee die ruimte buite die familie vir die tiener om vrylik te eksperimenteer met verskillende identiteitsrolle.

**6. Moontlike probleme wat ondervind kan word**

Wanneer ons kyk na die enorme veranderinge wat in die ontwikkelingsfase van adolessensie plaasvind, besef 'n mens dat alles nie altyd seepglad kan verloop nie. Daar word ook soms probleme ervaar. Alle moontlikhede kan nie hier breedvoerig omskryf word nie, dit is nie die doel van die studie nie. Daar sal slegs gepoog word om te kyk na 'n paar probleme wat redelik algemeen voorkom en waarskynlik 'n invloed kan hê op die navorsing.

**6.1. Rolverwarring**

Die verwerwing van 'n eie identiteit is 'n baie belangrike keerpunt in die lewe van 'n mens. Hierna sal die ontwikkeling in een of ander rigting voortgaan. Een van die groot probleme in die ontwikkelingsfase van die adolessent is rolverwarring. Dit is wanneer 'n spesifieke rol van die adolessent verwag word en dit vir hom te moeilik of onmoontlik is om dit te bereik. 'n Mens sou ook kon sê dit is wanneer die tiener nie in staat is om relatief geïntegreerde en stabiele identiteit te ontwikkel vanuit verskillende gegewe vorms nie. Dit kan veroorsaak dat intimiteit en nabyheid vermy word.

Verder kan daar ook 'n verwarring rondom die tydsaspek wees, wat veroorsaak dat die tiener voel dat as iets verkeerds gedoen is, die geleentheid vir altyd verlore is. Daar kan ook gevoelens van depressie wees en dat die identiteitsverwarring nooit gaan ophou nie

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

(Seifert & Hoffnung 1987:682). Die keuse van 'n beroep is in die tyd baie belangrik. Rolverwerwing word dikwels met beroepskeuses geassosieer. So kan 'n leerder wat akademies swak presteer dalk 'n professionele beroep wil volg net om dan agter te kom dat sy akademiese prestasie hom nie toelaat om dit te doen nie. Dit kan dan aanleiding gee tot rolverwarring. Rolverwarring kan aanleiding gee tot ongewenste gedrag.

**6.2. Geslagsidentiteitsprobleme**

'n Verskeidenheid faktore beïnvloed die geslags- en seksuele oriëntasie van die mens. Wanneer die kind in sy vroeë lewensjare 'n afwesige ouer van dieselfde geslag het of die ouer die kind mishandel kan dit negatief inwerk op die proses. Verder kan 'n sterk, dominante en/of oorbeskermde ouer van die teenoorgestelde geslag die objek van identifikasie word eerder as van aantrekkingskrag. Baie adolessente met geslagsidentiteitsprobleme en oënskynlike homoseksuele neigings is as kinders seksueel gemolesteer (Newton 1995:104).

Geslagsverwarring kan by kinders, adolessente en volwassenes voorkom. Dit kan baie wissel. Vir sommiges kan dit die opstandigheid wees oor sekere klere of aktiwiteite wat net aan 'n spesifieke geslag gekoppel word. Die probleem los homself gewoonlik op wanneer die tiener duidelikheid kry oor sy identiteit. Soms kan geslagsverwarring egter lei na geslagsveranderingsoperasies. Newton (1995:106) skryf dat die tieners met wie hy gewerk het wat geslagsverwarring beleef, gewoonlik ernstig mishandel is in hul vroeë kinderjare.

**6.3. Te vroeg seksueel aktief**

Een van die tragedies van ons tyd is die feit dat tieners seksueel aktief raak voordat hulle intimiteit ontwikkel. Volgens Newton (1995:97) het 12% van seuns en 6% van dogters op ouderdom 13 die eerste keer seksuele omgang. Seks word nie net tot een maat beperk nie, maar daar word dikwels gevind dat hulle geslagsgemeenskap het met verskillende maats in 'n kort tydjie. Die gevolg hiervan is die besmetting met seksueel oordraagbare siektes en dat hulle later sukkel om intieme verhoudings te ontwikkel.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Die gebrek aan duidelike volwasse identiteit maak baie tieners kwesbaar vir seksuele afhanklikheid. Die orgasme verteenwoordig iets van die self wat saamsmelt met ‘n ander persoon. Verder begin seksueel aktiewe tieners seks beskou as die doel en einde van die ondervinding. ‘n Meer volwasse adolessent sal seks as deel van ‘n groter betekenisvolle verhouding sien. Jongmense wat intimiteit deur seks probeer vind, ontwikkel dikwels probleemgedrag soos chemiese afhanklikheid (Newton 1995:98).

## 6.4. Tienerswangerskappe en aborsie

Die seksuele vryheid van tieners bring ook die probleem van tienerswangerskappe na vore. Die jongmeisies is gewoonlik nie getroud nie. Dit veroorsaak dat daar nie ‘n natuurlike ontwikkeling na volwassenheid kan wees nie. Daar is nie vriendskappe en afsprake wat die meisie kan voorberei op intimiteit en kindergeboorte nie. Dit veroorsaak verder ‘n groep volwassenes wat voortdurend ondersteuning nodig het, want die moeder kan nie die jong kind behoorlik versorg nie (Newton 1995:100).

Die swanger tiener kan ook besluit om ‘n aborsie te ondergaan wat opsigself weer ander probleme veroorsaak. Onmiddellik na die aborsie ervaar die meisie ‘n gevoel van verligting. Postaborsie spanning kan ontwikkel as die tiener nie begelei word deur die gevoel van verlies wat sy moet verwerk nie. Dit sal beteken dat sy verdedigingsmeganismes begin ontwikkel om haar te help om hierdie gevoelens van pyn, skuld, skande, woede en leed te voorkom. Hierdie verdedigingsmeganismes kan keer dat die genesingsproses vorder.

## 6.5. Seksuele molestering en verkragting

Seksuele molestering is ‘n realiteit en dit veroorsaak ‘n reeks van probleme in die lewe van die tiener. In die Pretoria News van 7 Desember 2004 het een van die artikels op die voorblad die opskrif: “43 children raped per day”. Volgens hierdie artikel beteken dit dat daar vanaf April die vorige jaar tot Maart 2004, 15 857 sake van verkragting aangemeld is van kinders jonger as 18 jaar. (Verkragting is dikwels ook deel van die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

molesteringsproses.) Hierdie syfers is skokkend en die invloed wat dit op jong lewens het, onmeetbaar.

Hansen (1991:1) skryf dat wanneer ‘n molesteerder ‘n kind molesteer, is daardie kind ‘n slagoffer in elke sin van die woord. Hierdie kind het nooit die gevoel gehad dat hy/sy “nee” kan sê nie. Sy/hy beleef baie emosionele trauma. Dit kan selfs so ver gaan dat die tiener kan glo dat hy/sy verdien het om gemolesteer of verkrag te word. Verder beleef die gemolesteerde ook rolverwarring. Sy/Haar kind-wees is van hom/haar weggeskeur en dit is vervang met die laste van ‘n volwassene. Dit word vererger deurdat die kind se grense en reg op privaatheid voortdurend geskend word (Allender 1990:94). In baie ernstige gevalle van seksuele molestering kan die persoon alternatiewe persoonlikhede ontwikkel in ‘n poging om die ervaring te oorleef (“multiple personality disorder”). Hierdeur beleef die gemolesteerde dat die molestering met iemand anders gebeur, iemand wat weggesteek word van sy/haar bewuste bestaan (Hansen:1991:2).

In ‘n poging vir die gemolesteerde om op ‘n manier voort te gaan met die lewe kan verskeie gedragspatrone gevolg word. Indien die tiener in ‘n vaste verhouding is, kan die verhouding om die een of ander rede beëindig word. Verder kan hy/sy in ‘n reeks korttermyn verhoudings betrokke raak, sodat hy/sy nie bang hoef te voel nie, want dit ontwikkel nie in werklike intieme verhoudings nie. Sy/hy mag selfs in seksuele verhoudings met verskeie maats betrokke raak. Die gemolesteerde kan ook eetversteurings hê, soos anoreksie en bulimie. Volgens Hansen (1991:27) dui resente navorsing daarop dat tot 90% van bulimielyers seksueel gemolesteer is as kinders.

Ontkenning kan die gemolesteerde ook lei tot psigosomatiese siektes. Die molestering word ontken en daarom kan daar nie emosionele pyn wees nie. Dit word dan psigosomaties en kan na vore kom in die vorm van spierspasmas, vaginale infeksie, lae rugpyn en hardlywigheid as die molestering genitaal was. Indien die molestering oraal van aard was sal siektes soos mondinfeksies, verkoues of asemhalingsprobleme ondervind word (Hansen 1990:28).

Gedurende die ontkenningsfase kan die tiener ook bekend staan as ‘n werkolis, omdat hy/sy so ontsettend hard werk. Sy/hy het gewoonlik ‘n baie swak selfbeeld en sal harder as enige ander persoon werk in ‘n poging om erkenning te kry as iemand wat van waarde is.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Ons leef in 'n wêreld waar harde werk gewoonlik beloon word. Die gemolesteerde sal hom-/haarself nie rus gun of 'n tyd om te ontspan en die lewe te geniet nie. Werk kan net so verslawend wees soos alkohol. Deur besig te bly is daar nie tyd vir gevoelens nie (Hansen 1990:29).

Allender (1990:115) maak die stelling dat molestering nie begin by seksuele kontak nie. Dit begin alreeds by 'n verskeidenheid simptome in die ouerhuis, soos emosionele verwaarlosing, rolverwarring, koudheid en rigiditeit. Voor die molestering word die gesin gekenmerk deur ongemak en 'n gevoel van leegheid. Dit wil dus voorkom of die huislike omstandighede die tiener of kind 'n sagte teiken maak, nie net vir molestering nie, maar selfs vir prostitusie.

Hierdie gedagte word onderskryf deur die hoofartikel van die Rapport (28 November 2004) waar superintendent André Neethling aangehaal word. Hy vertel dat tienermeisies wat by prostitusie betrokke raak, nie ontvoer word soos wat dikwels gemeen word nie. Volgens hom word "hulle meestal op subtiele wyse emosioneel afgetakel tot op die punt waar hulle gemanipuleer kan word met die oog op sekswerk. Hulle kry soms 'n gevoel van aanvaarding en liefde, noodsaaklike lewensbenodighede soos kos, beskerming en sekuriteit van koppelaars."

Waar kinderprostitusie aanvanklik agter geslote deure gedoen is, meestal in hotelkamers en agentskappe, werk hulle vandag openlik op straat. Mnr. Luke Lambrecht van die "Teddybear Clinic for Abused Children" in Johannesburg sê kokaïen het die gesig van prostitusie heeltemal verander. Volgens hom maak koppelaars die kinders verslaaf aan "rocks" (kokaïenkristalle) om hulle beter te beheer (Rapport, bl. 1). In dieselfde artikel word Me Anni Hesselink-Louw, 'n kriminoloog van Johannesburg aangehaal wat 'n ondersoek gedoen het na vroulike sekswerkers. Daarvolgens was 25% van alle prostitute in 2001 jonger as 18 jaar. Met die jongste klopjagte toon dit dat die syfer die afgelope tyd toegeneem het.

Iemand wat as kind gemolesteer is, kan 'n slagoffer persoonlikheid ontwikkel. Sy/hy mag beleef dat sy/hy magteloos is en geen beheer het oor wat in hul lewens gebeur nie. Dit kan voortgaan selfs al is die persoon later al 'n volwassene. Dit kan veroorsaak dat hy/sy kla, ander blameer en selfs in 'n depressie kan verval. Die lewe is gewoonlik baie pynvol vir

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

hom/haar. Op die een of ander manier lyk dit of die res van die wêreld dit ook agterkom en voordeel trek uit hierdie magteloosheid van hom/haar. Dit sal dan weer die gevoel dat hul slagoffers is, versterk. Hierdie gedrag sal waarskynlik in hul verhoudings uitgeleef word en dit kan gebeur dat die persoon in 'n bepaalde gedragspatroon verval (van herhaaldelik verlaat en bemin word) (Hansen 1991:2).

'n Meisie wat as kind gemolesteer is, het dikwels 'n swak selfbeeld. Sy kan haarself sien as swak, naïef, waardeloos, dom en selfs as 'n goedkoop straatmeisie. Die pyn van hierdie persoon kan ook deur narsistiese of grandiose gedrag na vore kom (Allender 1990:168).

In 'n intieme verhouding beleef die gemolesteerde paradoksale gevoelens. Dit is wat hul graag wil hê, tog is dit ook dikwels vreesaanjaend. Molestering het dikwels plaasgevind binne hierdie "intieme" situasie. Gewoonlik voel die gemolesteerde dan baie onveilig in 'n soortgelyke situasie. Wanneer dit gebeur, kan hul gewoonlik 'n baie sterk drang ontwikkel om weg te hardloop. Hulle mag ook voel dat indien hul sou bly, hul kan sterf (Hansen 1991:38).

Dit gebeur ook dikwels dat die gemolesteerde ontken dat sy/hy gemolesteer is. Ontkenning is 'n oorlewingsmeganisme. Dit begin gewoonlik alreeds in die kinderjare wanneer die molestering plaasvind totdat die persoon sterk genoeg is om die gebeure te hanteer. So gebeur dit dan dat 'n persoon in sy/haar dertigs, veertigs of vyftigs in 'n verhouding, getroud of ongetroud ontdek dat sy/hy gemolesteer is (Hansen 1991:26). Dit begin met 'n vae suspisie dat daar iets verkeerd is. Dit kan wees dat 'n persoon soms gehipnotiseer moet word voordat sy/hy sal erken dat molestering plaasgevind het. Selfs dan mag hulle steeds voel dat dit nie werklik gebeur nie.

'n Sentrale vraag in die gemoed van die gemolesteerde is: " Waar was God ?" (Allender 1990:13) Met hierdie vraag word iets verwoord van die krisis wat die mens ervaar om God te vertrou. Iets van die gemolesteerde se geloofskrisis wat voortspruit uit die gebeure word hierdeur verwoord en verder word dit duidelik dat molestering nie net 'n impak het op die mens se fisiese en emosionele nie, maar ook op sy geestelike ontwikkeling.

Die trauma van seksuele molestering en/of verkragting op 'n onskuldige kind is geweldig. Indien die daad gepleeg is deur 'n persoon van die teenoorgestelde geslag kan die kind 'n

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

haat ontwikkel teenoor daardie geslag wat verantwoordelik is vir die fisiese of emosionele pyn. Dit veroorsaak ook dikwels 'n vertrouensbreuk met persone van die teenoorgestelde geslag. Dit kan gebeur met 'n seun wat deur 'n vrou gemolesteer is of 'n dogter wat deur 'n man gemolesteer is (Foster 1997:91).

Die teenoorgestelde van bogenoemde kan ook gebeur. Wanneer 'n tiener deur 'n persoon van dieselfde geslag verkrag is, kan hul soms soveel verwarring ervaar dat die tiener selfs kan dink dat hy bestem is om seksueel bevredig te word deur persone van dieselfde geslag. So kan 'n seun wat deur 'n man verkrag is begin dink dat hy op die een of ander manier vroulik is, want 'n man is/was dan so sterk aangetrokke tot hom (Foster 1997:91). Dit kan aanleiding gee tot homoseksuele gedrag.

**6.6. Geweld**

Ons leer jongmense om dadelik vergoeding te wil hê. Al hoe meer mense is impulsief en nie in staat om die kleinste frustrasie te hanteer nie. Werknemers wat afgedank is, blaas voormalige werkplekke op. Gestresde motorbestuurders tree aggressief op snelweë op. Die pas van die lewe raak al hoe meer intens en die gaping tussen ideaal en werklikheid al hoe groter. Mense begin al hoe meer van hul frustrasies ontslae raak deur woede-uitbarstings en gewelddadige optrede (Obsatz 1999:7).

Obsatz (1999:8-9) meen dat geweld voortspruit uit gevoelens van eensaamheid en magteloosheid, 'n lae selfbeeld, frustrasie en woede omdat die persoon kan voel dat niemand hom/haar liefhet vir wat hul is nie. Geweld kom voor wanneer individue se behoefte aan liefde, vertroeteling, ondersteuning, sorg en waardering nie vervul word nie. Geweld kan ook voorkom wanneer mense nie kennis het van nie-gewelddadige maniere om krisisse, probleme en moeilikhede te hanteer nie. Dit wil dus lyk of gewelddadige optrede en gevoelens die simptome is van 'n samelewing in emosionele pyn en een wat honger na geestelike verbintenisse. Mense wat nie liefde ontvang en nie vertroetel word nie, het nie die energie of weet nie hoe om liefde aan ander te bewys nie. Kinders wat hierdie ondersteuning en troeteling nie kry nie, kry seer en gee uiting aan hierdie pyn in hul woede teenoor ander. Kinders wat nie deur hul ouers verstaan of onderrig word nie,

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

ontwikkel nie die vaardigheid om die lewe se probleme op 'n nie-gewelddadige manier op te los nie, soos deur onderhandeling, kompromieë, verduideliking en samewerking.

Suid-Afrika is gebore uit geweld. Die konflik tussen onder meer trekkende koloniste en Xhosa-stamme aan die destydse Oosgrens was die begin van talle oorloë en botsings tussen die inwoners van ons land. In die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 is talle Britse en Suid-Afrikaanse soldate, wit en swart, asook vrouens en kinders oorlede. So kan die vernietigende lyn van geweld deur die geskiedenis gevolg word tot vandag toe. Die TV en koerante berig daagliks oor geweld, moord, motorkapings, verkragtings, aanrandings, gewapende roof en nog vele meer (Obsatz 1999:6-7).

Hier is die artikel wat in Pretoria News (22 July 2004) verskyn het 'n voorbeeld van. Volgens die artikel is 'n onderwyser sowel as 'n leerder van die Transoranje skool vir dowes in Pretoria-Wes, by die skool aangerand. Die rede vir die aanval op die onderwyser was skynbaar omdat die leerder aangespreek is nadat hy nie sy tuiswerk gedoen het nie. Die leerder wat aangeval is, het geweier om sy kos aan mede-leerders te oorhandig. Wanneer 'n mens hierdie berigte lees, besef 'n mens dat ons in 'n baie gewelddadige wêreld leef.

In die tyd 1997 tot 1999 was die getal kinders wat fisiek mishandel is en deur kinderwelsynsorganisasies versorg is, 8 763. Dit het toegeneem tot 11 124 vir die tydperk 2000 tot 2002. Die meeste van die gevalle van mishandeling, hetsy fisiek of emosioneel, vind plaas in die ouderdomsgroep 10 tot 15 jaar (Kindersorg Bylae tot Beeld 22 September 2004, bl. 5).

Misdaad en geweld het tot gevolg dat tieners nie meer veilig in hul woonbuurt kan rondbeweeg en na willekeur aan buitemuurse aktiwiteite by die skool kan deelneem nie (Kazeen 2004:4). Dit kan veroorsaak dat hulle voel dat hul nutteloos is en nie 'n positiewe bydra kan maak tot die samelewing nie.

Ouers wat baie waarde heg aan vrede en spiritualiteit kan hul kinders aanmoedig om ander lief te hê, om te deel wat hulle het en ander se behoeftes en gevoelens te respekteer. Ouers wat proaktief is in hul kinders se opvoeding kan hul kinders toerus om 'n kultuur wat geneig is om te fokus op materialistiese en selfgesentreerde waardes, reg te hanteer.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Kinders is in staat om al die nodige vaardighede en houdings aan te leer wat nie-gewelddadige en vreedsame oplossings vir probleme en konflik aanmoedig (Obstaz 1999:11).

### 6.7. Globalisering

Globalisering kan soos volg omskryf word: "as the process by which the world is being knit together into a single place by interconnected systems of communication, transportation, political organization, and economic exchange" (Nkhuwa 2004:5).

Van Wyk (2002:142) meen dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis werklik iets soos 'n "global civilization" bestaan. Globalisering dui op 'n beskouing dat alles voortdurend verander en dat alles onstabiele grense het. Letterlik alles beïnvloed alles. Wat in Rusland se parlement gebeur, beïnvloed die aandelebeurs in Johannesburg. Veldbrande in Indonesië beïnvloed die ekonomieë van die meeste lande ter wêreld. Die "globale" kultuur is mobiel en interaktief met wêreldwye informasie-uitruiling.

Geen enkele groep kan meer oor 'n ander groep beheer uitoefen nie. Geen enkele groep kan meer langer daarop roem dat hulle die volle waarheid oor enige saak het nie. Maar, daar is ook 'n groeiende gevoel dat die mens in 'n oorgangstyd is. Niemand weet hoe globalisering en die tegnologie die mens regtig beïnvloed, of waar dit sal eindig nie.

## 7. Depressie en selfmoord

In 'n artikel in die Rapport van Sondag, 30 Oktober 2005 (bl. III) oor tienerselfmoord, word die volgende skokkende feite genoem:

- Navorsing toon dat tot soveel as 8 000 Suid-Afrikaners jaarliks selfmoord pleeg. Dit is amper een elke uur.
- Sowat 'n derde van die selfmoordpogings is deur kinders.

Hierdie artikel is nie eiesoortig nie. In die Pretoria News van 23 Julie 2004 word daar geskryf van 5 hoërskoolleerlinge wat selfmoord gepleeg het in die bestek van ongeveer 3 maande. Na aanleiding van hierdie gebeure het Dr. Pixie du Toit van die "Sinoville Crisis

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Centre" gesê die meeste tieners wat selfmoord pleeg, is tussen die ouderdom van 14 en 17 jaar. Hulle het dikwels 'n romantiese idee van selfmoord, iets daarvan dat dit hulle kan wegneem van die realiteit van die lewe. Dit mag wees as gevolg van die vrees wat die tieners het om die volwasse wêreld te betree en verantwoordelikheid te neem vir hulle eie toekoms. Selfmoord raak 'n maklike uitkoms, veral as 'n vriend dit gedoen het.

Die "Depression and Anxiety Support Group" (DASG) meen dat depressie die oorsaak is vir ongeveer 60% van die tieners wat selfmoord pleeg (Pretoria News, 22 Julie 2004).

Op die een bladsy van Rapport (30 Oktober 2005) is daar 'n artikel met die opskrif: "Die afgelope twee weke het drie jong seuns in afsonderlike voorvalle selfmoord gepleeg." Verder was daar ook 'n artikel oor die feit dat die selfmoord-seisoen begin het. Hiervolgens word 'n Prof. Lourens Schlebusch, hoof van die departement gedragsgeneeskunde aan die Universiteit van KwaZulu-Natal aangehaal. Hy is die skrywer van die boek: "Suicidal Behaviour in South Africa". Hierin bevind hy dat 9,50% van alle onnatuurlike sterftes onder kinders aan selfmoord toegeskryf kan word.

Die verband tussen depressie en selfmoord word ook hier baie sterk beklemtoon. Dr. Dora Wynchank, psigiater, beweer dat tot 4% van kinders ly aan kliniese depressie en die voorkoms is veral hoog onder tieners. Sy sê dat kinders nog nie die ontwikkelde vermoë van grootmense het om alle kwellings en vrese te hanteer en te verwerk nie. Kinders moet vandag baie sosiale probleme hanteer. Daar is die druk van ouers wat skei, die hoë voorkoms van gesinsgeweld, seksuele misbruik, asook dwelm- en alkoholmisbruik deur hulle en hul ouers. Wanneer kinders dan ook nog aandag moet gee aan skoolwerk, boelies of onderwysers wat by die skool op hulle "pik" en geen ondersteuning by die huis kry nie, voel hulle heeltemal alleen en afgesonder. Dit kan dan lei tot selfmoordpogings. In baie gevalle is dit eintlik 'n kind se noodkreet om hulp.

## 8. Die invloed van die verskillende generasies op die tieners

Margaret Mead was waarskynlik die eerste persoon wat met die generasieteorie en generasiegaping vorendag gekom het, maar dit was Morris Massey wat dit populêr gemaak het in die sewentigerjare met 'n reeks lesings wat hy gehou het met die titel "Who you are

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

is what you were when ...". Hy het probeer om die Amerikaanse professore te help om wat ons vandag as die "Baby Boom" generasie beskryf, te verstaan. Dit is skole, universiteite, kerke, weermagte en werkplekke wat die meeste sukkel wanneer mense van verskillende ouderdomme en houdings mekaar moet leer of opdragte van mekaar moet ontvang. Hoewel Massey groot werk gedoen het, was dit eers nadat twee Amerikaners, William Strauss en Neil Howe in 1991 'n boek geskryf het met die titel "Generations, the history of America's Future, 1584 to 2069", dat daar eintlik aandag geskenk is aan die hele teorie rondom die generasies (Codrington & Grant-Marshall 2004:15).

Elke geslag het hul eie waardes, houdings, lewensopvattinge en dinge wat hulle motiveer. Elke geslag is soos 'n ander kultuur (Brink & Brink 1999:8).

Baie studies word deesdae oor die verskillende generasies gedoen. Mense word rofweg in generasies deur middel van karaktertrekke en kwaliteite, gedefinieer. Die verskillende generasies word op grond van historiese gebeurtenisse geklassifiseer. Die klassifikasie kan nie in kanne en kruike gegiet word nie, want dit is maar 'n veralgemening. Tog is dit sinvol om wel te veralgemeen, omdat daar tog eienskappe is wat ooreenkom by spesifieke generasies. 'n Generasie beslaan normaalweg 'n periode van ongeveer 20 jaar (Van Wyk 2002:168 en Codrington & Grant-Marshall 2004:10).

In verskillende wêrelddele word die groepe in verskillende tydgleuwe ingedeel. Vir die doel van die studie is besluit om te volstaan by die indeling wat Codrington & Grant-Marshall (2004:18) gebruik:

| | |
|---|---|
| GI: | Gebore tussen 1900 en 1920 |
| Silent: | Gebore tussen 1920 en 1940 |
| Boomer: | Gebore tussen 1940 en 1960 |
| X'er: | Gebore tussen 1960 en 1980 |
| Millennials: | Gebore tussen 1980 en 2000 |

Hoewel in die studie klem gelê word op die "X'ers" en "Millennials", is dit ook goed om kennis te neem van die ander generasies, aangesien hulle 'n definitiewe invloed het op die tieners. Die familie waarin die tieners grootword, die onderwysers by die skool, die afrigters van sport en kultuuraktiwiteite behoort gewoonlik tot 'n ander generasie.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

### 8.1. "GI" Generasie

Die oudste generasie wat tans leef word die "GI" generasie genoem. Die afkorting staan vir "Goverment Issue" of "General Issue". Dit verwys na die klere wat die soldate gedurende die Tweede Wêreldoorlog gedra het.

Die "GI's" is gebore in 'n tyd toe die manne sterk was en die vroue fraai en van tyd tot tyd flou geword het. Die vroue het gemiddeld 12 of meer kinders gehad. Gedurende hul kinderjare was die eerste Wêreldoorlog in volle swang en die lewensverwagting was maar ongeveer 47 jaar. Hulle was die mannekrag komponent van Wêreldoorlog II en die groot depressie (Codrington & Grant-Marshall 2004:26-27).

Dit was hierdie geslag wat nuwe voorstede ontwikkel het na Wêreldoorlog II en mense aangemoedig het om hul kinders groot te maak by hul families in huise met tuine. Hulle het medisyne ontwikkel wat mense gesond gemaak het wat andersins sou gesterf het.

Hulle is vandag nog baie gesteld op hul voorkoms. Hulle moet altyd netjies wees, mans met baadjies en dasse, vroue met netjiese haarkapsels. Hulle sal selfs op hul oudag nog lang ente gaan stap en rolbal speel om fiks te bly. Codrington & Grant-Marshall (2004:29-35) meen dat hulle redelik welaf is, omdat hulle baie spaarsamig geleef het.

### 8.2. "Silent" Generasie

Hulle is in baie moeilike omstandighede gedurende Wêreldoorlog II en die groot depressie gebore. Na die depressie van die oorlog het die 1920's gekom waar dit aansienlik beter met die ekonomie gegaan het. Hulle word deur ernstige en pragmatiese ouers groot gemaak wat hulle veiligheid wil verseker. In Brittanje en dele van Europa is kinders van ouers weggestuur om hul veiligheid te probeer verseker. Hierdie hartseer kinders het dit alles aanvaar en stabiliteit en standvastigheid verwelkom. Hulle is geneig om terug te trek, baie versigtig te wees en is oor die algemeen nie baie verbeeldingryk nie. Hulle het geleer

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

dat dit nie help om te kla oor jou lot nie, maar dat dit maar net aanvaar moet word (Codrington & Grant-Marshall 2004:31-33).

Hierdie generasie betree nou bejaardheid en met hul vriendelike aanslag bly hul in kontak met die jeug. Selfs na aftrede is daar baie van die geslag wat nog hard werk en spaar. Daar is tog ook die van hulle wat na aftrede leer om te ontspan en hulself te geniet (Codrington & Grant-Marshall 2004:34).

**8.3. "Baby Boomers"**

Dit is die geslag wat in die interessante en voorspoedige jare tussen 1940 en 1960 gebore is. Hulle het optimisties grootgeword. Mense het in hul eie vermoë geglo om deur die wetenskap, medisyne en tegnologie die wêreld se probleme op te los.

Gedurende die "Boomers" se ontwikkelingsjare as jong volwassenes het hulle grootskaalse ekonomiese groei beleef. In hierdie generasie se tyd vind van die wonderlikste tegnologiese ontwikkelinge plaas. Saam daarmee is daar ook 'n lang lys tragiese gebeure. Hierdie tragiese gebeure het veroorsaak dat 'n gevoel van mislukking teenoor die stelsel ontwikkel is (Van Wyk 2002:170).

In Suid-Afrika was dit 'n tyd van voorspoed. Die wit Afrikaners het die politieke mag gehad. Morele waardes is deur wetgewing beskerm. Streng sensuurwetgewing het bepaal wat gelees en na watter films gekyk kon word. Dit was vir hulle maklik om morele waardes vir hul kinders te leer. Dinge was reg of verkeerd. Die kerk het 'n sterk rol gespeel in die handhawing van die morele waardes en die kerk het mense wat daarvan afgewyk het, onder tug geplaas. Die gesag van die kerk was by die meerderheid mense bo verdenking. As die kerk gepraat het, het die volk, die regering, die skoolhoof en die skoolkomitee geluister.

Brink en Brink (1999:13) wys verder daarop dat dit die dekade van die seksuele rewolusie was waar vrylik met seks en dwelms geëksperimenteer is. Die ouer geslag was ontnugter deur 'n nuwe geslag wat nie hul ouers gerespekteer en gehoorsaam het nie. Oor die hele wêreld het jongmense dit aangegryp in reaksie teen hul ouers en die waardes waarvoor

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

hulle ouers gestaan het. Hulle het jeugkulture soos die hippies en blommekinders wat op stadspleine leeglê, gevorm. Vrye liefde is wyd en syd verkondig en beoefen.

Codrington & Grant-Marshall (2004:41) skryf dat dit nogal ironies is dat hierdie "rebelse" generasie vandag die kampvegters is vir die reëls van die samelewing wat hul verbreek het. Hulle is nou die kampvegters teen dwelms en sigarette en probeer om die seksuele promiskuïteit en pornografie in toom te hou. Dit is die generasie wat vandag belangrike plekke in die politiek, regering en besighede beklee.

Die "X'ers" raak toenemend gefrustreerd met hierdie dominerende "alwetende" geslag van die "Boomers". Dit is vir hul baie moeilik dat die "Boomers" nie wil oud word nie. Hulle weier om rustig en grasieus af te tree. Hulle het die grense vir ouderdom ook verskuif. Dit was gewoonlik so sestig, sewentig jaar. Die "Boomers" noem dit nou die middeljare en die middeljare het hulle hernoem na die "middeljeug". Mans van hierdie generasie kleur omtrent net so gereeld soos vroue hul hare. Die vroue is voortdurend besig met oefening om langer jeugdig te bly. Grainger David (23) skryf aan sy pa, Dough David (53) in "Fortune" die volgende: "It looks as though you're trying to become the first fully reconstructed generation in history ... with bionic knees, implanted hearing aids, regenerated hair, negative cholestrol and vacuum-cleaned colons, you're starting to sound like a technology instead of a group of people" (Codrington & Grant-Marshall 2004:42).

### 8.4. "Generasie X"

Die datum vir die begin en einde van die generasie verskil baie. Van Wyk (2002:171) kies vir die datums 1960 tot 1990. Dit is baie moeilik om die generasie te definieer. Sommige noem hulle die "Dertiende Generasie", ander "Generasie X" en ander "Baby Busters".

Van Wyk (2002:173) skryf dat letterlik in elke boek en artikel waarin daar oor die generasie geskryf word, verhoudings as hoofeienskap uitgelig word. Hierdie geslag word groot in 'n wêreld waar intieme, standvastige verhoudings die uitsondering is. Egskeidings is aan die orde van die dag, intieme familieverhoudings bestaan nie meer nie. Besige, afwesige of werkende ouers dra daartoe by dat die generasie 'n honger na verhoudings het. Daarom gebeur dit dikwels dat hierdie kinders in leë huise kom in die middag na skool.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Dit gebeur ook dat baie van hierdie generasie elke tweede naweek by ‘n ander ouer se huis gaan bly. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dat die generasie baie skepties oor verhoudings is, maar tog ‘n diepe behoefte aan gesonde verhoudings het, al weet hulle nie hoe om dit te hanteer nie (Codrington & Grant-Marshall 2004:49).

Die “X’ers” probeer hulle bes om iewers in te pas. Hulle hoofdoel is om mense te oorreed om vir hulle lief te wees. Met die media wat verkondig dat liefde gevind word deur seksuele intimiteit, word die konsep van “veilige seks” gepropageer want die argument bestaan dat daar geen manier is waarop hierdie jongmense verhoed kan word om seks te hê nie. Die generasie leef dus in ‘n kontradiksie: “They want stable, moral marriages and open sexual relationships” (Van Wyk 2002:174).

Die hoë egskeidingsyfer en die feit dat so baie ouers met hul eie lewens besig was en hul kinders verwaarloos het, veroorsaak dat hierdie generasie ander mense nie maklik vertrou nie. Hulle is deur omstandighede gedwing om op hulself staat te maak. As gevolg van die feit dat hulle al dikwels in die verlede seergekry het, verbind hulle hulself nie maklik tot enige saak nie. As hulle hul aan iets verbind is dit op korttermynbasis met bereikbare doelwitte wat aan ‘n sperdatum gekoppel is (Van Wyk 2002:176).

As gevolg van die hoë egskeidingsyfer, gebroke gesinne, verwaarlosing en afgeskeepte verhoudings dra hierdie generasie baie emosionele pyn. Hulle voel dikwels soos slagoffers en gedra hulle ook so. Hulle sal enige iets doen vir slegs ‘n paar oomblikke van “bevryding” soos: alkohol, dwelms, seks, harde musiek, rook, enigiets wat die simptome kan verlig (Van Wyk 2002:177).

Vir die generasie is verandering ‘n konstante. Hulle is suspisieus teenoor alles wat dieselfde bly. Hulle word gou verveeld en soek daagliks na iets nuuts. Vir hulle is dit nie die waarheid en rede wat tel nie, maar pragmatisme. Dit gaan vir hulle daaroor dat iets prakties vir hulle lewe moet beteken, hulle soek antwoorde op lewensvrae.

Die Christelike geloof is nie meer die enigste geloof waaraan hulle blootgestel word nie. Die jongmense is nie van nature godsdienstig nie en is ook nie geïnteresseerd in institusionele godsdiens nie. Hulle is geïnteresseerd in New Age, okkulte, ens. Vir hulle is dit nie ter sake of iets reg of verkeerd is nie. Hulle steur hulle nie aan morele grense nie.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Die hele kwessie van sonde is vir hulle geen probleem nie. Daarom soek hulle nie na oplossings of antwoorde op sonde nie. Dit beteken dat hulle ook nie 'n Verlosser nodig het nie (Van Wyk 2002:179).

Hierdie generasie word groot in 'n wêreld sonder 'n padkaart. Al kan hulle met paradokse saamleef, is hulle ook moeg vir 'n wêreld van totale vryheid en chaos. Hulle is op soek na iemand om vir hulle die weg te wys, maar nie sommer enige iemand nie. Waar die "Boomers" gesag aan 'n persoon se posisie gekoppel het, gaan dit vir dié generasie oor persoonlike gesag, nie posisionele gesag nie. Gesag word verdien. Hulle aanvaar gesag van diegene wat dit verdien deur hulle karakter en verhouding met hulle, nie as gevolg van posisie of titel nie.

Hulle bring meer tyd voor die televisie deur as saam met hul ouers. Die tegnologie maak dit moontlik om die media met hulle saam te dra waar hulle ook al gaan ("walkmans", "laptops", selfone). Hulle ken die krag van die media en is skepties oor wat hulle in die media sien, omdat hulle weet dat selfs die nuusbulletin gemanipuleer kan word. Die werklike lewe en die lewe op die televisie is vir hulle twee verskillende dinge.

Hul waardesisteem is in hul vroeë kinderjare vasgelê. Daarom sal hul 'n baie beter balans hê tussen werk en ontspanning as die "Boomers". Hulle is nie bang om kanse te waag nie en hou van uitdagings. "X'ers" wil 24/7 kan kommunikeer en as iets nie op die internet is nie, dan tel dit nie vir hulle nie. Hulle het 'n behoefte aan outoriteit maar dit moet van die regte mense af kom. Die 'nou' maak meer saak as die toekoms. Verhoudings is vir hulle die belangrikste. Hul lewens verander voortdurend en hul omhels verandering. Hul vlakke van pyn en woede neem steeds toe. Hulle is opsoek na geestelike ervarings en glo in die bonatuurlike (Codrington & Grant-Marshall 2004:53-54).

### 8.5. "Millennials" generasie

Hulle word "Millennials", die "Millennium-generasie" of die "Generasie Y" genoem.

Brink & Brink (1999:19-23) skryf dat tot 50% van die kinders se ouers geskei is. Hulle dra die wonde van gesinsgeweld en seksuele molestering (dikwels deur iemand baie na aan

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

hulle). Baie sukkel met hul verhoudings met hul ouers en dit is vir hulle ‘n teer saak. ‘n Deel van die gesukkel is maar die normale waardeur alle tieners gaan, maar baie van die gesukkel is ook veel dieper. Die tieners wat probleme ervaar, praat baie moeilik met ander. Hulle wil nie die indruk skep dat dit nie goed gaan by die huis nie. Ander dra swaar aan die emosionele las wat in baie gebroke gesinne op kinders gelaai word. Wanneer ‘n mens met hierdie kinders praat wens jy dat jy hulle heeltemal uit die situasie kan wegneem waarheen hulle moet teruggaan.

Baie van hulle is wanhopig oor die toekoms en voel ongemotiveerd want hulle voel dat daar in elk geval nie werk vir hulle gaan wees nie. Baie word groot in huise waar hul elke dag negatiewe gesprekke oor die toekoms van die land hoor, waar hulle hoor hoe sleg dit met die ekonomie gaan en hoe min hoop daar vir die toekoms is (Brink & Brink 1999:23).

Betekenisvolle verhoudings raak al hoe skaarser. Die “Millennials” word groot in ‘n tyd waar gesins- en groter familieverhoudings agteruitgaan. Gesinne moet vandag baie meer moeite doen om tyd te kry om dinge saam te doen, want die geleenthede raak skynbaar al hoe minder. In die meeste huise moet beide ouers werk om die pot aan die kook te hou, dikwels ver van die huis af, sodat beskikbare tyd saam met die kinders al hoe minder raak. Baie kinders word in enkelouerhuise groot. Dit dra alles by dat die generasie ‘n behoefte het aan egte en intieme verhoudings. Brink & Brink (1999:24) meen dat die “Millennials” beskryf kan word as ‘n “verhoudingshonger generasie”.

Hulle bestee nie ure agter boeke nie en kuier min in die biblioteek. Hulle is kinders vir die elektroniese era. Vir die meeste is televisie en grootskermflieks in volkleur met vinnige wisseling, kwartofoniese klank en ongewone spesiale effekte en rekenaarspeletjies hulle ontspanning. Die internet is ‘n groeiende bron van inligting. In tydskrifte wat op die jeug gerig is, val die klem op kleurvolle bladsy-ontwerp en kreatiewe uitleg eerder as inhoud (Brink & Brink 1999:24-25).

Twee of drie dekades gelede het aspirant-onderwysers al geleer dat jy baie min onthou van wat jy net hoor, heelwat meer wat jy hoor en sien en byna alles van wat jy hoor, sien en dan doen. Daarmee is die lesingmetode van die oordrag van kennis heel onder aan die lys van onderrigmetodes geplaas – “ondoeltreffend” is daarvan gesê. Onderwysers is aangemoedig om kinders te help leer deur ontdekking of selfdoen. Hierdie beginsels is nie

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

nuut nie, maar meer as ooit van toepassing op die "Millennials". Hul luistervaardighede is uiters beperk. Hul aandagspan baie kort. Lang toesprake en preke werk nie vir hulle nie. Hulle leer wanneer hulle doen, wanneer hulle deel is van 'n proses. Baie van die boodskappe wat na hulle kom is in prentjies met baie kleur, beweging en klank. Vir hulle is die wêreld kleurryk en hulle leef in 'n tyd waar daar so baie dinge is wat aanspraak maak op hulle aandag dat doodgewone woorde moeilik 'n indruk op hulle maak (Brink & Brink 1999:24).

Dit beteken dat 'n mens ure kan bestee om vir tieners en kinders alles te leer oor die Christelike geloof en oor waardes. Maar hulle gaan dit eers leer wanneer hulle deur 'n mens se lewe gewys word dat dit werk en daar vir hulle geleenthede geskep word waar hulle dit in hul eie lewe kan ontwikkel.

Die "Millennials" word meer blootgestel as enige ander geslag voor hulle. Hulle hoor van verskillende geloofsoortuigings, van ander lewensopvattings en het baie meer moontlikhede waaruit hulle kan kies as enige vorige geslag. Vir hulle is die wêreld klein. Alles in die wêreld is binne hul bereik – goed en sleg. Hulle is meer ingelig vir hul ouderdom as enige geslag voor hulle. Hulle leef voorwaar in 'n baie opwindende tyd met oneindig baie geleenthede (Brink & Brink 1999:25).

Die ander kant van die saak is ook waar. Hulle word oorval met inligting, opsies en verskillende waarhede. Hulle is oorgestimuleerd. Baie van hulle ly aan die "klaar gesien – klaar gedoen" - mentaliteit en raak oor bitter min meer opgewonde. Brink & Brink (1999:26) beweer dat daar baie van hul is wat aan sogenaamde keuse-verlamming ly. Dit beteken dat hulle aan soveel verskillende moontlikhede blootgestel word dat dit uiteindelik vir hul byna onmoontlik is om 'n keuse uit te oefen.

Die "Millennials" is die mees elektronies blootgestelde, "gekoppelde" geslag ooit. "Walkmans", groter keuse van televisiekanale, videomasjiene en rekenaar- en elektroniese speletjies het vir baie in die "Millennium-generasie" 'n kunsmatige en oppervlakkige tuiste geskep. Boonop is dit 'n tuiste in die afwesigheid van hul ouers. Vir baie kinders kan hul ouers dalk daar wees, maar iewers op die agtergrond of emosioneel afwesig. Hierdie elektroniese wêreld het vir baie van hulle 'n familie geword. Dit het die plek geword waar

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

hulle meer gemeen het met die wêreldkultuur wat deur die media geskep word as met die volwassenes wat saam met hulle onder dieselfde dak bly (Brink & Brink 1999:27).

Die tema van baie van die rekenaarspeletjies is om soveel as moontlik mense dood te maak. Dit gebeur met wapens wat mense doelbewus afmaai of rygoed wat mense doelbewus doodry sodat daar net bloed en binnegoed gesien kan word. Wanneer mens hierdie goed sien, ruk die weersin in jou op. Maar vir die kinders en tieners wat daarmee speel is dit nie so erg nie. Hierdie onbeheerde blootstelling aan virtuele geweld moet op die lang duur 'n negatiewe invloed op 'n mens hê. Dit skreeu in alle opsigte teen alles waarvoor die Christelike liefde staan. Talle ouers wat baie vir hul kinders omgee, is onbewus van al hierdie geweld waaraan hul kinders blootgestel word. Dit laat mens net weereens besef dat kinders nie sonder enige toesig of beheer in hierdie elektroniese wêreld losgelaat kan word nie (Brink & Brink 1999:27-28).

Die "Millennials" is die eerste generasie wat onder die swaard van vigs grootword. Brink & Brink (1999:29-30) skryf dat ongeveer 6 miljoen Suid-Afrikaners teen 2010 MIV-positief sal wees. Dit beteken een uit elke tien persone. Die grootste toename gaan onder dié generasie wees. Baie van hulle sal ouerloos gelaat word of self op jeugdige ouderdom sterf. Presies wat die impak hiervan sal wees, sal net die tyd kan leer. Vigs het ook 'n geweldige invloed op die manier waarop volwassenes vandag met kinders oor hul seksualiteit praat. Die realiteit van tieners wat seksueel aktief is en met die vigs-virus besmet kan word, het aanleiding gegee tot groter openhartigheid oor die onderwerp wat vorige geslagte nie geken het nie. In Christelike kringe word jongmense gewys op die Bybelse beginsels dat seks vir die huwelik bedoel is, maar ook bygevoeg dat as hul wel besluit om seks te hê hul asseblief 'n kondoom moet gebruik.

Baie van hierdie jongmense betree die arbeidsmark op 'n baie vroeë ouderdom, aanvanklik as deeltydse werkers. Hierdie jongmense bevraagteken alles; hulle is erger as die "X'ers" wat dit betref. Om hierdie groep jongmense te leer is 'n uitdaging. Die klaskamers is lawaaierig en soms weet die kinders meer as die onderwysers. Onderwysers moet vrae vra om die probleem aan die kinders te stel. Hulle moet ook van verskeie mediums van kommunikasie gebruik maak om die kinders se aandag te behou (Codrington & Grant-Marshall 2004:111-112).

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Waar die "Boomers" op 'n stadium opgestaan het en verklaar het dat "Jesus die antwoord is", sal "Millennials" daarop reageer deur te vra wat die vraag was. Hulle wil nie maklike antwoorde hê as hulle nie eers die vraag behoorlik verstaan nie. Hulle verkies om self inligting te ontdek eerder as om iemand te hê wat vir hulle vertel. Dit is ook deels hoekom hulle die "why generation" genoem word. Hulle wil wegbeweeg van "seeker sensitive approaches" by die kerk wat die erediens stroop van sy unieke karakter en misterie. Hulle wil met God ontmoet op 'n geestelike wyse. Kerke wat 'n sterk maar relevante liturgie het sal 'n voorsprong hê met die "Millennials" volgens Codrington & Grant-Marshall (2004:249).

Hierdie generasie is voortdurend besig met die tegnologie om te kommunikeer en sal baie teleurgesteld wees as die kerk nie 'n webblad het nie en die leraar nie per e-pos of sms met hulle kan kommunikeer nie. Hulle hou daarvan dat die pas redelik vinnig is (Codrington & Grant-Marshall 2004:248-249).

Volgens 'n artikel wat Johan Rossouw in die Beeld (22 Oktober 2005) geskryf het, waarin hy die boek van Dany-Robert Du Four met die titel, "L'Art de Réduire les têtes" wat in 2003 verskyn het aanhaal, noem hy dat hierdie generasie 'n geweldige behoefte het aan waardes. Daar is 'n soeke ook na Christelike waardes. Hulle soek iemand wat staan vir die waardes waarna hulle soek. Dit maak hulle oop en ontvanklik vir die Evangelie.

**9. Is daar enige teenvoeter vir al hierdie probleme?**

Ten spyte van al die negatiewe goed wat met kinders/tieners kan gebeur; al die probleme wat hulle mag ondervind, is daar tog 'n groot klomp jongmense wat nie sleg uitdraai nie. Daar is 'n webblad: Search Institute (http:www.search-institute.org/assets/individual/) wat groepe "bates" lys wat tieners help om ten spyte van hul leefwêreld tog die regte keuses te maak. Die "Millennials" is op soek na die waardes van die Christendom en meer ontvanklik vir hierdie ondersteuning.

Daar is 40 bates wat in 8 groepe ingedeel is. Hierdie 8 groepe kan in 4 hoofgroepe van eksterne en 4 hoofgroepe van interne faktore ingedeel word. Die eksterne faktore gaan oor die positiewe ervarings wat die tiener het met die mense rondom hulle. Hier word gedink

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

aan ouers, familie, vriende, mense by die kerk en skool. Die interne faktore is die faktore wat die mens beïnvloed in die maak van keuses. Dit sou gesien kan word as die interne mondering van die tiener; waardes, wat hul help om verantwoordelike keuses te maak. Vervolgens sal daar kortliks na die eksterne en interne faktore gekyk word.

### 9.1. Eksterne faktore

Die volgende 4 hoofgroepe word die eksterne faktore genoem:

**Ondersteuning**
**Bemagtiging**
**Grense en verwagtinge**
**Goeie tydsbenutting**

#### 9.1.1. Ondersteuning

Tieners het 'n behoefte aan liefde, sorg en ondersteuning van hul ouers en belangrike ander mense in hul lewens. "Millennium-kinders" wil veral weet dat hulle omring is deur ondersteuningstelsels wat hulle nie in die steek gaan laat wanneer hulle dit nodig het nie. Die kind se belangrike ondersteuningstelsel is sy gesin. Hier moet die kind ondersteuning en liefde in oormaat kry. Die manier waarop ouers dit wys sal natuurlik verander namate die kind groter word (Brink & Brink 1999:39).

'n Kind het van geboorte af aandag en liefde nodig, maar veral in die "storm-en-drang"-fase (Higgins 1990:23). Wanneer daar aandag aan 'n kind gegee word, word die behoefte wat hy/sy het "om te behoort" en die behoefte aan eiewaarde, bevredig. Die ouers behoort ook nie net in die huis aan hom/haar aandag te gee nie, maar ook wanneer hy/sy besig is met buitenshuise bedrywighede. Dis ook baie belangrik om nie net aan die aktiwiteite van die tiener aandag te gee nie, maar ook aan die gevoelens wat hul beleef.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Liefde moet deur woorde en dade bewys word. Dit is nodig dat ma's en pa's vir hul dogters en seuns sê dat hulle lief is vir hulle. Liefde kan nie oorbeklemtoon word nie en kan deur niks vervang word nie, nie eens deur materiële rykdom nie (Higgins 1990:24).

'n Belangrike deel van ondersteuning is die oophou van die kommunikasiekanale. Dit is noodsaaklik vir ouers om op 'n positiewe en aanmoedigende manier met hul kinders te praat en te luister sonder om te oordeel. Dit help dat kinders die vrymoedigheid het om leiding by ouers te soek. Dit is ook noodsaaklik dat ouers openhartig met hul kinders moet gesels oor sensitiewe onderwerpe. Indien die ouers nie al die inligting het nie, kan ouers en kinders saam daarna soek. Dit sal die kind help om die ouer te beskou as 'n betroubare bron na wie hul weer sal wil gaan (Brink & Brink 1999:39).

Saam met die ouers het die kinders ook ander volwassenes nodig wat ondersteuning aan hulle kan bied. Die grootouers speel hier 'n baie belangrike rol, verder kan dit ook familielede wees of 'n jeugleier by die kerk, 'n sportafrigter, goeie huisvriend of die ouers van hul vriende (Brink & Brink 1999:39).

### 9.1.2. Bemagtiging

Tieners het 'n behoefte om in hul omgewing op 'n sinvolle wyse betrokke te wees. Daar moet spesifieke take wees waarvoor hulle verantwoordelik is.

Doug Fields (1998:50) skryf dat God aan elke gelowige sekere gawes gee wat in Sy diens gebruik moet word. Hierdie gawes het nie 'n ouderdomsbeperking nie. Jongmense behoort nie te wag om by die bediening betrokke te raak totdat hulle eers volwassenes is nie. Hy meen dat 'n gesonde jeugbediening jongmense voortdurend sal help om te ontdek wat hul gawes is en hoe dit in die bediening en met uitreike gebruik kan word. Hy gaan ook verder en skryf dat jongmense dit geniet om hul gawes te ontdek en te besef dat God hulle wil gebruik. Jongmense is per slot van rekening nie die kerk van môre nie, maar die kerk van vandag. Daarom behoort hulle uitgedaag te word om betrokke te raak en nie eers te sit en wag tot hulle eendag "groot" is nie (Fields 1998:173-174).

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Brink & Brink (1999:41-42) skryf dat die "Millennium-generasie" moet weet dat die volwassenes in hul gemeenskap hulle menswaardigheid hoog aanslaan. Daarom is dit noodsaaklik dat kinders van kleins af moet weet dat God hulle spesiaal saam met 'n besondere gesin in een huis geplaas het om mekaar te ondersteun. Ouers moet probeer om voortdurend te onthou dat hul optrede en woorde positief en opbouend teenoor kinders moet wees. Kinders moet ook verstaan dat hulle woorde en handelinge teenoor mede-gesinslede ook opbouend moet wees.

Jongmense se menswaardigheid word bevestig wanneer hulle voel hulle kan 'n sinvolle bydrae tot die samelewing maak. Dit kan gedoen word deur aan kinders sekere take in en om die huis te gee. Groter kinders hou ook daarvan om by diensprojekte betrokke te raak. Dit is waar hulle leer om ander hoër as hulself te ag en leer dat die navolging van Christus daarin lê dat jy diens lewer teenoor mense wat in nood is. Die "Millennium-generasie" glo dat geloof nie net 'n gepraat moet bly nie, maar dat mense iets moet begin doen (Brink & Brink 1999:43).

### 9.1.3. Grense en verwagtinge

Tieners moet presies weet wat van hulle verwag word en wat as aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag beskou word.

Een van die groot dilemmas van die "Millennials" is die gebrek aan vaste waardes en norme. Die eerste plek waar hierdie grense duidelik gestel moet word is in die huisgesin. Die kind moet presies weet waar die grense lê en daardie grense mag nie oorskry word sonder 'n teregwysing nie. Kinders moet weet waar die verskil tussen reg en verkeerd lê. Ouers moet altyd weet waar hul kinders is en kinders moet ook weet waar ouers is. Ouers behoort vaste inkomtye te stel en die kyk-tyd en keuse van televisieprogramme saam met hul kinders vas te stel.

Saam met elke stukkie nuwe vryheid wat kinders bykry, is daar ook nuwe verantwoordelikhede. Dit neem gewoonlik toe namate die kind ouer word. Ouers behoort altyd goeie redes te gee wanneer daar grense gestel word. Dit moet dan bespreek word met die kind en hul insette en voorstelle moet ook gekry word.(Brink & Brink 1999:44-45).

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

John Higgins (1990:17-18) stem saam hiermee en gaan verder deur daarop te wys dat onvoorwaardelike liefde en gebalanseerde dissipline noodsaaklik is vir die ontwikkeling van ‘n gesonde selfbeeld. In so ‘n huis word ‘n kind waardeer en bemin ongeag sy gedrag of prestasie – of hy nou suksesvol is of nie. In hierdie huis sal ouers ook dissipline met liefde toepas en die kind leer dat hoewel sy gedrag afgekeur word, hy nie verwerp word nie. Die kind sal hier ook ruimte hê om probleme met die ouers te bespreek en deur te werk. In die proses word die kind se mening in ag geneem en ontwikkel so ‘n gevoel van eiewaarde en waardevolheid wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van ‘n korrekte selfbeeld. Die kind besef dat sou hy fouteer, sal hy nie verwerp word nie en dus is hy bereid om te waag. So ontwikkel ‘n ondernemingsgees en gevoel van bevoegdheid. Die gevoel van bevoegdheid is onderliggend aan ‘n entoesiatiese en positiewe gesindheid. Hierdie kind beleef dat daar vir hom ruimte gemaak word om te ontwikkel met erkenning vir sy behoeftes en daarom is hy ook bereid om vir ander ruimte in die lewe te laat.

### 9.1.4. Goeie tydsbenutting

Ons ontvang almal elke dag 24 uur en ons kies van oomblik tot oomblik hoe ons hierdie ure, minute en sekondes gaan gebruik (Caruana: 2005:133-134). Caruana (2005:134) onderskei tussen ‘n reaktiewe en ‘n proaktiewe persoon. Reaktiewe mense kan net reageer op situasies, gevolglik is hul lewens baie spanningsvol. Hierteenoor beplan proaktiewe mense hul tyd en kan hul stresvlakke redelik laag gehou word. As jy jou tyd reg bestuur, bestuur dit jou nie.

Volgens Caruana (2005:142) spandeer tieners veral te veel ure by ‘n deeltydse betrekking. Dit is nodig dat die aantal ure wat hulle werk veral tydens skoolkwartale beperk sal word. Kinders sukkel dikwels om die aantal ure te beheer wat hul werkgewers van hulle verwag. Dus is dit belangrik om hulle te help om ‘n werk te vind wat genoeg waarde heg aan hulle opvoeding om binne hul skedule te bly.

Die ouers is uiteindelik verantwoordelik vir hul gesin se tydsbesteding. Ouers moet beheer neem, soos volwassenes optree en soms nee sê.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Ouers kan kinders ook aanmoedig om minder tyd voor die televisie deur te bring en eerder tyd te bestee aan kreatiewe aktiwiteite soos kuns, musiek, drama of dansklasse. Kinders behoort ook op 'n gereelde grondslag aan georganiseerde sport deel te neem en aan die aktiwiteite van jeugorganisasies. Ouers kan kinders ook help om kreatiewe tyd tuis deur te bring deur hulle te help om stokperdjies te ontwikkel. Dit is ook goed as die gesin saam kan ontspan. Dit versterk die gesinsbande as daar bepaalde gesinsrituele en -tradisies is wat met verjaarsdae, Kersfees en Paasfees gehou word. Hierdie goed hoef nie noodwendig geld te kos nie; 'n eenvoudige ete op 'n kombers in die tuin kan oneindig baie vir die gesin beteken (Brink & Brink 1999:47-49).

Ons oorweeg dwarsdeur ons lewe ons prioriteite. Dit gebeur elke dag of ons dit nou besef of nie. Om voor te bly vereis oorleg en beplanning. Hoe meer gereeld mens tyd neem om prioriteite te bepaal hoe meer effektief sal jy jou tyd kan bestuur. Dit waaraan jy jou tyd bestee wys wat vir jou belangrik is. Ouers is die rolmodelle vir kinders van goeie tydsbestuur of nie (Caruana 2005:136).

### 9.2. Innerlike faktore

Die volgende 4 hoofgroepe word onder innerlike faktore bespreek:

**Verbintenis om te leer**
**Positiewe waardes**
**Sosiale vaardighede**
**Positiewe identiteit**

#### 9.2.1. Verbintenis om te leer

Tieners moet bereid wees om vir die res van hul lewens te leer.

Ouers moet van kleins af elke moontlike geleentheid gebruik om vir kinders iets nuuts te leer. Dit is goed om hulle van vroeg af voor te stel aan boeke en al die interessante dinge wat mens daarin kan leer. Dit kan gedoen word deur vir hulle prente te wys en self in

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

boeke te laat naslaan asook om hul aan rekenaarprogramme voor te stel wat hul nuuskierigheid sal prikkel. Deur saam met jou kinders te leer kan die leerervaring ook in 'n speletjie omskep word en gesonde kompetisie kan aangemoedig word. Geleenthede kan ook geskep word waar hulle nuwe kennis met die res van die gesin kan deel.

Ouers behoort ook die kinders aan te moedig om hard te werk op skool en die regte atmosfeer vir studie by die huis te skep. Kinders moet ook gehelp word om positief te voel oor die skool en onderwysers. Onderwysers moet ondersteun word en probleme moet so spoedig moontlik met hulle bespreek word (Brink & Brink 1999:50-51).

Kinders kan deur ouers en onderwysers begelei word om die beste en korrekte keuses te maak, maar hulle moet ook geleer word dat hulle hul manier van dink bepaal. Hulle is altyd die persone wat die laaste keuse maak. Hulle moet ook geleer word dat hul op 'n redelik geslote en selfs negatiewe manier kan dink en dat die gevolg hiervan kan lei tot negatiewe gevoelens en selfs gevoelens van onvergenoegdheid. Dit is die taak van die ouers om by kinders die begeerte te skep om 'n meer positiewe denkpatroon aan te leer. Dit is ongelukkig dikwels die voorbeeld van die ouers wat ons kinders op 'n negatiewe spoor plaas. Kinders kan van 'n baie vroeë ouderdom geleer word om gevoelens te identifiseer, dit te beoordeel en dan kan hulle besluit of hulle dit wil verander of nie (Neethling & Rutherford 1999:48-49).

### 9.2.2. Positiewe waardes

Kinders moet van jongs af goeie waardes geleer word. Dit is nodig dat ouers saam met kinders byvoorbeeld televisie kyk en duidelik aan die kinders vertel dat dit nie reg is as twee ongetroudes saam in die bed spring nie; of as 'n persoon hom te buite gaan aan drank, moet die kinders duidelik gewaarsku word oor die gevolge daarvan.

Die "Millennium-kinders" word met verskillende waardestelsels gekonfronteer en sukkel om tussen alles te onderskei wat die waarheid is. Daarom is die ouers die primêre plek waar die kind gesonde en gebalanseerde waardes kan leer. Die kind kan leer dat daar absolute waardes bestaan. Deur die eeue heen hou Christene vas aan die absolute en onveranderlike waarheid van die geopenbaarde wil van God soos ons dit in die Bybel lees.

Sonder die anker van die Woord sal die mens soos drywende skepe in ‘n stormsee wees – verdwaal en verlore, sonder hoop en sonder God. Ouers behoort aan kinders te leer dat hulle gekies het om God en sy Woord te gehoorsaam (Brink & Brink 1999:49-50).

Kinders leer hul waardes by hul ouers. Dit is ongelukkig nie die waardes waaroor die ouers praat nie, maar die waardes wat die ouers leef. Die waardes wat die ouers uitleef is die waardes wat die kind sal aanleer. Dit is natuurlik onmoontlik om ‘n lys te maak van waardes wat elke ouer moet aanleer. Wat ‘n mens se lewenswaardes is, besluit elkeen immers self. Brink & Brink (1999:77- 87) gee ‘n paar waardes wat hulle dink belangrik is. Hieronder word goed genoem soos: omgee, gelykheid en geregtigheid, integriteit, eerlikheid, verantwoordelikheidsin, selfbeheersing, dapperheid en respek.

Ons leef in ‘n wêreld waar baie mense net vir hulself leef. Die “Millennium-generasie” is so honger vir egte verhoudings waarin hulle ervaar dat iemand regtig vir hulle omgee en daarom is hulle ook gereed om self hoë waarde daaraan te heg om vir ander om te gee. Deur met deernis teenoor ‘n kind op te tree en self vir mense in nood om te gee, kan dit vir die jongmense aangeleer word.

Suid-Afrika het ‘n groot behoefte aan ‘n generasie van jongmense wat vanuit ‘n Bybelse perspektief na hul landgenote as gelykwaardige mense sal kyk. Die ingesteldheid van die ouers gaan hierdie proses vertraag of versnel. Wanneer ouers konstant neerhalend praat van ander bevolkingsgroepe of mense wat na hul mening van ‘n laer stand is, sal die proses vertraag word. Dit kan ook versnel word wanneer ouers nie onderskeid maak tussen mense nie.

Een van die mens se kosbaarste bates is integriteit. Dit is nodig dat die ouers volgens hul waardes leef, dit konsekwent doen en nie huiwer om standpunt in te neem oor dinge waarin hulle glo nie. Dit is nodig dat die kinders weet dat hul ouers deursigtig is en konsekwent optree. Ouers kan kinders aanmoedig om dieselfde te doen en vir hulle positiewe terugvoering en aanmoediging gee as hulle dit doen. Dit is ook nodig om hulle te berispe wanneer hul optrede op enige manier in stryd is met die beginsel.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Eerlikheid is ‘n noodsaaklike hoeksteen vir ‘n vertrouensverhouding. Oneerlikheid kan veroorsaak dat ouers nie meer op hul kinders se woord kan staatmaak nie. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat kinders geleer moet word om altyd die waarheid te praat, al is dit ook hoe moeilik. Moenie toegee dat sekere leuens witleuens is en nie so ernstig beskou word nie.

Elke kind moet leer om persoonlik verantwoordelikheid te aanvaar. Wanneer sy/hy gemors het, moet hul self skoonmaak. Kinders moet ook geleer word om verantwoordelikheid vir hul skoolwerk te neem. Ouers kan help, hulle aanmoedig en kontroleer, maar nie die verantwoordelikheid vir kinders se huiswerk neem nie. Hulle moet die take oordoen totdat die ouer tevrede is en ouers moenie in die versoeking beland om dit vir hul te doen nie.

Die “Millennium-generasie” is in die versoeking om in te val by die post-modernistiese idee van “as iets goed voel vir jou, doen dit”. Hulle word omring deur bedenklike rolmodelle wat deur hul optrede voortdurend wys dat selfbeheersing uit die mode is. Juis dit maak die taak van die ouers soveel moeiliker om gesonde waardes vir kinders en tieners te leer.

### 9.2.3. Sosiale vaardighede

Dit is noodsaaklik dat kinders van jongs af leer om met ander oor die weg te kom en vir ander om te gee. Dit sal die kind leer om in sosiale situasies op sy/haar gemak te wees. ‘n Mens maak jou kind van kleins af bewus daarvan dat ander mense in ag geneem moet word en dat ‘n mens sensitief vir hul gevoelens moet wees. Soms is dit nodig om jouself in hul situasie in te leef. ‘n Kind kan geleer word om nie te raas as ander wil rus nie en nie eetgoed te gryp as daar maats kuier nie.

Dit is ook goed as kinders die geleentheid gebied word om vriendskappe te vorm. Kinders moet hul vriende na hul ouerhuis kan nooi en geleer word om vriendskap op te bou. In ‘n artikel van “Focus on the family” (April 2005, bl 24-26) word ouers daarop gewys dat tieners vriende nodig het. As hulle nie maats is met ‘n positiewe gesonde groep nie,

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

bestaan die moontlikheid dat hul met die verkeerde groep deurmekaar kan raak. Daarom word ouers aangemoedig om ‘n “oop huis” benadering vir hul tieners te skep. Dit beteken dat tieners en hul vriende altyd moet weet dat hul welkom is in die ouerhuis. Hulle soek dikwels ‘n kuierplek na ‘n fliek of uitstappie. Ouers kan hul huis meer “tienervriendelik” maak deur altyd gereed te wees met versnaperings as hulle kom kuier. ‘n Welkome atmosfeer kan ook geskep word deur in die tieners belang te stel, vriendelik te groet en ‘n drukkie te gee. Ouers moet daar wees maar op die agtergrond. Tieners gesels ook dikwels makliker met maats se ouers as met hul eie.

Probleme met maats kan as geleentheid gebruik word om oor vriendskap en goeie eienskappe van vriende te gesels. Kinders kan gewys word dat dinge wat hul seermaak vermy kan word deur hul optrede teenoor hul vriende.

Dit is ook goed om aan kinders die geleentheid te gee om vriendskappe oor kultuurgrense aan te gaan. Hulle kan sodoende ook die gewoontes en gebruike van ander kulture aanleer.

Dit is noodsaaklik om kinders te leer om hulself in ongemaklike situasies te handhaaf. Hulle moet geleer word om nee te sê wanneer iemand van hul iets verwag wat hul nie wil doen nie en ‘n gevoel van nee by hul laat opkom. Die kind moet geleer word om waarde aan sy eie oordeel te heg. Dit kan ook help dat hul beter toegerus is teen ongesonde en negatiewe groepsdruk (Brink & Brink 1999:51-52).

### 9.2.4. Positiewe identiteit

Die kind moet geleer word om haar-/homself te waardeer en selfrespek te ontwikkel.

Brink & Brink (1999:47)skryf dat navorsers sê dat baie kinders van die “Millennium-generasie” ‘n gevoel van lae eiewaarde het. Verder noem hulle dat hulle dieselfde ervaar het vanuit gesprekke met honderde jongmense. Kinders vorm hul gevoel van eiewaarde uit die terugvoering wat hulle van ander mense ontvang en hier is ouers die belangrikste rolspelers. Dit is goed as ouers hul kinders oordadige goeie terugvoering gee en suinig is met negatiewe kommentaar. Kinders moet ook aangemoedig word om die beste gebruik te maak van elke geleentheid. Ouers mag nooit kinders met mekaar vergelyk nie.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Baie ouers ervaar dit as 'n bedreiging wanneer hul tienerkinders begin om hul waardes uit te daag en die vryheid begin soek om 'n eie identiteit te ontwikkel. Verskille hieroor kan lei tot 'n magspel en die ouer-kind-verhouding ernstig laat skade ly (Brink & Brink 1999:53).

Tieners stoei met die verwerwing van 'n eie identiteit. Wanneer 'n kind nie by die huis antwoorde op die vrae: "Wie is ek?" en "Waarheen is ek op pad?" kan kry nie, is hul aangewese op die terugvoering wat hulle in die portuurgroep kry. Dit kan vernietigend wees. Die "Millennium-generasie" ervaar ook baie spanning oor hul liggaamlike ontwikkeling wanneer hulle adolessensie binnegaan. Die reklamewese hou 'n beeld voor dat volmaakte liggaamsbou en skoonheid die sleutel tot sukses en geluk is. Baie portuurgroepe lê groot klem op voorkoms: die regte liggaamsbou, klere met die regte naam op die etiket en die regte haarstyl. Dit plaas baie druk op die jongmense en die wat nie die paal haal nie, kry baie seer in die proses (Brink & Brink 1999:150-151).

Deur hierdie lys word duidelik gewys watter belangrike rol die ouers en ander volwassenes in die ontwikkeling van die kinders speel. Goeie verhoudings met die ouers blyk een van die belangrikste teenvoeters te wees teen al die negatiewe aanslae van die omgewing.

Die kerk is die plek waar die evangelie en die kultuur by mekaar uitkom. Dit beteken dat die evangelie juis in en deur die kerk so verwoord en uitgeleef moet word, dat dit vir die breër gemeenskap sin maak (Du Plessis 2005:9).

'n Mens sou die woord "kultuur" kon vervang met die leefwêreld van die mens. Vir die doeleindes van die studie sou dus gesê kon word dat die kerk juis die plek is waar die evangelie en die leefwêreld van die tieners bymekaar behoort uit te kom. Nadat die leefwêreld van die tieners in hierdie hoofstuk bespreek is, sal daar in die volgende hoofstuk na die kerk en dan ook spesifiek na die erediens gekyk word wat in 'n groot mate die gesig van die kerk is.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# Hoofstuk 2

# Die tiener in die gemeente

## 1. Tendense in die NG Kerk

Alvorens daar na die tiener in die gemeente gekyk gaan word, is dit ook goed om die algemene tendense in die NG Kerk in gedagte te hou.

Statistieke dui daarop dat die NG Kerk se getalle daal. Sondae sit daar in sommige kerke net ‘n handjievol bejaarde lidmate. Jongmense uit NG huise sluit aan by ander, dikwels meer charismatiese kerke (Die Lig 2004 bl. 13).

In 1980 het 91% van alle Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika aan een van die drie susterskerke behoort. Met die 2001 sensus het die getal gedaal tot 51%. In die vroeë tagtigerjare was daar ongeveer 450 000 dooplidmate in die NG Kerk. Die getal het tot 300 000 gedaal. Hou verder in gedagte dat statistieke wys dat bykans 50% van die name “op die boeke” die kerk verlaat deur of kerklos te raak of by een of ander “charismatiese” of “vernuwingsgroep” aan te sluit (Hanekom & Esterhuizen 2005 (5)1:17)

Wat beteken lidmaatskap van ‘n gemeente? Mense se siening van lidmaatskap word beïnvloed deur nie-evangeliese invloede wat onbewustelik op ons harte inwerk. Hierdie invloede laat mense dienooreenkomstig handel. Vir baie christene is die Evangelie van Jesus Christus en die gemeente (godsdienstige dinge) min of meer dieselfde ding. Wie die woord “Evangelie” hoor, sien en beleef byna vanselfsprekend die gemeente, die sigbare kerk as organisasie. Die “Evangelie” word ‘n plekbegrip en die plek is die gemeente waar ons lidmaat is. Die “Evangelie-plek” het dan veral te make met ons godsdiens, dit wil sê met kerkrade, kerklike ampte, eredienste, ’n menigte gemeentewerksaamhede, aanbiddingsplekke en so meer (Heyns 2005:33-34).

Volgens die Kerkspieël van 2004 (Schoeman & Bisschoff 2004:31) het die aantal dooplidmate in die NG Kerk van 2000 tot 2004 met 10,75% (33 699) gedaal. Die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

katkisante in die junior kategese daal in die tydperk met 32,9% en die in die senior kategese met 28,3%. Die daling van die katkisante in die kategese is meer drasties as die daling in dooplidmate. Daar is waarskynlik in die omgewing van 34 000 dooplidmate wat veronderstel is om in die kategese te wees, wat nie daar is nie. Dit kan ook wees dat van die dooplidmate op ander maniere begelei word as deur die formele kategesestelsel.

Wat die erediensbywoning betref, is gevind dat min of meer 'n derde van die lidmate gedurende Februarie 2004 die oggenddiens bygewoon het (33,50%). Dit is 'n daling van 4 persentasiepunte van 2000 af en min of meer op dieselfde vlak as 1981. Die moontlike redes wat hier aangegee word, is dat lidmate gewoon net nie meer aangespreek word tydens die diens nie. Dit kan ook wees dat die lidmate dit nie meer as noodsaaklik beskou vir hul godsdienstige lewe om oggenddienste by te woon nie (Schoeman & Bicshoff 2004:45-46).

Die aanddiensbywoning is meer as die helfte swakker as 2000. Die erediensbywoning van die aanddiens vir Februarie 2004 was maar 3,60%. Behalwe dat daar in baie gemeentes nie meer 'n aanddiens gehou word nie, word die diens baie swak bygewoon. Dit is die swakste sedert daar met die navorsing begin is in 1985. Op daardie stadium was dit 9,97%. Indien dit voortgesit word sal die aanddiens in sy huidige formaat waarskynlik verdwyn. Dit is ook moontlik dat daar net 'n paar gemeentes sal wees wat sal voortgaan met aanddienste (Schoeman & Bisschoff 2004:46).

**2. Plekvinding van die jeugbediening**

Tienerlidmate bied aan die kerk 'n besondere uitdaging. Eerstens dwing hulle die kerk tot selfondersoek oor die effektiwiteit van hul bediening, andersins het hulle die potensiaal om 'n baie vrugbare arbeidsveld te wees (Venter 2004:12).

Die Jeug-tot-jeug beweging van die NG Kerk in die sewentigerjare het hernude fokus geplaas op jeugwerk. Daar is baie moeite gedoen om die jongmense te bereik deur programme, kampe, aksies en materiaal. Terugskouend is dit duidelik dat hierdie fokus ook aanleiding gegee het dat die jeugbediening in 'n groot mate los van die hoofstroom gemeentelike bediening ontwikkel het. In 'n sekere sin het die jeugbediening ontwikkel as 'n teenoor-die-res-van-die-bedieninge-beweging binne die gemeente. Dit het aanleiding

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

gegee tot 'n sekere stryd wat gestry moes word, naamlik die jeug versus die res in die gemeente; die jeug versus die volwassenes (Thesnaar 2003:18).

Tans is die realiteit dat die kinders en jongmense nie betrokke is by die kategese en ander kerklike aktiwiteite nie. Die vraag ontstaan: Wat het daartoe gelei dat die jeugbediening die afgelope 30 jaar in 'n groot mate nie kon slaag om die kinders en jongmense te laat besef dat hulle lidmate in eie reg is nie? Dit wil voorkom of die jeugbedieningstrukture generasiegapings aangehelp het. Daarom is dit nodig dat die jeugbediening deel sal word van die sentrale holistiese bediening van die gemeente, wat familiebediening as basis het. Onder familie word dan verstaan dat dit 'n veilige plek is waar die lede van die familie die ervaring van "behoort" het, dat hulle sorg dra vir mekaar, saamgebind word deur hul stories en wandel in die teenwoordigheid van die Here en dit na buite uitleef (Thesnaar 2003:19).

Kinders en jongmense is onvervreembaar deel van die gemeente (Nel 2001b:19). Malan Nel skryf in sy boek: "Jeug en Evangelie" (1982:29) dat 'n mens nie kan praat van gemeente en jeug nie, maar eerder van gemeentejeug. Jeugbediening is deel van 'n omvattende gemeentebediening en geen grootheid opsigself nie. Die geheel is die gemeente en binne hierdie geheel het die jeug en jeugbediening 'n kritiese en belangrike plek. Die jeug is dus nie 'n losstaande groep mense in die gemeente nie. Hoewel hul eiesoortige behoeftes het en spesifieke aandag nodig het, moet hulle steeds as wesenlike deel van die gemeente benader en bedien word. Die jeug is die gemeente se verantwoordelikheid. Kinders en jongmense is nie net 'n paar jeugliefhebbers se verantwoordelikheid nie. Plekvinding noem Malan Nel (2001b:83) dit. Plekvinding behels om die gemeente meer jeugbewus en -sensitief te maak en ook om die jeug meer teologie en gemeente- sensitief en -bewus te maak.

Daar is geen teologiese rede waarom dit wat vir volwassenes geld, nie ook vir kinders en jongmense geld nie. Die omvattende bediening is ook vir hulle bedoel, spesifiek binne en as deel van die gemeente. Dit is tyd dat ons vir goed hierdie bedeling begrawe waar volwassenes en jongmense hierdie geheelbeeld mis. Natuurlik moet daar differensiasie wees in die gemeente (Nel 2001b:85-86). Maar die gebrek aan hierdie omvattende gemeentelike aanpak om die jeug as wesenlike deel van die gemeente te aanvaar en om jeugbediening as wesenlike deel van die gemeente te sien, het meegebring dat kinders en

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

jongmense meermale die kerk negatief evalueer. Dit veroorsaak dat hulle hul geestelike voedsel elders soek. Die saak van identifisering met die gemeente, wat juis in die onderrig so krities is, kom hier na vore. Dit is noodsaaklik dat die kerk en gemeente ou vorme en gedagtes moet aanpas en die jeug sinvol moet integreer as deel van die gemeente.

Differensiasie verwys in die jeugbediening na minstens twee vlakke: die bedieninge self en die jeug self. Wat die bedieninge betref, verwys dit na die feit dat die jeug alles nodig het wat die volwassenes nodig het, maar dat daar tog 'n verskil is of iemand 10 of 50 is. In die bediening self moet gedifferensieer word. Die tweede het te doen met die leeftydseie behoeftes van die jeug en dit is juis hierdie feit wat die eerste vlak van differensiasie meebring en rig. Jeugbediening, is so gesien, niks anders as die normale bedieninge nie, maar met inagneming van die bedieningseie en die jeugeie (Nel 1998:88).

Jeugbediening word deur Nel (1998:96) soos volg gedefinieer:

a) Jeugbediening is die bemiddeling van die koms van God deur sy Woord en die diens van mense, deur alle modi van bediening, op 'n gedifferensieerd-toegespitste wyse aan, met en vir die jeug, as 'n integrale deel van die gemeente, of
b) Jeugbediening is 'n omvattende gemeentelike bediening waar God, deur alle vorme van die bediening en met besondere inagneming van die ouers (of hul plaasvervangers), op 'n gedifferensieerd-toegespitste wyse na die jeug (as wesenlike deel van die gemeente) en ook deur die gemeentejeug na die wêreld kom, of
c) Jeugbediening is 'n omvattende gemeentelike bediening

- deur alle vorme van die bediening,
- met besondere inagneming van die ouers (of hul plaasvervangers)
- op 'n gedifferensieerd-toegespitste wyse
- onder leiding van en deur die ampte
- aan, met en deur die jeug (as wesenlike deel van die gemeente), en ook
- met en deur die gemeentejeug aan die wêreld.

Potgieter (2003:32) sluit hierby aan. Volgens hom is die dienswerk aan die jeug nie jeugwerk of "entertainment" van ons tieners nie. Daar is 'n radikale verskil tussen iemand wat 'n werk doen en iemand wat met 'n bediening besig is. Jeugwerk word pligshalwe

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

gedoen terwyl jeugbediening uit die hart kom om die jeug te begelei om dissipels van Christus te word. Daarom kan die jeug ook nie net besig gehou word nie, maar moet hulle in gehoorsaamheid aan Christus bedien word sodat hulle mekaar en die samelewing met die liefde van Jesus Christus sal bedien.

Nel (2004:27-28) sluit hierby aan wanneer hy skryf dat: "gemeenteleiers eerstens hul diens-identiteit moet herontdek." 'n Mens sou dit ook ons bedieningsidentiteit kan noem. Ons bediening as gemeente in die wêreld is 'n herontdekking van hoe God in en deur ons besig is om sy wêreld heel te maak. Die toets vir bedieningsverstaan is wat Maandag tot Saterdag, weg van die gemeente-sentrum, gebeur. Dit vra ook na 'n reformatoriese verstaan van die kerk. Reformasie is tegelyk om te word wie en wat ons reeds is, naamlik "gemeente van Christus". In Suid-Afrika is dit nie maklik om weer kerk te word nie. Ons staan in die vlakskadu van 'n tyd toe die gemeente vir mense baie dinge was, alles behalwe "gemeente van Christus", eerder: kultuurklub, gesagsinstituut, handhawer van tradisionele waardes, ens.

Leiers staan voor die uitdaging om hul eie wese weer te vind binne die Christelike reformatoriese wese van die gemeente as gemeente van Jesus Christus. Elkeen wat gegryp is deur die groter werklikheid en plan van God vir die gemeente, weet sy rol het verander. Die leier word opleier, afrigter en regisseur van 'n span wat deur God gekies is en met gawes geseën is.

Doelgerigte diens aan die tieners beteken dat daar 'n kultuurverandering binne die tradisionele opset moet plaasvind. Dit bring mee dat die tieners begelei word om Jesus se waardes en etiese lewe hul eie te maak. Potgieter (2003:33) noem dit "dissipelskap". Daar is dus 'n nuwe spiritualiteit wat onder die gemeente se jeug geskep moet word, een van dissipelskap.

Die era waar programme aangebied word by die kerk en jongmense net toeskouers is, is verby. Die klem moet lê op verhoudingsbou. Dit neem tyd om verhoudings te bou. 'n Verhoudingsgebaseerde jeugbediening vereis 'n langtermyn verbintenis van die gemeente. Die gemeente moet bereid wees om te belê in jeugleiers, predikante en kategete wat ernstig is oor die jeugbediening en bereid is om baie tyd hierin te spandeer. Jongmense soek steeds rolmodelle wie hulle kan vertrou en hul lewens mee kan deel. 'n Verhouding kom

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

van twee kante af en is deelnemend en interaktief. Jongmense soek intimiteit en 'n gevoel van "behoort aan" by hulle gemeentes. Hulle wil eerder sit en gesels by die kerk as om na lesings te luister. Jongmense wil praat met mense wat hulle kan vertrou. Vermaaklikheid en aktiwiteite by die kerk kan 'n middel tot die doel wees om verhoudings te bou (Van der Westhuizen 2000:7-8).

**3. Familiegemeente**

In die vorige hoofstuk is alreeds klem geplaas op die ontsettende belangrike rol wat die ouers in die lewe van die tieners speel. Hier sal spesifiek gekyk na wat die rol van die ouers in die lewe van die kind is, ten opsigte van geloofsvorming. Wêreldwyd word daar teruggekeer na gesinne in die jeugbediening (Olson & Leonard oa:64; De Vries 1994).

Freudenburg & Lawrence (1998:10) beskryf die rol van die ouers soos volg: "Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for building faith in young people and for passing faith on from one generation to the next".

Met hierdie stelling stem Nel (1985:14) saam. Hy skryf: "Vir jare reeds word dit aanvaar dat ouers die grootste invloed op kinders het en dat ongeveer 90% van 'n kind se lewensbeskouing deur oorname by sy ouers (of in kontras met sy ouers) bepaal word."

As basisteoretiese uitgangspunt word hier gehandhaaf dat die kinders van verbondsmense; mense met 'n verhouding met God en met mekaar, integraal deel is van die geloofsgemeenskap van die gemeente in sy "gestaltes". Gedurende die jeugfase van die mens, waar verhoudings oorheersend belangrik is, is dit van wesenlike belang dat die jeugbediening ekklesiologies/ somaties verantwoord is. Binne die verhouding met ander groei die jeug geestelik en leer hulle dat hulle deel is van 'n dienende gemeenskap van gelowiges (Nel 2001b:18).

Binne hierdie ekklesiologiese (korporatiewe) ruimte is daar 'n kleiner eenheid aan wie God op 'n besondere wyse 'n hermeneutiese funksie gee – die gesin. Binne die Bybel speel die gesin ook 'n unieke rol. Hier kan spesifiek verwys word na die paasmaaltyd (Exodus 12)

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

en die bekende gedeelte in Deut. 6 aangaande geloofsopvoeding en gesinne (Potgieter 2003:57). Kinders moet kom tot die verstaan van wie God is en hoe God met mense handel.

Binne die huisgesin word God en sy handelinge op die mees natuurlike maniere aan huisgenote geïnterpreteer. In hierdie hermeneutiese ruimte kom jy op die mees spontane en "natuurlike" wyse tot verstaan. Dit beteken nie dat God aan hierdie ruimte gebind is en dat verstaan nie kan plaasvind waar en wanneer hierdie ruimte ontbreek of stukkend is nie. Die gesin stel nie perke aan God se vermoë om tot verstaan te bring nie. Die tyd waarin ons leef, vra besondere sensitiwiteit vir die krisisse van gesinne. Duisende kinders word nie meer in tradisionele gesinne groot nie, maar is deel van enkelouergesinne en kom uit gebroke huise. Hierdie feit moet in jeugbediening ten volle verreken word. Die beklemtoning van die gesin as hermeneutiese ruimte mag op geen manier gebruik word om die seer van mense nog seerder te maak nie – ook nie om in die minste die gedagte te skep dat iemand binne 'n gesin 'n voorsprong op genade het nie (Nel 2001b:20-21).

Dikwels dra gemeenteprogramme eerder by om "gesinsversnippering" te bewerk en staan voor in die ry om die eenheid wat as die waardevolste beskou word, te ondergrawe. Enige gemeente-program wat by die ouers oorneem, gaan te ver. Die gesin is in die kerklike jeugarbeid van primêre belang, nie net omdat die sosiologie dit bevestig en uitwys nie. Die gesin is in die kerk belangrik omdat dit God behaag om sy verbondsgenade in gesinne en deur gesinne bekend te maak. Dit is 'n opdrag aan ouers om binne die gesin as ouers die groot dade van God oor te dra en in te skerp. Verbondsonderrig binne die gesin vloei uit die harte van verbondsouers wat God ken, liefhet en dien. In so 'n gesin is verbondsopvoeding en -onderrig nie 'n ekstra nie. Dit is deel van 'n leefwyse. Sulke ouers is wat hulle sê; leef wat hulle voorskryf; verduidelik met hulle lewens wat hulle hulle kinders voorsê om te doen. Hulle woorde verklaar hulle dade en hulle dade ondersteun; maak waar wat hulle sê. So loop God se verbond van geslag tot geslag (Nel 1985:15).

Die waarheid waarom dit hier gaan, naamlik dat die gesin 'n hermeneutiese ruimte is, beteken dat God in sy wysheid binne verhoudings werk. Sy verbondsmatige handelinge met mense onderstreep dit ook. Ouers en kinders is die mees "natuurlike" voorkoms van hierdie verhoudings. Waar die verband vader-moeder-kinders om een of ander rede ontbreek, word die beginsel dat God binne verhoudings tot verstaan bring, nie opgehef nie.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Ander verhoudings kan ewe sinvol gevestig word. Dikwels vervul die uitgebreide familie die rol. Vir die doel van die studie word daar eerder die familie gekies, omdat daar so 'n verskeidenheid gesinne is. Die gemeente as "uitgebreide gesin", as familie, is in hierdie verband 'n onontdekte steunstelsel (Nel 2001b:21-22).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat God Homself op 'n besondere wyse in en deur die gesin aan die kind openbaar. Die gemeente het 'n belangrike taak om te vervul as deel van die geloofsfamilie. Die erediens is die geleentheid waar die gesin/familie saam onderrig kan ontvang, saam die Here kan aanbid en Hom op 'n besondere manier kan ontmoet.

## 4. Erediens

Met hierdie studie word spesifiek gefokus op die tieners se bedieningsbehoeftes binne die erediens. Daarom sal daar hoofsaaklik sake aangeraak word wat lig op die onderwerp kan werp.

Op die vraag wat word bedoel met die woord "erediens" kan die volgende as begripsverheldering dien. Volgens Barnard (1981:58) word die woord "erediens" gebruik om "uit te druk wat bedoel word as die Christene gesamentlik God in die openbaar eer en verheerlik."

Barnard (1981:61) beskou die erediens as die gesig van die kerk. In die erediens sien ons die duidelikste die openbaring van die kerk. Nêrens tree die geestelike lewe van die kerk sterker en sigbaarder na vore as in die erediens nie. Die erediens is nie net die gesig nie, maar ook die hart van die gemeente. Hier voel 'n mens die pols en krag van die gemeentelike lewe en arbeid. "Die erediens is nie slegs die blikpunt of hoogtepunt nie, maar die organiese middelpunt in voortdurende verbinding van die heen en weer met alle ander gebeure van die kerk" (Barnard 1981:62).

Volgens Barnard (1981:63) is daar 'n duidelike verband tussen die erediens en die kerk. Indien daar verval in die erediens kom, werk dit deur tot verval van die kerk. Aan die ander kant, indien daar verval in die kerk kom, kom dit spoedig in die erediens tot openbaring. Die positiewe kant is gelukkig net so waar. Egte vernuwing van die erediens

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

veroorsaak vernuwing in die kerk. Waar egte vernuwing in die kerk kom, werk dit ook deur na die erediens.

Die kritiek wat teen die erediens uitgespreek word, loop oor ‘n baie breë linie. In ‘n artikel wat Beukes in die Praktiese Teologie van Suid-Afrika 3 (1987:2-3) geskryf het, is die kritiek wat teen die erediens uitgespreek word, soos volg uiteengesit:

Een van die kernpunte is die feit dat die erediens die moderne mens nie meer aanspreek nie. Die mense voel dat die taal wat tydens die erediens gebruik word, nie dieselfde is as wat daagliks deur die lidmate gebruik word nie. Die lidmate voel dat hulle die taal van die prediker nie verstaan nie. Die lidmaat luister na onder andere die preek, maar “hoor” nie wat die prediker sê nie. Die gebed kan dalk met die lippe saam gesê word, maar die persoon se hart is op ‘n ander plek, omdat hy nie verstaan wat die prediker sê nie.

Die sang word beskryf as te dood. Dit is veral die melodie wat uit die gryse verlede kom. Die tempo is te stadig en uit pas met die sang wat veral die jongmense aan gewoond is om elke dag te sing.

Teen die prediking word veral baie kritiek uitgespreek. Die predikant preek en die lidmaat bly passief en onbetrokke sit. Die grootste deel van die erediens is die lidmaat onbetrokke. Die prediking handel dan oor temas wat vir die mens lewensvreemd is. In die prediking word nie die antwoorde op die lidmaat se vrae gegee nie. Die erediens is afgeskerm van die alledaagse lewe. Die preek staan aan die rand van die polsende lewe en daarom is dit tydloos en onaktueel, lewensvreemd en irrelevant.

Naas die prediking en sang kom die gebed ook soms onder die voorhamer van kritiek. Afgesien van die taalprobleem, is die gebede dikwels te lank en te lewensvreemd. God en sy lof word volkome besing, maar die mens en sy nood word hanteer of dit nie bestaan nie.

Waar die kritiek soms gerig is teen ‘n enkele aspek van die erediens word die hele vorm van die erediens soms bevraagteken. Dit word beskryf as ‘n “one man show” waar een mens aktief betrokke is en die res meedoen sonder dat hulle weet wat hulle doen. Dit word beskryf as ‘n koue, hartelose, formalistiese byeenkoms. Hier is alles in vaste vorm gegiet. Spontaneïteit is volkome onmoontlik. Die mense is harteloos teenoor mekaar –

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

waarskynlik onbewus van mekaar se vreugde en leed. Die erediens word beskryf as "Geesloos". Dit lyk asof hier nie plek is vir die besondere werking van die Heilige Gees nie. Die mens beplan alles en bereken self die resultate.

Dit was interessant dat die artikel wat in 1987 geskryf is in 'n groot mate die kritiek wat vandag steeds teen die erediens uitgespreek word, vervat. 'n Moontlike manier waarop die gemeente meer betrek kan word en die prediker meer in kontak kan kom met die leefwêreld van die gemeente is om met 'n preekwerkgroep te begin.

Van Wyk (2002:100) haal Pieterse aan wat daarop wys dat die tendens vandag is dat daar gesoek word na 'n prediking wat niemand uitsluit nie. Die boodskap moet tot almal in die gemeente en daarbuite kom. 'n Prediking wat niemand uitsluit nie, beteken ook dat die gemeente as deelnemers aan die preekgebeure beskou moet word. Daar sal dus ruimte geskep moet word waar die gemeentelede in gesprek met die leraar kan tree.

Pieterse (1985:135:) is van mening dat preekwerkgroepe die kommunikasievermoë van die preek kan verhoog, of verbeter. 'n Empiriese ondersoek wat deur hom gelei is, het aangetoon dat predikers nie presies weet wat die vlak van kennis, die verstaan, die assosiasies en interpretasies van gemeentelede is nie. Daarom vind predikers dit moeilik om vir die gemeente die teks toe te pas en konkreet te maak (Pieterse 1985:131). Dit is ook nodig om konkreet uit te vind hoe die gemeente voel en dink oor 'n teks wat die prediker vir 'n spesifieke preek gekies het.

Alle mense verwag om in die erediens 'n lewende ontmoeting met God en sy gemeente te beleef. Jongmense is besonder sensitief vir egtheid, warmte, liefde, blydskap en betrokkenheid. Hulle het 'n intense behoefte aan die egte lewe en wil dinge beleef (Nel 1985:21).

Van die klagtes rondom die eredienste wat genoem word, is dat die redelike vaste vorm in die erediens (die liturgie) die werking van die Heilige Gees aan bande lê. Daar is mense wat voel dat hulle nie vooraf sal weet hoe die Gees hulle sal lei nie en hulle wil Hom nie aan bande lê nie. Die NG Kerk is gevoelig vir die Heilige Gees en sy werking word nie aan bande gelê in die kerk nie. Dit is egter 'n valse spiritualisme om alle vorms in die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

erediens te verban (Barnard 1981:496). Daarom sal daar nou gekyk word na die liturgie en die gebruik daarvan tydens die erediens.

**5. Siening rondom die liturgie**

Die doel van hierdie verhandeling is nie om die liturgie en die preek breedvoerig te bespreek nie, maar net 'n siening te gee soos dit pas binne die tema van my verhandeling.

Die preek word dikwels gesien as die enigste wesenlike deel van die erediens. Die res van die erediens word beskou as 'n blote aanhangsel. Dit is egter nie die waarheid nie. Beukes (1987:21) stel dit duidelik dat die prediking wel 'n wesenlike deel van die erediens is, maar nie die enigste deel nie. Die erediens vorm 'n eenheid. Elke element van die erediens vervul 'n funksie en het 'n doel. Om die erediens werklik sinvol te maak, moet die voorganger aan elke deel van die erediens die nodige sorg bestee. Die liturg se voorbereiding en aanbieding moet van so 'n aard wees dat die gemeente onder die indruk verkeer dat die ander elemente ook 'n wesenlike deel van die erediens is.

Barnard (1981:51) meen dat die woord liturgie gebruik word om die Christelike erediens mee aan te dui. Die liturgie omvat al die woorde en handelinge van die volle erediens, met insluiting van die preek (nie die inhoud van die prediking nie), en die nagmaal; sowel as ander handelinge soos die doop, die openbare belydenis van geloof, die bevestiging van ampsdraers; ook van ander dienste soos gebedsdienste, Bybelstudie deur die gemeente, huweliks- en begrafnisdienste (Barnard 1981:52).

Van der Merwe (2004:3) noem dat die gereformeerde kerke lank die preek as hoogtepunt van die erediens beskou het in 'n poging om op die sentrum te konsentreer. Hy beskou die erediens eerder as 'n gemeenskaplike of gemeentelike ruimte – 'n kragveld van die beloftes van God. Hierdie kragveld kan gesien of nie gesien word nie. Dit kan beleef of nie beleef word nie. Oor die teenwoordigheid van God kan in verwondering gestaan word of Hy kan skouer-optrekkend geïgnoreer word. Maar hierdie teenwoordigheid van God en hierdie kragveld van die beloftes van God kan nie deur ampsdraers of wie ook al aangebring, aangehelp of vernietig word nie. Dit kan bloot ontdek word. Ongelukkig kan

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

swak liturgie dit ook bedek. Goeie liturgie aan die anderkant kan die ruimte oophou vir hierdie selfopenbaring van God in die erediens.

Verskeie faktore kan groei in die liturgie benadeel, maar volgens Müller (1987:35-36) is tradisionalisme, ritualisme en wettisisme die gevaarlikste. Tradisionalisme is die verabsolutering van die tradisie. Tradisionalisme sou beteken dat liturgiese handelinge en spreke tot die tydlose verhef sou word en as't ware onaantasbaar word. Liturgiese ritualisme beteken dat gebruike of handelinge in die erediens, ongeag die betekenis, gehandhaaf word. Dan word die rite bloot beskerm ter wille van die rite, sonder dat daar gevra word na die betekenisinhoude. Liturgiese wettisisme ontstaan wanneer die gestalte van die erediens in ritueel wettiese sin verstaan word. Die gangbare liturgiese orde word verstaan en beleef as 'n onverbreekbare wet. So kan ware liturgie stadig maar seker dood gewurg word.

Daar word soms van "liturgie" gepraat asof dit bloot na die orde van 'n erediens verwys. Liturgie sluit die orde waarin die erediens verloop in, maar is baie meer as net die orde. Liturgie is die diens aan God wat telkens weer vorm aanneem in 'n bepaalde erediens. Dit is ook een van die hoogste vorme van diens aan die medegelowige, want waar hande gevat word en saam gestem word in aanbidding voor die lewende God, word werklik 'n diens aan die medemens bewys (Müller 1987:34). Wat in die liturgie gebeur is dus die diepste uitdrukking van geloofsvisie en geloofservaring. Liturgie word nie iewers (in 'n kommissie of sinode ) gemaak nie, dit groei saam met die kerk (Barnard 1981:486).

Uit verskillende oorde word die begeerte uitgespreek om by alles verby te gaan en die grondvorm of die grondstruktuur van die erediens bloot te lê. Daar is ook verskillende persone en instansies wat meen dat hulle so 'n grondvorm in die erediens kan aantoon en dat dit die basis vir die vormgewing moet wees (Barnard 1981:521).

Vervolgens sal daar na 'n paar van hierdie strukture gekyk word (Barnard 1981:522-528):

1. 'n Viervoudige struktuur. In die "Orden voor de Eredienst van de Gereformeerde Kerken" in Nederland, word betoog as sou daar 'n klassieke grondstruktuur vir die erediens bestaan, en wat die volgende bevat:
    - intog

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

- verootmoediging
- diens van die Woord
- diens van die offerande en nagmaalsviering. Hierdie struktuur word nie so in die Skrif of in die geskiedenis aangetref nie, maar kan slegs gedeeltelik so saamgevat word. Dit is egter baie kunsmatig en kan nie al die elemente daaronder tuisbring nie. Van die intog word te veel gemaak, terwyl die gemeente reeds in die kerk op hulle plekke sit.

2. J Calvyn gaan uit van Handelinge 2:42 waar hy hierdie vier grondelemente onderskei:
   - prediking van die Woord
   - gebede
   - nagmaal
   - dankoffers

   Calvyn word hierin gevolg deur die Heidelbergse Kategismus (Sondag 38) wat by die uitleg van die vierde gebod dit stel dat die gelowiges op die rusdag saam met die gemeente ywerig moet opkom "om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here aan te roep en aan die armes Christelike liefdesgawes te bring".

3. Die erediens is 'n lewende gesprek tussen God en mens. Barnard (1981: 526) stel dit duidelik dat daar nie vanuit die Skrif 'n duidelike grondstruktuur aangewys kan word nie. Daar is duidelike elemente van die erediens en onder die elemente kan 'n paar van die belangrikstes uitgelig word, naamlik die prediking, die sakramente, die gebede en die diens van barmhartigheid.

   Uit die Skrif is die wese van die erediens vasgestel as 'n lewende gesprek tussen God en sy volk. In hierdie gesprek vind daar 'n wonderlike ontmoeting met die Here plaas, sodat die gemeente dit kan beleef en met ware aanbidding kan antwoord.

   As gesprek begin die erediens by 'n bepaalde punt en op 'n bepaalde wyse, dit verloop in die vorm van woord en weerwoord, wat elkeen sy plek in die gesprek het. Daar is verskeie belangrike momente, waarvan die belangrikste

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

seker is die aanspreke van God deur sy Woord en die mens wat daarop antwoord.

Daarom word hier nie uitgegaan van 'n struktuur nie, maar van die wesentlike van die erediens wat volgens bepaalde grondbeginsels 'n vorm moet verkry. Daar word dus nie een of ander struktuur uit die geskiedenis of van elders in die erediens ingedra nie of van buite opgelê nie, maar daar word gepoog om vanuit die wese van
die erediens die grondelemente in so'n orde te plaas dat dit die beste bedoeling van die Skrif vertolk.

Raamwerk vir die erediens volgens Barnard (1981:527-528):

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van die wet
5. Verootmoediging en skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging en retensie
7. Sang
8. Gebed om die opening van die Woord
9. Skriflesing
10. Preek
11. Sang
12. Lees van die nagmaalsformulier
13. Sang
14. Geloofsbelydenis
15. Gebed om seën by nagmaal
16. Uitdelingsformule
17. Uitdeling en kommunie
18. Lofprysing
19. Opneem van offergawes
20. Slotsang
21. Seën

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

'n Hedendaagse omskrywing van die Reformatoriese liturgie vind ons by Müller (1999:56-57). In die lig van die Skrif, die gereformeerde belydenis, die liturgiese tradisie en van logiese verstaanbaarheid, kan ses hoekstene in 'n bepaalde volgorde neergelê word. In hierdie hoekstene word die mees wesenlike van die verhouding tussen God en sy verbondsgemeente uitgedruk. Hy praat van hoekstene en boustene. Volgens hom is die hoekstene ononderhandelbaar terwyl die boustene afgewissel kan word.

| **Hoekstene** | **Boustene** |
|---|---|
| 1. DIE AANVANG EN GROET | |
| | 1.1. Voorbereiding |
| | 1.2. Votum |
| | 1.3. Seëngroet |
| | 1.4. Lied |
| 2. VEROOTMOEDIGING EN VRYSPRAAK | 2.1. Skuldbelydenis |
| | 2.2. Vryspraak |
| | 2.3. Lofliedere |
| | 2.4. Wet |
| 3. PREDIKING | |
| 4. SAKRAMENTE | |
| | 4.1. Doop |
| | 4.2. Nagmaal |
| 5. ANTWOORD | |
| | 5.1. Geloofsbelydenis |
| | 5.2. Gebed |
| | 5.3. Offergawes |
| | 5.4. Antwoordlied |

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

6. WEGSENDING

Die basis van die liturgie is geërf van die Reformatoriese erediens en het verskeie krisisse en lewenshoudinge van die verlede weerstaan (bv. die verligting). Die rede hiervoor is waarskynlik omdat dit op die Skrif gebou is.

## 6. Vernuwing

"Vernuwing" is een van die woorde wat deesdae op almal se lippe is. Daar is 'n klomp vrae wat oor "vernuwing" gevra kan word. Dit lyk of die vraag wat Ben du Toit so 'n tyd gelede in die "Kerkbode" gevra het, baie relevant is. Hy het in die "Kerkbode" van 22 April 2005 (bl. 7) 'n artikel geskryf met die opskrif: "Wanneer is vernuwing, vernuwing?" In hierdie artikel raak hy 'n paar belangrike aspekte rondom vernuwing aan wat 'n mens nie uit die oog mag verloor nie.

Hy skryf onder andere dat in die naam van "vernuwing" die karakter van gemeentes oral oor die land verander. Sommiges beskryf dit as diversiteit in die kerk. Ander praat van transformasie in die kerk. Vir sommige is hierdie verskynsel ontstellend en voel hulle hulself al meer vreemd in die kerk. Sommige beleef dit as bedreigende verlengstuk van die politieke transformasie in die land. Vir ander is dit weer 'n teken van lewe en moet hierdie nuwe energie in die kerk nie alleen aanvaar word nie, maar ook verwelkom word.

Dat hierdie geskakeerde gesig van die kerk 'n realiteit is, is nie te betwyfel nie. Die vraag is: wanneer het vernuwing en andersheid dalk 'n alternatiewe spiritualiteit – en inderwaarheid dus 'n ander uitdrukking van die Christelike geloof geword?

Sommiges vra, hoekom moet ons so besorgd wees oor ons identiteit? Gaan dit nie vandag oor groter sake nie? Gaan dit nie oor groter samehorigheid en toleransie nie? Moet ons nog steeds vasval in ou kategorieë soos Gereformeerd en Rooms-Katoliek? In baie gevalle sal die ver-charismatisering van die NG Kerk dan juis gesien word as 'n wegbreek uit

hierdie ou sieninge. Vandaar die populêre siening onder baie dat vernuwing in die NG Kerk onder meer gemeet kan word aan:

- ‘n Erediens-atmosfeer met klem op staande sang en dikwels ook Engelse liedere aan die begin, definitief sonder die orrel.
- ‘n Klem op ervaring en ekspressiewe handelinge soos hande opsteek met emosionele meevoering.
- Die begeerte wat baie lidmate het om herdoop te word en die beoefening van die besondere gawes soos profesie, spreek in tale, demonstratiewe bid vir siekes en bevryding van bindinge met gepaardgaande manifestasies: sterk klem op die individu se ervaring.

In hierdie konteks is sinode en kerkverband dan nie gewilde begrippe nie. “Wil net aan die Here gehoorsaam wees” hoor ‘n mens dan en dit word gebaseer op eie spirituele ervaring. Enige spirituele ervaring word as ‘n ware openbaring van God en as bepalend beskou, daarom word kerklike kontrole en gesag met agterdog bejeën.

Van der Merwe (2004:1-3) skryf met reg dat praktiese erediensvernuwing nie ‘n ongekompliseerde saak is nie. Hy noem dat daar hoofsaaklik 3 dwaalspore is waarop mens kan beland. In die eerste plek kan ‘n mens dink dat die besluite oor praktiese gestaltegewing van die erediens ‘n blote kwessie van eietydse styl is, dus teologies neutraal is en bloot daarop gerig is om meer “verbruikersvriendelik” en minder “lewensvreemd” te wees. Wat dan in die liturgie ingesluit of uitgesluit word, word net na willekeur besluit na gelang van die individu se smaak. Dit is nie maar om’t ewe watter veranderinge ons in die erediens aanbring van Sondag tot Sondag nie. Hy haal Noordmans aan wat waarsku dat ‘n mens met klein liturgiese veranderinge weliswaar onnadenkend en onbedoeld teologiese sieninge en beelde van God “insmokkel”, wat ons sou laat skrik as dit vir ons eksplisiet duidelik sou wees. Die erediens is dus die gesig van ons teologie.

Die tweede dwaalspoor sou die pragmatisering van die erediens genoem kan word. Om die erediens doelmatig in te rig sodat ‘n mens met mense ‘n bepaalde resultaat of uitkoms kan bereik, is teologies verdag, minstens as ‘n persoon vashou aan die reseptiewe modus van die gereformeerde “sola fide”. Die erediens is nooit ‘n primêr menslike handeling nie,

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

maar bly die manier waarop God Homself aan ons prysgee, waarop ons ons dan inlaat en in ons telkens nuutgevonde Christelike vryheid met geloof, hoop en liefde reageer.

Die derde misverstand kan ontstaan weens die gebruik van die term "vernuwing" van die erediens. Die indruk kan gewek word dat die erediens as sodanig aan die een of ander gebrek of tekortkoming ly wat aangevul behoort te word en in ernstige gevalle selfs heeltemal oorontwerp behoort te word. Dit sou neerkom op 'n fundamentele wantroue in die teenwoordigheid van God wat deur sy Gees in Woord en Sakrament 'n egte ontmoeting met sy gemeente in die erediens bewerk. "Erediensvernuwing" is veel meer 'n verrassende ontdekkingsreis, of meer akkuraat, 'n herontdekkingsreis as een of ander 10-punt hervormingsprogram. Om te ontdek is dan ook letterlik om die deksel van iets af te haal sodat dit wat binne is, tot verskyning of tot nuwe werking kan kom.

Miskien is die grootste probleem hier dat "vernuwing" maklik met "verandering" verwar word. Dalk moet daar meer in die rigting van "verdieping" gesoek word. Ou waarhede en gewoontes word "nuut" gesien, gebruik en geïntegreer in die manier van kerkwees en erediens hou. Dit is dan nie 'n invoer van 'n ander spiritualiteit nie, maar 'n ontginning of herontdekking of intenser waardering van die genadeskatte wat alreeds aan ons toevertrou is. Vernuwing gaan dalk meer oor dieper dink as oor anders doen in die erediens. Egte vernuwing in die kerk is 'n vernuwing van gees (Rom 12:1-2), 'n verandering van lewe (2 Kor 5:11-21), wat sigbaar word in werke van liefde en genade in die lewenskonteks van die gemeente (Rom 12:9 vv). Egte evangeliese verandering vind plaas wanneer tekens van hoop opgerig word in die lewens van stukkende, verwaarloosde, gebroke en sondebelaste mense (Die Kerkbode 2005:7).

Ten einde verantwoordelik met vernuwing om te gaan, is dit goed om net weer 'n keer te kyk na wat verstaan word onder die Gereformeerde identiteit van die NG Kerk. Vernuwing binne die NG Kerk kan net werklik vernuwing wees wanneer die teologiese identiteit van die gereformeerde spiritualiteit nie prysgegee word nie.

Piet Naudé (Kerkbode 10 Junie 2005:11) het 'n artikel geskryf waarin hy poog om 'n duidelike en verstaanbare profiel te teken van 'n gereformeerde verstaan van die evangelie. Dit word in die volgende 10 punte saamgevat:

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

1. Uit 'n historiese perspektief is dit belangrik om te weet dat gereformeerdes stam uit die breër stroom van die Protestantisme met sy oorsprong in die 16de-eeuse Europa. Dit ontstaan vanuit die "protesteerders" teen die destydse vertekening van die evangelie in die Rooms-Katolieke Kerk in 'n poging om van binne te hervorm. Na 'n bittere stryd loop dit later uit op die vorming van 'n nuwe kerk, aanvanklik die Lutheraanse Gereformeerde kerke en later vele ander.

2. Die Christelike geloof het uit 'n hele paar tradisies ontwikkel, elk met sy eie kenmerke:
    - In die Katolieke en Ortodokse tradisies staan die sakramente sentraal. Die kerklike tradisie is normatief en die kerklike gesag word hiërargies vergestalt.
    - In die Pentekostalistiese tradisie staan die vrye werking van die Gees sentraal. Dit is profetiese insig wat normatief is in elke nuwe tyd. Die kerkverband word onderbeklemtoon ten gunste van vrye individuele gemeentes met sterk leiers.
    - In die Gereformeerde tradisie staan die Bybel sentraal en is die belydenisskrifte, omdat dit met die Bybel ooreenstem, normatief. Die kerklike gesag word Christologies en binne die kerkverband verstaan (Christus is die enigste hoof en kerkleierskap is posisies van diens en nie van heers nie.)

3. Een van die bondigste maniere om die kern van gereformeerdheid uit te druk, is deur die vier "sola's":
    - Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie en teenoor die natuurlike kennis van God, staan **"sola Scriptura"** ("net die Skrif").
    - Teenoor die bemiddeling deur die priesteramp, staan **"sola Christus"** ("net Christus").
    - Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan **"sola gratia"** ("genade alleen").
    - Teenoor enige vorm van goeie werk om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan **"sola fide"** ("geloof alleen").

Hierdie "sola's" gee uitdrukking aan die leuse van die Reformasie dat ons altyd weer volgens die Skrif moet reformeer ("semper reformanda"). 'n Verstokte gereformeerde kerk is 'n teenstrydige begrip.

4. Omdat gereformeerdes die Bybel ernstig wil opneem en glo dat die evangelie nuut in elke tyd en plek gehoor moet word, is prediking as getroue Skrifuitleg die hart van die erediens.

5. Die kontekstuele verstaan van die Bybel is baie belangrik en die gereformeerde tradisie is die enigste een waarin belydenisskrifte voorkom.

6. Gereformeerdes lees die Bybel as historiese en literêre dokument, ingebed in die kulturele wêreld van die Bybelse tyd. Dit versterk juis die belydenis dat die Bybel God se Woord in mensetaal is.

7. Sou 'n mens 'n hermeneutiese sleutel kies waarmee gereformeerdes die Bybel lees, sou die verbondsperspektief 'n goeie keuse wees. Dit stel gereformeerdes in staat om albei testamente ernstig op te neem, die Drie-eenheid in hul eenheid en onderskeidenheid te aanbid, die verbondsdoop as beste uitdrukking van God se genade te beskou en die doop en nagmaal as twee verbondstekens te gebruik.

8. In die 20ste eeu was daar 'n sterk opkoms van die Pentekostalistiese tradisie en daarom is dit nodig om 'n nog duideliker onderskeid te maak tussen hulle en die gereformeerde opvatting. Daar is beslis klemverskille:
   - Betreffende die werking van die Heilige Gees, is daar vir gereformeedes 'n enger verbintenis tussen die Gees aan die een kant en God se bekendmaking in Jesus Christus en die Woord aan die ander kant.
   - Betreffende die rol van gevoel en emosie staan gereformeerdes versigtig dat die objektiewe beloftes van God as bron en grond van ons geloofsekerheid nie vervang kan word met hoe naby mense aan die Here voel of hoe emosiebelaai lofprysing en aanbidding is nie.
   - Betreffende die doop staan gereformeerdes by die verbondsdoop as beste uitdrukking van God se liefde buite ons eie wil en keuse.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

- Betreffende die gawes van die Gees, verwerp gereformeerdes een gawe (bv. spreek in tale) as die uitsluitlike teken van Geesvervulling. Klem val daarop dat alle gawes (genesing, lering, ens.) tot opbou van die gemeente sal wees, omdat God se Gees self 'n Persoon en dus onverdeelbaar is.
- Betreffende die opvatting van die plaaslike gemeente, is die gereformeerdes altyd kerk-in-verband en staan hulle afwysend teenoor vorme van kerkplanting wat om welsprekende individue gebou en buite enige verband gestig word. Die eenheid van die verband, en eenheid met die hele Christelike familie is van deurslaggewende belang omdat Christus net een bruid het.

9. Daar is talle lyste beskikbaar van wat "tipies gereformeerd" sou wees. Een terugkerende motief is dat gereformeerdes (op die voetspoor van Calvyn) vas glo dat God se heerskappy oor die ganse skepping en elke dimensie van die samelewing strek. Hier is 'n sterk koninkryksperspektief met 'n wil om die regswese, die opvoeding, politiek en ekonomie so te omvorm dat dit altyd weer beter aan die Here se wil sal beantwoord.

10. Gereformeerdes het dwarsdeur hulle geskiedenis 'n sterk rol in die ekumene gespeel. Hier is 'n sterk afwysing van 'n sektariese gees van afskeiding en kerkskeuring, 'n openheid om by ander te leer, en 'n eksplisiete teruggryp op die simbole van die vroeë kerk, te wete die Belydenisse van Nicea en die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Dit is goed om te onthou wat dit beteken dat die NG Kerk gereformeerd is, veral wanneer daar na lofprysing en aanbidding gekyk word, want oor hierdie aspek van die erediens is daar groot kontroversie.

Die NG Kerk het 'n eie unieke tradisie van lof en aanbidding (word verder net verwys na as aanbidding), maar word op verskeie terreine beïnvloed. Volgens Serfontein (2005:21-22) is daar 'n paar strominge wat deur die kerk gevloei het en hul merk gelaat het. Dit word vervolgens kortliks genoem:

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

## 1. Die "praise and worship" beweging

Die wortels van die "praise & worship" beweging lê in die Metodistiese Herlewing van die "Holiness Movement", wat sedert die middel en laat 1800's in die VSA ontstaan het, asook "African American Worship", wat 'n uitvloeisel was van slawerny. Die aanbiddings-kenmerke van hierdie beweging was veral 'n klem op die ervaring van die Gees tydens aanbidding. Dit het gepaard gegaan met emosionele, uitbundige en deelnemende aanbidding, asook die gebruik van die liggaam.

Die "praise & worship" beweging het in besonder tot uitdrukking gekom in die charismatiese beweging. Die aanbidding in beweging was selfs meer radikaal as tevore en het onder andere praat in tale, profesie, "sing en lag in die Gees" en die toevoeging van dans behels. Alhoewel hierdie beweging in 1900 begin het, het dit veral sedert die 1960's 'n groot invloed wêreldwyd gehad – ook op die hoofstroomkerke. Dit is as 'n vars bries beleef teenoor die styfheid wat in hierdie kerke aan die orde was. Die elemente wat hoofstroomkerke hieruit geneem het was veral die gebruik van musikale vloei ("free flowing praise"), die beskouing van "worship" as 'n ontmoeting met God, ruimte vir die gawes van die Gees tydens "worship" en deelnemende "worship" (liggaamlike gebruik).

## 2. Die "seeker service"

Willow Creek word algemeen beskou as die geboorteplek van die "seeker-beweging", wat sy wortels het in die herlewingsprediking en evangelisasie in koloniale Amerika. Dit is 'n benadering wat poog om relevant te wees vir mense buite die kerk, onder andere deur kultureel relevant te wees in hul kommunikasie. Hulle probeer dus iets bied wat die hoorder reeds ken en maak in hierdie opsig veral gebruik van multi-media, die kunste, kontemporêre musiek en tematiese prediking. Hierdie kerke maak ook effektief gebruik van bemarkings- en kerkgroei tegnieke in die proses om nuwe hoorders te bereik.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Die invloed van die "seeker-beweging" op hoofstroomkerke is ooglopend. Verskeie van die kenmerkende elemente uit hierdie benadering word (dikwels onkrities) deur kerke en gemeentes oorgeneem in 'n poging om kerklos mense te bereik. Die "seeker-beweging" lei in 'n groot mate tot die relativering van liturgiese tradisie en vra 'n meer pragmatiese vraag: "Will the liturgy help unbelievers to Christ?"

## 3. Kontemporêre "worship" musiek

Sedert 1970 het "worship" musiek wat beïnvloed en gevorm is deur populêre musiekstyle, stadig maar seker toegang begin kry tot kerke van alle denominasies. Die merkwaardige kenmerk van kontemporêre "worship" musiek is dat die oorsprong daarvan buite die grense van enige kerkverband lê – dit kom van kommersiële platemaatskappye wat 'n netwerk van liedjieskrywers, vervaardigers en uitgewers gebruik. Sedertdien het verskeie kerkgroepe hul eie etiket van kontemporêre "worship" musiek begin en liedere vir hul eie denominasie begin vervaardig.

Die kontemporêre "worship" mark is lank reeds die bron vir "worship" musiek in charismatiese kerke en die "seeker-beweging". Dit het ook reeds 'n groot invloed op die liedereskat van die hoofstroomkerke en word deur duisende lidmate gesing en geluister. Omdat hierdie musiek 'n noue assosiasie het met die populêre kultuur is dit gewoonlik gewild onder die jeug, en het dit ongetwyfeld 'n vormende invloed op hul Godsbeeld en ingesteldheid teenoor aanbidding.

## 4. Ander strominge

**Ander strominge** wat ook moontlik 'n invloed het op die "aanbidding" in die hoofstroomkerke word kortliks genoem:

- Etniese en kulturele verskuiwings in die Protestantse wêreld vra vir liturgiese inkulturasie.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

- Die tendens van verskillende generasies in die kerk, elk met sy kenmerkende Godsbeeld en wêreldbeeld, vra vir 'n teologie van diversiteit.
- Die Post-Modernisme, met sy klem op ervaring en beeldkultuur, stel bepaalde eise aan "worship".
- Die populêre kultuur stel 'n standaard waaraan kerke moeilik voldoen, maar waarmee die kerk tog moet probeer aanklank vind ten einde geloofwaardig te wees vir baie mense.

Wat die verskillende generasies betref kan daar ook sekere tendense onderskei word. Waar ander generasies ouer, bekende liedere wil sing saam met die orrel, wil hierdie generasie "medleys" sing met nuwe koortjies wat herhaal en deur elektriese kitare, "keyboards" en tromme begelei word. Die jonger generasies wil 'n meer intieme aanbiddingstyl hê met liedere wat tot God spreek. Die "Boomer-generasie" hou van lewendige, harde musiek "that celebrates God." Die ouer generasies hou daarvan om meer formeel oor God te sing. Kerke wat vir verskeie generasies saam bedien, moet hard werk om iets vir almal daar te hê. Dit lyk asof hulle moet fokus op kwaliteit en sensitiwiteit, seker maak dat daar verskeie style vermeng word met 'n inmekaar vloei van die oue en die nuwe. Dit sal ook nodig wees om die verskillende generasies te leer om mekaar te leer en te respekteer (http://www.futurechurch.co.za/?itemid=49).

Die NG Kerk het niks van die invloed van bogenoemde tendense en strominge vrygespring nie en dit is noodsaaklik om die implikasies en uitdagings daarvan deeglik te verreken. Dit wil voorkom of die groot uitdaging daarin lê om te vernuwe, sonder om die identiteit van die kerk in te boet. Soms gebeur dit dat 'n mens voel dat daar onder die vaandel van "vernuwing" afgewyk word van die gereformeerde belydenis en identiteit.

Marais (2001:53-58) beskryf hierdie vernuwing wat te ver gegaan het soos volg: "In die kerkgeboue word die preekstoel al meer vervang deur 'n verhoog om plek te maak vir die orkes, koordanse en allerlei opvoerings. Die orkes moet die mense in die regte stemming bring met musiek en sang. "As die gemeente sing, vlug die duiwel" word gesê. Dit beteken dat die tyd vir die prediking al hoe minder raak. Die prediker lei ook die verrigtinge sonder 'n baadjie of das." Marais (2001:55) skryf dan: "met hierdie slordige voorkoms en swak wêreldse musiek word hierdie jeug nie deur die volwassene nie, maar

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

die volwassene deur hierdie verwilderde jeug bereik. Deur af te daal na die taalgebruik en musieksmaak van die verwilderde jeug word in die erediens die bokke vermaak, in plaas daarvan dat die skape gevoed word met die brood van die lewe. Godsdiens word vir hulle 'n sousie om hulle gewetens toe te smeer, want die kerk keur blykbaar hulle voorkoms en gedrag goed. Hulle word nie daaroor aangespreek nie. En dit kan ons begryp, want die aspek word vermy om nie aanstoot te gee nie. Die kerklike byeenkoms word "lekker". Die kerklike owerheid is tevrede, want die verwilderde jongmense word bereik; hulle kom kerk toe. Lewendigheid en getalle word egter met lewe verwar."

Hy noem verder dat die kerk na die ander uiterste ook kan verdwaal met die kerklike liturgie en dit nooit afwissel nie. Die predikers kan onverstaanbare en vervelige preke lewer waarin die krag van die Heilige Gees ontbreek (Marais 2001:56).

Met hierdie gedagtes rondom "vernuwing" sowel as moontlike strikke waarin mens verstrengel kan raak, is dit goed om nou verder te kyk na die prediking.

## 7. Siening van die preek

Die prediking is die hart van die Evangelie. Onmiddellik na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag begin Petrus om te preek. Die apostels het aanhou preek totdat evangeliste, herders en leraars by hulle oorgeneem het en tot vandag toe in die christelike gemeentes preek. Die inhoud van die prediking is al gou deur die apostels geformuleer (Hand 2:22-36; 3:13-26; 4:8-21). Dit is 'n prediking wat die woorde en dade van God se heilsweg met mense uit die Ou Testament en die woorde en dade van Jesus Christus, soos dit neerslag in die Nuwe Testament gekry het, oordra aan die mense van elke tyd en konteks (Pieterse 2001:18).

Die Gereformeerde siening van die preek is dat dit die verkondiging van die Woord van God is, in die modus van die uitleg en toepassing van die teks, binne die boesem van die gemeente. Die begrip "uitleg" dui daarop dat 'n gedeelte uit die Bybel verstaan moet word in die konteks van die totstandkoming van die teks, dat die bedoeling van die spesifieke teks verstaan moet word, en dat die boodskap van die teks binne sy verband in die Skrif vasgestel moet word. Die begrip "toepassing" dui weer daarop dat die spesifieke boodskap

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

wat deur die eksegese vasgestel is, binne die konkrete situasie van die gemeente as 'n Godswoord vir die hoorders hier en nou moet aktualiseer (Pieterse 1988:73).

Nel (2005:30) beskou prediking as geloofsvorming en geloofsontwikkeling aan die hand van tekse. In die artikel haal hy Gerrit Immink aan wat van lerende prediking praat en daarmee bedoel dat prediking die vorming en ontwikkeling van geloof in die oog het, aangesien geloof nie 'n kwaliteit is wat ons vir eens en vir altyd besit nie; dit is 'n kwaliteit wat moet ryp word.

Wanneer 'n mens 'n preek maak, geskied dit as 'n hermeneutiese proses, of in ander woorde, 'n verstaansproses. Vanuit die perspektief van die prediking begin hierdie proses by die situasie van die gemeentelede. Die prediker moet die hoorders, hulle omstandighede, hulle ervaringe, hulle behoeftes en probleme deeglik ken. Hy moet dit eksistensieel ken. Dit beteken dat 'n mens dit jou eie moet maak. Dit moet jou hele wese deurdrenk. Jy moet die konteks van jou mense deurleefd ken. Sosiale analises moet deur die prediker en die gemeente van hulle eie gemeentlike situasies gemaak word (Pieterse 2001:19 & Long 1994:109).

Daar is geen plaasvervanger vir die persoonlike verhoudinge en persoonlike omgang wat in die pastoraat met gemeentelede opgebou en onderhou word nie. Die prediker behoort in die mense se huise te kom met pastorale besoeke. Daar word die omstandighede van die mense gesien en die nood en behoeftes van aangesig tot aangesig beleef. 'n Pastorale hart en solidariteit met die mense wat aan die prediker toevertrou is, is onontbeerlik. Met die eie konteks moet daar dan 'n spesifieke teks gekies word om uit te preek. Die keuse van 'n teks vir 'n spesifieke Sondag kan volgens 'n leesrooster wees, verband hou met die kerkjaar of dit kan 'n vrye keuse wees. Die prediker moet die Bybel goed ken. As daar spesifieke omstandighede is, moet die prediker die hand vinnig op die regte teks kan lê om dit aan te spreek (Pieterse 2001:19-20 & Pieterse 1994:46).

Die betrokkenheid van die preekteks en die werklike situasie van die gemeente is in 'n onlosmaaklike en wisselwerkende verhouding tot mekaar en uiters belangrik. Hier het ons te doen met die hermeneutiese proses, wat die beweging van die inherente dinamiek van die preekteks van die Skrifgeworde Woord tot die verkondigde Woord, begelei. As dit goed geskied, kan die preek 'n egte Woordgebeure wees. Dit is die ontsluiting van die

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

boodskap van die preekteks in die taal en situasie van die konkrete gemeente op so ‘n wyse dat die Woord van God in die teks tot spreke kom en deur die gemeente gehoor en geglo word. Hier het ons te doen met ‘n paar groothede, naamlik die preekteks (Bybelgebondenheid van die prediking), die gemeente in sy situasie (gemeente-gerigtheid van die prediking), die persoon van die prediker en die gemeentelede as persone. Verder is die interpretasie hier op die spel. Die prediking word dus nie net deur die teks bepaal nie, maar ook deur die gemeente en die persoon van die prediker (Pieterse 1985:15-16.)

Die preek is ‘n kommunikasiemiddel ten spyte van alle blokkasies wat daar in die kommunikasiekanale mag voorkom. In die gewone kommunikasieproses, wanneer mense gesels, word die rolle van sender en ontvanger gedurig gewissel. In ‘n preek bly die prediker altyd die sender. Die prediker kan moontlik beleef vanuit die konsentrasie van die gemeente dat daar kontak gemaak word met die hoorders, maar daar bestaan steeds ‘n risiko dat hy/sy misverstaan kan word. Afgesien van die gevare wat geen of gebrekkige terugvoering oplewer, aktiveer ‘n monologiese medium mense nie maklik tot dade nie (Müller 1983:91-91). Müller (1983:93) meen verder dat massakommunikasie mense nie oorreed tot nuwe gesindhede of oortuigings nie, maar hoogstens dien om mense in hul bestaande oortuigings te versterk.

Die meeste van predikante, gevra oor die prediking wil graag preke preek wat mense in hul onmiddellike leefwêreld aanspreek. Dit is tog niks minder nie as verantwoordelike hermeneutiek om die brug te slaan van die Bybelse leefwêreld na vandag se moderne leefwêreld. Van der Merwe (2005:27) haal Will Willimon aan wat skryf dat die verkeer wat op die hermeneutiese brug loop, nou al weer net een rigting gaan. Die moderne leefwêreld storm in die Bybelse teks in en sif links en regs – “Hierdie gedeelte praat met ons vandag”, “nee jammer, hierdie is regtig onprakties.” Die punt was nooit dat ons kultuur die Bybel moes lees nie; juis andersom – die Bybel lees ons kultuur! Deur “kontemporalisties” te preek, kan ons vergeet dat die Bybel nie soseer met ons moderne kultuur wil praat nie, as dat dit ons moderne kultuur tot bekering wil bring. Ons moderne kultuur is nie net asemrowende teologiese ontwikkelinge nie. Dit is ook die gewelddadigste tydperk in menseheugenis en ‘n kultuur wat nog bitter weinig kon doen aan ongekende armoede.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Vos en Müller (1989) skryf met reg in die voorwoord van hul preekbundel "Geboorte en kindwees": "Die prediking is in 'n krisis, nie omdat daar nie moeite gedoen word met preke nie, ook nie omdat die preke swak voorberei is en sonder oortuiging gelewer word nie. Die prediking is in 'n krisis omdat die vrae van die dag nie daarin aangespreek word nie. Dit waaroor die koerante skryf en waaroor die televisiedebatte gevoer word, vind nie werklik weerklank in die prediking nie. Daar is dus 'n gebrek aan aktualiteit. Die dominees is ernstig en geïnspireerd, maar klim van die kansels af en kant nog wal is geraak. Baie van die vraagstukke van die dag, het nie in die Bybelse tyd bestaan nie en kom nie as sodanig in die Bybel aan die orde nie. Sulke Bybelse beginsels moet langs omweë gesoek en geaktualiseer word. Dit is 'n moeisame pad en predikers kan nie altyd kwalik geneem word omdat hulle dit nie aandurf nie."

Nel (2001:10) noem dit dat baie persone nie meer (gereeld) eredienste bywoon nie, omdat hulle voel dat die prediking volgens hulle net nie op standaard is nie. Baie mense het weggegaan en gaan weg uit gemeentes, as gevolg van die prediking. Baie het al teruggekom en kom terug as gevolg van die prediking. Dit is so dat die mense wat in die banke sit die beste weet hoe predikante preek en hoe effektief of oneffektief hulle kommunikeer. Die prediker is die enigste wat nadat hier baie oor gepraat is, iets hieraan kan doen. Prediking is die verantwoordelikheid van die prediker.

Van Wyk (2002:5) meen dat prediking meermale irrelevant is, omdat die prediker of vashaak by die historiese tyd van die teks self, of deurdat die prediker nie die leefwêreld van die hoorder effektief in die Bybelteks laat meespreek nie. Dit is dus duidelik dat die prediking konkreet, relevant, eietyds en evangelies moet wees, anders slaag dit glad nie daarin om mense in verwondering voor God te laat staan nie.

Prediking is basies en sentraal in die opbou van 'n gemeente. Dit raak 'n geloofsgemeenskap aan en bring hulle in beweging in God se rigting vir die gemeente as God se geroepenes binne 'n bepaalde konteks. Dan vra Nel (2001:6) met reg: "Waarom is dit so? Waarom beweeg en selfs manipuleer predikers met min of geen goeie eksegetiese inhoud, 'n hele gemeente? Waarom is daar ander, wat met die beste bedoelings en inhoud denkbaar, net nie kontak maak met baie (soms die meeste) van die gelowiges in die erediens nie? Wat is die verhouding tussen persoon, persoonlikheid en prediking?"

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Uit bogenoemde word ‘n mens net weereens bewus van die ontsettende belangrike rol wat die persoon van die prediker in die preekgebeure speel en daarom word daar onder die volgende punt aandag hieraan gegee.

**8. Die persoon en persoonlikheid van die prediker**

Die preek en die persoon van die prediker kan nie van mekaar losgemaak word nie. Van Wyk (2004:15-16) haal Johan Cilliers aan wat die volgende sê: “Wie op die kansel staan, is ‘n mens van vlees en bloed, met ‘n eie geskiedenis, ‘n eie verhaal en ‘n eie worsteling met God. Wie op die kansel probeer om enigsins anders as haar- en homself te wees, maak van prediking iets anders as wat dit veronderstel is om te wees.”

Prediking is nie ‘n ek-lose gebeure nie. Maak nie saak hoe prediking gedefinieer word nie, daar is altyd iemand wat preek. Nel (2001:14) haal Brooks aan wat sê: “Prediking is inderdaad ‘truth through personality’”. Hy beskou die prediking as die fasilitering van die dialoog tussen teks, hoorder en teks. Meer korrek sou dit moet wees: die dialoog tussen God en die hoorder soos deur die Gees, deur die teks heen, geskep en onderhou. Prediking staan en val by die verhouding. Hierdie verhouding word deur God geskep en onderhou. Maar ook hierdie verhouding word deur God, binne ‘n verhouding en deur ‘n persoon, geskep en onderhou (Nel 2001:14-15).

Alvorens daar verder met die bespreking gegaan word, is dit nodig om eers te verduidelik wat met die terme persoon en persoonlikheid bedoel word. In die Psigologie-woordeboek (Gouws e.a. 1979:230) word dit soos volg beskryf:

Persoon is “een van die talle terme wat dui op die uitvoerder van gedrag wat deur die psigologie bestudeer word. Van al hierdie terme is persoon en individu die mees neutrale ten opsigte van die psigofisiese probleem.”

Persoonlikheid is “ ‘n Term wat in sy wydste betekenis dui op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van ‘n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom,

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore. Aangesien die persoonlikheid geleidelik ontwikkel gedurende die individu se lewensloop en dus nooit staties is nie, dui die term gewoonlik op die patroon van eienskappe op ‘n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe.”

Pieterse (1985:113-117) noem dat die prediker se kommunikasievernuf, sy gesindhede, sy kennis, sy kulturele agtergrond en die sosiale konteks waarin hy leef, ‘n invloed het op die wyse waarop hy sy boodskap kodeer. Hy noem dat egtheid aan die kant van die prediker een van die belangrikste vereistes is vir goeie kommunikasie. Dit verhoog die geloofwaardigheid van die boodskap. Selfbekendstelling (“self-disclosure”) speel hierin ‘n belangrike rol. Die prediker moet nie skroom om iets van homself te openbaar, van sy menslikheid, van sy stryd en sy ervaring met die geloof as mede-gelowige met die gemeente nie. Die egtheid van die prediker blyk veral deur sy liggaamstaal. Mense let in die eerste plek nie op wat ‘n mens sê nie, maar hoe hy dit sê. ‘n Egte persoon wat uit die hart praat, kommunikeer goed al is hy nie so vlot nie. Die prediker moet homself wees op die kansel. Dit is ‘n beginsel van jouself gee (“self-exposure”). Om te preek beteken ook om jouself te gee en jou lewe te waag vir die boodskap wat jy bring.

Vos (1994: 42) gaan verder en noem dat in ‘n preek elke swak- en sterkpunt van ‘n prediker duidelik word. Niks kan weggesteek word nie, alles word sigbaar: Sy hermeneutiese en eksegetiese vaardighede, sy vermoë om die teks van toepassing te maak op die elke dag se bestaan, sy hantering van taal, sy kommunikatiewe vaardighede en sy empatie en verstaan van die gehoor.

In die Kerkspieël van 2004 (Schoeman & Bisschoff 2004:124-126) is ‘n vraeboog aan predikante gegee en verskillende teologiese posisies aan hulle voorgehou. Die verskillende tiperings is nie in die vraeboog gedefinieer nie, daarom moes respondente bloot op die “klank” van sekere woorde aandui wat hul posisie is. Op elke tipering kon die respondent antwoord met “beslis”, “tot ‘n mate” of “glad nie”.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

| Watter van die volgende tiperings pas die beste by jou? | Beslis | Tot 'n mate | Glad nie |
|---|---|---|---|
| Evangelies | 64.3 | 32.2 | 3.5 |
| Gereformeerd | 82.2 | 16.1 | 1.7 |
| Fundamentalisties | 5.4 | 28.1 | 66.5 |
| Liberaal | 8.0 | 37.0 | 55.0 |
| Pentekostalisties | 1.9 | 23.5 | 74.6 |
| Charismaties | 6.1 | 38.9 | 55.0 |
| Vernuwend | 60.6 | 36.8 | 2.6 |
| Nuwe Hervorming | 2.4 | 8.7 | 88.8 |

Hiervolgens is daar 'n sterker aanduiding dat respondente hulle "glad nie" by "nuwe hervorming" (88.8%) sien as dat hul Gereformeerd is (82.2%).

Dit gee 'n goeie aanduiding van identiteit. Predikante is tegelyk gereformeerd, evangelies en vernuwend (Schoeman & Bisschoff 2004:125-126).

Die spiritualiteit van die pastor en sy/haar taak as geestelike begeleier is nou met mekaar verweef. Die een voed die ander en die een loop uit op die ander. Elke predikant moet voortdurend bewus bly van die risiko om net beroepshalwe en professioneel met die Woord van God om te gaan. Daarom is aandag aan sy/haar spiritualiteit baie belangrik.

Predikante leef in 'n tradisie waar hul geleer word en ingeoefen word om die Woord rasioneel te hanteer. Daarom is dit noodsaaklik om ook aan die ander elemente van omgang met die Woord aandag te gee. Die bekende "Lectio Divina" is hier van groot hulp (Bisschoff 2005:14). Dit behels die volgende vier sake:

1. Lectio – Die hardop lees van die Woord (verkieslik twee keer).
2. Meditatio – Om vrae soos: "Wat in die teks trek jou aandag en waarom?" te bepeins.
3. Oratio – Om dit wat jou tref in woorde van die hart vir God in gebed te sê.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

4. Contemplatio – Om in stilte te sit. Laat die wete dat God jou dra, jou vul.

Vanuit hierdie bewuswees van God in sy/haar eie lewe is die predikant meer sensitief vir sy/haar reisgenote se omgang met die Here.

Die prediking kan nie geskei word van die persoon van die prediker nie. God werk deur mense. Ek kommunikeer. Nie net wat ek sê nie, maar wie ek is, kommunikeer. Persoonlikheid kommunikeer. Die totale mens wat "ek is", is voortdurend by die preekgebeure betrokke. Natuurlik werk God deur die Heilige Gees in die prediker, maar die persoon van die mens is onlosmaaklik deel van die gebeure (Nel 2001:39-41 & Stott 1982:266).

## 9. Riglyne vir prediking aan die jeug

Wanneer alles wat gesê is oor die kerk, erediens en prediking in ag geneem word, is dit goed om na 'n paar riglyne te kyk wat kan help met die prediking aan die jeug.

Die empiriese situasie dwing die prediker om 'n teologiese bestekopname te maak en met kreatiwiteit 'n getransformeerde bedieningspraktyk te ontwikkel. As die aannames korrek is, het ook die postmodernisme in 'n sekere gestalte die mens se denkklimaat begin bepaal. Dit hoef nie die kerk met wringende hande, 'n "gespanne bekromptheid" of moedelose verlange na die goeie ou dae te laat nie. 'n Oormoedige houding van "voorwaarts-Christenstryders" is eweneens onvanpas. Die diskontinue geskiedenis en pluralistiese bewussyn skep die geleentheid om, met 'n ongelyktydige bewussyn, die paradoks van die Evangelie in die paradoks van die tyd (tussen modernisme en postmodernisme) te verkondig (Van Wyk 2002:246-247).

Elke tyd het sy eie uitdagings. Daarom moet in elke tyd nuut oor die Evangelie gedink en gepraat word. Hiervan word dramatiese illustrasies in die kanon gevind. Die relevansie van die evangelie was al dikwels op die spel. Dit maak die stryd om sosiale analise en hermeneutiek egter nie minder moeilik nie. Hierin het die Heilige Gees, soos Christus belowe het, die kerk nog nooit in die steek gelaat nie.

In die tyd waarin ons leef sal predikers met nuwe oë moet kyk na enkele teologiese waarhede wat rigting aan hul prediking kan gee, veral as hier gedink word aan die prediking vir die jeug. Dit is belangrik dat predikers na die Bybel met eksistensiële kennis van die jongmense se situasie en kennis van die tydsgewrig, asook die jeugkonteks waarbinne hulle gaan, preek. Hul grondhouding is die van voordeel om die Bybel te lees vanuit die perspektief van die jongmense en hulle belange.

Die doel van die prediking is om die tieners te betrek by die Bybelse gegewens. Geen kompromieë kan met Bybelse waarhede aangegaan word nie. Ou tradisies moet sonder skroom getoets word aan die Bybel en die hele Bybelse waarheid moet verkondig word.

Jeugprediking beteken nie oppervlakkige prediking nie. Oppervlakkige prediking het goeie korttermyngevolge in 'n tyd van individualisme, maar bied geen vrede aan die soekende jongmens nie. Omdat die jeug nog vir God moet leer ken, moet die prediking aan die jeug vir hulle 'n ontdekkingstog wees waar hulle al hoe meer van God in hul lewens raaksien (Van Wyk 2002:248).

Jongmense vind prediking waarin 'n alleengeldende, allesoorkoepelende waarheid gekonstrueer word, verdag. Die prediking is 'n geleentheid om saam met die jongmense te kniel voor die Misterie, te vra na God en Hom te aanbid. Dit is 'n ander soort styl, nie 'n styl van absolute sekerheid nie. Predikers verkry nie beheer oor God met baie woorde oor Hom nie. Dit is 'n oop-styl, "open-ended" waarin alle voorbereiding en geleerdheid op die altaar kom en tot as verbrand word as dit moet. Dit is 'n styl met verwagting (hoop) dat God inderdaad iets in die prediking sal doen wat uitgaan van die oortuiging dat die prediking veel meer is as net religieuse praatjies. Die geheim van jeugprediking is 'n pneumatologiese geheim. Die stem van die prediker, van die teks en die gemeente, word deur die Gees saamgesnoer om die stem van God te wees (Van Wyk 2002:249).

Van der Merwe (2005:27) meen dat die antwoord nie in die soort vernuwing van "how to" prediking is nie, maar in die herontdekking van die paradoks van die Evangelie. Dit is om vir mense van ons tyd die "landskap" van die Evangelie te wys, daardie "paradoksale landskap" waar mense die onsienlike sien, rus vind onder 'n juk, regeer deur te dien, verhoog word deur verneder te word, wys word deur dwase vir Christus se saak te wees, krag te hê wanneer ons swak is, vry te wees deur slawe te wees, ens.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Vir die "X- en Millennium-generasie" is die klem juis op egtheid en integriteit. Dit is belangriker dat die boodskap vir hulle hoop moet bring as hoe die"hi-tech" opgedis is. Dit haal miskien so bietjie druk van die predikers af as hulle voel hulle hoef nie met die kontemporêre kultuur te kompeteer nie.

Hierdie is egter nie 'n verskoning vir vervelige prediking nie. Die Evangelie is mos te opwindend om dit vervelig aan te bied. Van der Merwe (2005:28) stel die volgende kommunikasiepatrone van die "X- en Millennium-generasie" voor wat gebruik kan word in die prediking:

1. Oop einde
   Jesus het die gedoen – ons kan ook. 'n Preek kan maar met 'n vraag eindig.

2. Ongemak
   "X-ers" is gemaklik met die ongemak wat Jesus na hulle alledaagse lewe bring, al stem hulle nie noodwendig saam nie: "verkoop jou goed", "wees lief vir jou vyande", "wees altyd dankbaar", "moenie worry nie". Jesus het dit radikaal gestel. Los dit so!

Ervaringsleer behoort in hierdie tyd 'n baie belangrike deel van die jeugbediening en die kategese uit te maak. Dit beteken egter nie dat daar weg beweeg word van die van die Woord nie, maar dat hierdie hulpmiddels gebruik word om die boodskap oor te dra (Van der Westhuizen 2000:10 & Opperman & Snyman 2005:1).

'n Preek wat jongmense aanspreek sal wat die toepassing betref, so ingerig wees dat dit aan jongmense lewensgetroue antwoorde vir sy lewe sal bevat. Saam hiermee beklemtoon Nel (1985:31) dat die prediking die bevrydende Woord van God moet indra tot verlossing van selfsug en groei in volwassenheid en diens.

Kosbaar haal van Wyk (2002:247) dan ook hier Spreuke 22:6 aan: "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy oud is nie daarvan afwyk nie." Hierdie vers bemoedig predikers wanneer hulle oor prediking aan die jeug praat en laat hulle ook besef met watter ongelooflike belangrike werk hulle besig is.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# Hoofstuk 3

# Empiriese ondersoek

## 1. Hoekom empiriese navorsing?

As wetenskap moet die Praktiese Teologie vanuit 'n empiriese opvatting benader word (Pieterse 1993:52). Die studieveld is kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie waarin die ontmoetingsgestaltes van God en mens en mense en mens, asook die oordrag en opbou van die Christelike geloof in kerk en samelewing, bestudeer word. Uiteindelik moet hierdie studie die pastorale praxis bevorder in die lig van die eskatologiese dimensie van die Koninkryk van God. Alhoewel dit 'n Christelik-kommunikatiewe praxis vanuit 'n empiriese benadering bestudeer, is dit 'n teologiese vak met 'n eie teologiese identiteit. Hierdie empiriese benadering word vanuit 'n interpretatiewe paradigma beoefen. Interpretasie en verklaring kan binne 'n breë hermeneutiese raam maklik saamleef (Pieterse 1993:187).

Volgens Pieterse (1993:25) werk die praktiese teologie as handelingswetenskap, met 'n empiriese metode. In die teologie was daar tradisioneel basies drie metodologiese wyses waarop die teologie beoefen is, naamlik die histories-kritiese, literêr-kritiese en sistematies-kritiese metode. Die ontwikkeling in die praktiese teologie, na die Tweede Wêreldoorlog, het 'n nuwe metode bygevoeg, naamlik die empiries-kritiese metode.

Empiriese ondersoeke geskied deur distansiëring, objektivering en deur beskrywing, verkenning en verklaring. Empiriese navorsing verloop ordelik en sistematies. Navorsingsdata word volgens 'n vaste en sistematiese metode ingesamel. Noukeurigheid en geldigheid is van die uiterste belang. By die empiriese benadering is daar ruimte vir sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe ondersoeke binne die praktiese teologie, asook vir ander tipes, soos die teoretiese, historiese en literêre ondersoeke. Die empiriese metode is die sinvolste.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Nel (1996:27) haal Dreyer aan en gee drie redes waarom praktyk kennis (empiriese kennis) vir teorievorming in die praktiese teologie van belang is:

- Die eerste het te make met die feit dat kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie tyd-ruimtelik van aard is. Dit wil sê historiese, kulturele en sosiale veranderinge beïnvloed die kommunikatiewe praxis van die christelike geloof.
- Tweedens is dit nodig vanweë die kloof wat daar tussen die normatief-etiese ideaal vir die kommunikatiewe praxis en die werklikheid van die konkrete situasie bestaan.
- Derdens is dit nodig wanneer daar aktief in hierdie praxis ingegryp moet word om dit nader aan die ideaal te bring.

Alhoewel kritiek teen die benadering uitgespreek is, het daar in die laaste tyd al meer eenstemmigheid gekom. Wat vir die studie belangrik is, is Pieterse se poging om deur empiriese waarneming presies te probeer vasstel wat onder mense aangaan. Hierdie verskuiwing in die moderne homiletiek na die hoorders toe, is op die wyse bevorder (van Wyk 2002:41).

Vir die doel van hierdie verhandeling, is dit noodsaaklik om te weet wat die tieners beleef. Daarom is besluit om van empiriese navorsing gebruik te maak.

**2. Metode in die empiriese gedeelte van die navorsing**

'n Willekeurige steekproef van die tieners van die NG Gemeente Waverley is gedoen. Die gemeentes van Waverley en Villieria-Oos het ongeveer drie jaar gelede saamgesmelt. Die "nuwe" Waverley-gemeente het daarom twee bedieningspunte. Elke bedieningspunt het ook sy eie kategese vir die juniors en seniors.

Die lyste van 2004 se kategeseklasse is geneem en in alfabetiese volgorde geplaas. Die eerste dogter en die laaste seun op die klaslys is genader vir 'n onderhoud. Indien daardie spesifieke dogter of seun nie beskikbaar was nie, is die volgende dogter of die seun voor die laaste een op die klaslys, genooi vir 'n onderhoud. Daar is half-gestruktureerde onderhoude met hierdie tieners gevoer.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Die volgende 6 vrae is aan elke respondent gevra:

Vraag 1: Hoeveel keer per maand gaan jy kerk toe? (Tabel 1)

Vraag 2: Na watter kerk toe gaan jy? (Tabel 2)

Vraag 3: Hoekom gaan jy na daardie spesifieke kerk toe? (Tabel 3)

Vraag 4: Saam met wie gaan jy kerk toe? (Tabel 4)

Vraag 5: Wat dink jy moet ons kerk doen sodat tieners kan voel dat die erediens spesiaal vir hulle gehou word? (Tabel 5)

Vraag 6: Hoe sou jy daarvan hou om dit wat jy in die preek hoor verder in die kategeseklasse te bespreek? (Tabel 6)

Die tieners wat vir die steekproef gebruik is, was oorwegend almal van die Hoërskool Oos-Moot. Daar was net een seun van die Tegniese Hoërskool, John Vorster. Verder is die tieners almal van dieselfde omgewing, hulle behoort aan dieselfde Voortrekkerkommando en is by dieselfde klubs vir ander buitemuurse aktiwiteite betrokke. Dit wil sê dat die leefwêreld van hierdie tieners is baie dieselfde en daarom is besluit om nie onderskeid te maak tussen die twee bedieningspunte nie.

**3. Resultate van die onderhoude met die tieners**

Die response op die vrae kan soos volg in tabelvorm aangedui word:

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Tabel 1: Kerkbesoek (Vraag 1)

| Getal | Persentasie | Keer per maand |
|---|---|---|
| 1 | 8,33 % | 5 |
| 4 | 33,33 % | 4 |
| 4 | 33,33 % | 3 |
| 1 | 8,33 % | 2 |
| 2 | 16,67 % | 0 |

Wanneer daar na die tabel gekyk word is dit verblydend om te sien dat 33,33% van die respondente ten minste een keer per Sondag kerk toe gaan. Saam hiermee is daar (een respondent) 8,33% wat 5 keer per maand kerk toe gaan. Selfs die ander 33,33% wat 3 keer per maand in die kerk is, is ook goed. Mens sou kon sê dat die kerkbesoek per maand van 75 % van die tieners verblydend is. Dit is aansienlik hoër as die gemiddelde kerkbesoek van die lidmate van die NG Kerk (33,5% vir oggenddienste en 3. 60% vir die aanddienste (Schoeman & Bisschoff 2004:45-46) ). Dit is egter ontstellend dat daar 16,67% is wat glad nie kerk toe kom nie.

Tabel 2: Kerkbywoning (Vraag 2)

| Getal | Persentasie | Waarheen |
|---|---|---|
| 2 | 16,67 % | Gaan net 30ste Laan toe |
| 3 | 25,00 % | Gaan net Cunninghamlaan toe |
| 2 | 16,67 % | Gaan nie kerk toe nie |
| 1 | 8,33 % | Gaan na Hercules-gemeente toe |
| 4 | 33,33 % | Gaan 30ste Laan, Cunninghamlaan, Echo, Moreletta, Waverley-Oos |

Dit was positief om te sien dat 75% van die tieners na een of albei van die gemeente se bedieningspunte gaan, hoewel 33,33% van hulle ook ander gemeentes besoek.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Tabel 3: Rede vir erediensbywoning (Vraag 3)

| Aantal response | Persentasie | Rede aangevoer |
|---|---|---|
| 6 | 50,00 % | Preek, boodskap beteken iets, Bybel word verduidelik |
| 4 | 33,33 % | Hulle is al jare in die kerk, het daar groot geword. |
| 4 | 33,33 % | Gaan saam met ouers. |
| 3 | 25,00 % | Gaan saam met vriende |
| 2 | 16,67 % | Dit is die naaste kerk. |
| 2 | 16,67 % | Hou van die musiek. |
| 1 | 8,33 % | Wil belydenis van geloof aflê en eendag kind doop. |

Hier kon elke respondent soveel response gegee het as wat hulle wou. Daarom word van die veronderstelling uitgegaan dat daar by elke rede wat aangevoer is, 'n moontlikheid van 12 response gegee kon word. Dit is die wyse waarop die persentasies uitgewerk is. Hierdie metode is by tabel 3 en tabel 5 gebruik.

Interessant by tabel 3, was die feit dat 50% van die tieners kerk toe gaan as gevolg van die preek en die boodskap wat hulle ontvang, terwyl net 16,67% kerk toe gaan omdat hulle van die musiek hou. Dit terwyl die musiek die een aspek was wat die meeste tieners (75% volgens tabel 5) gevoel het verander behoort te word sodat tieners meer aangespreek kan word.

Tabel 4: Metgeselle tydens erediensbywoning (Vraag 4)

| Response | Persentasie | Metgeselle |
|---|---|---|
| 11 | 91,67 % | Ouer/s en/of familie/gesin |
| 1 | 8,33 % | Gaan glad nie kerk toe nie |
| 6 | 50,00 % | Gaan ook saam met vriende |

Die ontsettende belangrike rol wat ouers in die geloofsvorming van die tieners speel kom hier sterk na vore. Net 8,33% (die respondent wat nog glad nie kerk bygewoon het die afgelope 12 maande nie) gaan nie gewoonlik saam met hul ouers kerk toe nie. Volgens tabel 3 het 33,33% van die respondente ook die feit dat hulle saam met hul ouers gaan as

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

rede vir kerkbywoning aangegee. Hierdie gegewens bevestig wat in die literatuurstudie na vore gekom het, naamlik dat die ouers die primêre geloofsopvoeders is. Die familie is die primêre verhouding waarin die gesin staan. Die biologiese familie kan nie losgemaak word van die verbondsfamilie nie. Gelowiges word aanmekaar en aan God verbind.

Van hierdie 91,67% het 50,00% aangedui dat hulle ook saam met vriende kerk toe gaan. Volgens tabel 3 het 25,00% van die respondente aangedui dat hul vriende die rede vir hulle kerkbesoek is.

Tabel 5: Moontlikhede sodat eredienste tieners meer kan aanspreek (Vraag 5)

<table>
<tr><th>Aantal response</th><th>Persentasie</th><th colspan="2">Moontlikheid</th></tr>
<tr><td rowspan="5">9</td><td rowspan="5">75,00 %</td><td colspan="2">Musiek en begeleiding</td></tr>
<tr><td>Getal</td><td>Onderwerp</td></tr>
<tr><td>8</td><td>Kry ‘n “band” (3 tieners wil spesifiek tromme hê)</td></tr>
<tr><td>6</td><td>Nie sulke ou liedjies nie (meer Engels, meer “beat”, lewendiger, herhaal een liedjie meer)</td></tr>
<tr><td>7</td><td>Musiek moet verander (wil nie orrel hê nie - 5 tieners)</td></tr>
<tr><td>6</td><td>50,00 %</td><td colspan="2">Preke: Eenvoudiger<br>Meer verstaanbaar<br>Meer relevant vir tieners<br>Meer interessant<br>Grappies, stories<br>Preek oor nuwe, meer onbekende gedeeltes soos Openbaring<br>Nie te lank nie<br>Meer prentjies</td></tr>
<tr><td>5</td><td>41,67 %</td><td colspan="2">Saamkuier</td></tr>
<tr><td>3</td><td>25,00 %</td><td colspan="2">Omgeegroep</td></tr>
<tr><td>3</td><td>25,00 %</td><td colspan="2">Getuienis tydens die diens</td></tr>
<tr><td>3</td><td>25,00 %</td><td colspan="2">Speletjies speel</td></tr>
</table>

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

| | | |
|---|---|---|
| 2 | 16,67 % | Gee lekkers |
| 1 | 8,33 % | Nooi ander musiekgroepe ("bands") uit |
| 1 | 8,33 % | Hou uitreike |
| 1 | 8,33 % | Kry jonger dominee |

Byna elkeen van die 75,00% van die respondente wat iets oor die musiek opgemerk het, het dadelik genoem dat daar 'n "band" (orkes) moet wees om die begeleiding te doen tydens die lofprysing. Party het selfs so ver gegaan om te sê dat daar tromme en kitare moet wees en 41,67% het dit baie duidelik gestel dat hulle nie met die orrel wil sing nie. Vanuit hierdie response is die invloed van die "praise and worship" beweging asook die "seeker services" en die kontemporêre "worship" musiek wat in die vorige hoofstuk bespreek is, baie duidelik. Dit wat Codrington (http://www.futurechurch.co.za/?itemid=49) noem as die wyse waarop jonger generasies God wil aanbid deur sang en musiek met 'n orkes, eietydse liedere met herhalende koortjies, word ook deur die response bevestig.

Verder het 50,00% van die respondente gevoel dat die preek eenvoudiger, meer verstaanbaar en relevant vir tieners aangebied behoort te word. Die moontlikhede van grappies, stories en getuienisse is ook genoem. Verder was daar 'n definitiewe versoek dat die preke nie so lank moet wees nie.

Daar kan nie na tabel 5 gekyk word sonder om ook die response van tabel 3 in ag te neem nie. Volgens tabel 3 gee 50% van die tieners die preek as rede vir kerkbywoning aan. Volgens tabel 5 is daar 50% tieners wat die behoefte uitgespreek het dat die preek eenvoudiger en meer verstaanbaar moet wees. Die respondente kan in twee groepe verdeel word op grond van die reaksie rondom die preke. Die helfte wat die preke meer verstaanbaar wil hê is die helfte wat nie die preek as rede vir erediensbywoning aangedui het nie.

Bogenoemde laat die vraag ontstaan wat die eintlike behoefte van die tieners is? Is dit nie dalk om die Woord van God meer verstaanbaar in hul konteks te hoor nie? Sal die behoefte om deur die musiek aangespreek te word dalk vervaag indien die preke meer verstaanbaar en op die vlak van die tieners is? Druk die tieners die behoefte om God se Woord duideliker te hoor, dalk in die behoefte rondom ander musiek uit? Werk hulle dalk

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

vanuit die veronderstelling dat die musiek hul behoefte aan die belewenis van 'n ontmoeting met God (wat eintlik deur die preek behoort te gebeur) in die erediens sal vervul?

Vanuit die literatuurstudie is dit duidelik dat die doel van die prediking is om 'n ontmoeting tussen God en mens tot stand te bring. Die gereformeerde siening van die preek dat dit die verkondiging van die Woord van God is wat deur die modus van die uitleg en toepassing van die teks binne die konkrete situasie van die tieners toegepas moet word, behoort dalk meer aandag te geniet.

Tabel 6: Kombinasie van kategese en erediens (Vraag 6)

| Getal respondente | Persentasie | Redes |
|---|---|---|
| 11 | 91,67 % | Preke is soms onduidelik en dit sal help om dit beter te verstaan.<br>Daar is soms vrae oor die preek.<br>Tieners wat nie kerk toe kom nie, sal dan kom.<br>Hulle sal meer onthou. |
| 1 | 8,33 % | Het reeds belydenis afgelê |

Die 91,67% was positief om die kategese en die erediens te kombineer. Die tieners het gevoel dat dit hulle kan help om die preek beter te verstaan en te onthou.

**4. Benadering van die NG Gemeente Suidoos-Pretoria**

Na aanleiding van 'n gesprek met twee van die leraars van die NG Gemeente Suidoos-Pretoria, Tienie Bosman en James Kirkpatrick, het die volgende aan die lig gekom:

Die droom van die gemeente is:

- Dat jongmense die geloofsreis as 'n reis saam met God sal beleef
- Op so 'n manier dat hulle sal sê:
- "My lewe saam met God, is vir my die lewe"

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Aan die begin van die gesprek het hulle dit duidelik gestel dat die gemeente 'n doelbewuste keuse gemaak het teen die "verbruikerskultuur". Hulle het besluit om op verhoudings te fokus. Op die vraag wat dit is wat net die gemeente en nie een van die vermaaklikheidsplekke die tieners kan bied nie, was die antwoord: God. Dit is die nis-mark van die gemeente. Verder is genoem dat die kategese as die kern van die jeugbediening gesien word.

Die gemeenteleiers het gevoel dat daar vier moontlike modelle is waaruit hulle 'n keuse moes maak vir die kategese. Die vier moontlikhede word vervolgens kortliks genoem:

**Gesins/Familiemodel**

Hier is die jeugbediening gedifferensieerd-toegespits ook op die ouers gerig.

**Rituele/Deurgangsmodel (Rites de passage)**

Hier word hoofsaaklik by die behoeftes van die jeug aangesluit. Daar word ook baie op deurgange gefokus, soos doop, verwisseling van laer- na hoërskole, matriek, ens.

**Gemeentemodel**


Die jeugbediening word vanuit die hele gemeente bedryf.

**Jeuggroepmodel**

Hier word net op die jeug gefokus en dit word dikwels as 'n bediening buite die gemeente beskou.

Die NG Gemeente Suidoos-Pretoria het hier gekies vir 'n kombinasie van die modelle. Hier word gefokus op die jeug en daar is ook sekere steunpilare. Die model wat hierna volg, gee 'n goeie idee van wat hiermee bedoel word.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)




Kategese word beskou as deel van die geloofsreis van die jongmense. Die erediens is die groot byeenkoms nie net van die gemeente nie, maar ook van die jeuggroepe. Na die erediens verdeel die jeug in graadgroepe waar dit waaroor in die erediens gepreek is, verder bespreek word.

Op die geloofsreis van die jeug word daar met al die diensrade gesels terwyl daar 'n totale geïntegreerde jeugbediening aan die gang is. Kategese is 'n integrale deel van gemeente-wees. Elke diensraad begroot ook vir 'n deel van die jeugbedrywighede.

Daar word 'n sillabus opgestel deur die leraar wat spesifiek getaak is vir kategese, in oorleg met die jeuggroepleiers en gemeente. Hierdie sillabus bepaal waaroor die leraar op 'n gegewe Sondag preek. Teen Donderdag moet die leraar wat Sondag preek alreeds sy gespreksdokument by die kategeseleraar besorg. Die gesprekdokument word as deel van die aankondigings geplaas, met spasie waar die ouers en kinders tydens die diens aantekeninge kan maak. Die laaste vraag op die gespreksdokument is gewoonlik 'n opdrag wat die kinders tuis moet gaan doen. Dit is dan ook die vraag waarmee die volgende week se gespreksdokument begin. Op die wyse word gepoog om die ouers te betrek. Hoewel dit

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

deel van die droom van die gemeente is om die ouers meer betrokke te kry, is dit nog ‘n groot uitdaging.

Die fondasie vir hierdie pilare is: onderrig, viering en diens. Die viering geskied van tyd tot tyd gedurende die erediens en daar is ook ‘n koffiedrink-geleentheid elke Sondagaand na afloop van die groepbesprekings. By die geleentheid neem die ouers van ‘n spesifieke groep die verantwoordelikheid om eetgoed vir die tieners te verskaf en die klasgroep moet opruim na die tyd. Die groep neem ook verantwoordelikheid vir die erediens daardie aand. Hulle deel die aankondigings uit, neem die dankoffers op en deel die tekens uit as daar nagmaal gevier word. Die gemeente soek nog na maniere om die kenniselement van die tieners te verhoog en is oppad om ook meer uitreikgeleenthede vir hulle te skep.

Vanuit verskeie gesprekke is dit duidelik dat die gemeente van Suidoos-Pretoria hierdie model teologies goed deurdink het en dat dit beslis ‘n werkbare model is.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

# Hoofstuk 4

## Moontlike riglyne vir die toekoms

### 1. Teologiese Fundering

Die volgende teologiese fundering behoort as riglyn gebruik te word:

#### 1.1. Die jeugbediening is ‘n integrale deel van die NG Gemeente Waverley se totale bediening.

Die jeugbediening staan nie buite of los van die gemeente nie. Dit wil sê dat die tieners deel moet wees van die totale gemeentebediening soos byvoorbeeld die uitreikaksies, deernisprojekte, die basaar en elke ander faset van die gemeente. Die jeug is nie die kerk van môre nie, maar die kerk van vandag!

#### 1.2. Die senior kategese word as die kern van die tienerbediening beskou.

Die kategese is die hooffokus. Enige kampe, aksies of uitstappies wat gereël word, sal in samewerking met die kategese deur die jeugraad gedoen word om die visie van die gemeente verder uit te dra.

> **Die visie van die NG Gemeente Waverley:**
> Ons is ‘n geloofsfamilie wat hier is om God te verheerlik;
> Om geestelik te groei en om te gee vir mekaar;
> En ‘n verskil te maak in die wêreld.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

### 1.3. Die tienerbediening is 'n verhoudingsgebaseerde bediening.

Dit is nie die kerk se taak om die tieners te vermaak nie. Daar is genoeg plekke en sentrums wat spesialiseer daarin. Dit is onmoontlik dat die gemeente kan kompeteer met die infrastruktuur en begrotings van winkelsentrums. Daarom kan die kerk nie anders as om te kies om met die verhoudingsmodel te werk nie. Dit is ook inlyn met die hele visioneringsproses van die gemeente wat gekies het vir 'n verhoudingsgebaseerde bediening.

### 1.4. Die NG Gemeente Waverley is 'n familiegemeente.

Die bediening kan nie los gemaak word van die families nie. Hier word die term "familie" gekies, omdat daar so 'n verskeidenheid families in die samelewing voorkom en dit ook in ag geneem behoort te word. Met die familiebediening word erken dat die tiener primêr in 'n verhouding staan met die gesin en familie. Tieners kan ook nie losgemaak word van die Christelike familie nie. Die geloofsfamilie aan wie hulle verbind word deur die geloof in Christus Jesus. Die verbond is immers die teken dat hulle aan God en mekaar verbind is. Familiebediening beteken ook dat daar ruimte is vir diversiteit en dat daar met tye spesifiek aan die behoeftes van die tieners aandag gegee word.

## 2. Uitdagings

### 2.1. Lidmate is beïnvloed deur verskillende strominge.

Soos die Gemeente Suidoos-Pretoria kies die Gemeente van Waverley vir die verhoudingsmodel. Op die oog af lyk dit of kerke en gemeentes rondom die NG Gemeente Waverley baie beïnvloed is deur die "seeker-sevices" en kontemporêre "worship" musiek. Dit veroorsaak dat baie lidmate (volwassenes en tieners) dink en voel dat dit die norm is

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

wat gevolg behoort te word in die erediens. Hierdie dienste het ‘n sterk "verbruikersmentaliteit."

### 2.2. Die "tradisionele" kerkmusiek spreek baie min tieners aan.

Vanuit die response in tabel 5 is dit duidelik dat die tieners van die gemeente met ‘n orkes wil sing en dat hulle "nuwer" liedjies wil sing met ‘n "beat" wat bestaan uit koortjies wat herhaal word. Hulle het ook spesifiek genoem dat hulle meer Engels wil sing. Die uitdaging is hier om ook iets van die liedereskat van die NG Kerk aan hulle bekend te stel.

### 2.3. Die sillabus wat gevolg moet word by die kategese.

Daar is sekere vereistes waaraan die sillabus moet voldoen, naamlik:

- Dit moet aansluit by die kerklike jaar;
- ‘n Stewige stuk lering rondom die belydenis van die NG Kerk bevat;
- Dit moet aktuele onderwerpe waarmee tieners worstel, aanspreek en ook vir die tieners ‘n grondige Bybelkennis gee.

Die materiaal wat beskikbaar is, voldoen nie heeltemal aan die behoeftes nie.

### 2.4. Verantwoordelike vernuwing

Verder is dit nodig om op so ‘n wyse te vernuwe dat die gereformeerde belydenis van die kerk nie in die slag bly nie. Daar is soveel strikke waarin getrap kan word met vernuwing dat dit met groot versigtigheid benader moet word. Vanuit die literatuurstudie is dit duidelik dat ‘n verstokte gereformeerde kerk ‘n teenstrydige begrip is.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

## 3. Eksperimentele model

### 3.1. “Tienertyd”

Die 91,67% van die respondente wat positief was om die erediens en die kategese te kombineer, het die gedagte bevestig dat dit ‘n model is wat gebruik kan word. Sedert Augustus 2005 is daar begin om in die gemeente op ‘n eksperimentele basis die erediens en kategese te kombineer by Cunninghamlaan. Die erediens begin nou 17:15 met lofprysing. Die lering (“onderrig”) wat in die kategeseklas sou plaasvind, vind nou in ‘n groot mate binne die erediens plaas. Hierdie aanddiens word “Tienertyd” genoem.

Na afloop van die erediens verdeel die tieners in kleiner graadgroepe vir kategese. In die groepe vind daar nou hoofsaaklik bespreking plaas rondom dit wat in die erediens gehoor is. Hierdie kategesegroepe se karakter het verander. Dit is nou omgeegroepe waar die klem baie meer op verhoudings geplaas word eerder as op die oordrag van kennis soos in die verlede. Na die omgee-groepe kom die tieners en hul kategete na die koffiekroeg waar daar saamgekuier word.

Die terugvoering van die kategete, tieners en ouers is baie positief. Na ongeveer twee maande van eksperimentering is daar op ‘n vergadering van die kategete en later ook op die vergadering van die werkgroep “Gesinne en Jeug”, besluit om voort te gaan met die model.

### 3.2. Gespreksgroep vir ouers

Die eredienste word ook deur families bygewoon. Dit is deel van die droom van die gemeente om die families saam in die erediens en ander kerklike aktiwiteite te betrek. Op hierdie stadium is die werkgroepe “Gesinne en Jeug” en “Kleingroepe” besig om die moontlikheid te ondersoek om te begin met ‘n gespreksgroep vir ouers van tieners terwyl die tieners in hul omgeegroepe besig is. Wat wonderlik is van die model is dat dit in lyn is

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

met die res van die bediening van die gemeente waar daar ook gefokus word op omgeegroepe en families.

### 3.3. Groter ouerbetrokkenheid

Tans is daar 4 gesinne wat om die beurt verantwoordelikheid neem vir die koffiekroeg op ‘n Sondagaand. Vanaf volgende jaar sal daar gepoog word om die ouers van die verskillende graadgroepe ook meer betrokke te kry. Die “koffiekroegouers” wat die afgelope jaar betrokke was, sal dan die “verantwoordelike ouers” wees wat leiding neem en die ander ouers help touwys maak.

### 3.4. Verantwoordelikheid vir eredienste

Vanaf volgende jaar sal ‘n spesifieke kategese klas op ‘n Sondagaand verantwoordelikheid neem by die aanddiens vir die verwelkoming en dankoffers. Op die wyse sal die tieners ook meer betrek word.

### 3.5. Jeugraad

Daar word ook beplan om die jeugraad uit te brei tot ten minste een dogter en een seun uit elke graadgroep van beide bedieningspunte. Die jeugraad reël sosiale byeenkomste en gee ook terugvoering van wat die behoeftes in die graadgroepe is.

### 3.6. Musiekbediening

Daar is verskeie musiekgroepe in die gemeente. Tydens die aanddienste by Cunninghamlaan word die begeleiding meestal gedoen deur een van die musiekgroepe. Daar word ook tussen 10 en 15 minute tyd afgestaan vir lofprysing. Die jeugraad is ook meer betrokke by die aanleer van “ander, nuwe” liedere.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

## 4. Ten slotte

Tot dusver is die eksperiment met "Tienertyd" (die "nuwe kategese-aanddiens") by Cunningham-laan, baie positief beleef. Die jeugbediening is en bly 'n groot uitdaging wat biddend, versigtig hanteer moet word met die vaste wete dat God wat 'n mens roep jou ook die krag gee om dit te doen waarvoor jy geroep is (Jesaja 47:5).

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

## Bibliografie

Allender, D B 1990. *The wounded heart.* Colorado: Naspress.

Barnard, A C 1981. *Die Erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Beukes, M J du P 1987. Vernuwing in die erediens. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3 Perspektiewe op die erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Bisschoff, J 2005. Die predikant as geestelike begeleier en sy/haar spiritualiteit ... die impak van Gideon van Dam. *Kruisgewys jaargang 5 volume 2, 13-14.*

Brink, V & Brink, T 1999. *Ouerskap in die millennium.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

*Bylae tot Beeld* (Kindersorg) 22 September 2004. Getalle van mishandelde kinders styg bl 5.

Caruana, V 2005. *Gee jou kind 'n voorsprong in die lewe.* Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy.

Codrington, G & Grant-Marshall, S 2004. *Mind the gap!* Johannesburg: Penguin Books(South Africa).

Codrington, G 2005. Generations @ Church.
http://www.futurechurch.co.za/?itemid=49

Crockett, L J & Crouter, A C 1995. *Pathways through adolescence: Individual development in relationship to social contexts.* Mahwah: Lawrence Erlbaum Associates.

*Die Beeld* 22 Oktober 2005. Dwelms, geweld word Afrikaner-probleem toe groep nie dink.

*Die Kerkbode* 10 Junie 2005. 10 stellings oor gereformeerde identiteit, bl. 11.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)


*Die Kerkbode* 22 April 2005. Wanneer is vernuwing, vernuwing?, bl. 7.

*Die Lig* Junie 2004. Oorlewingstryd vir die NG Kerk? bl. 13-14.

De Vries, M 1994. *Family-based youth ministry.* Illinios: Inter Varsity Press.

Du Plessis, J 2005. Die Evangelie ontmoet die kultuur in die kerk. *Kruisgewys (5)1: 9-10.*

Dreyer, Y 2004. A public practical theological theory for religious education of secularised youth. Ongepubliseerde lesing.

Fields, D 1998. *Purpose driven Youth Ministry. 9 Essential Foundations for Healthy Growth.* Michigan: Zondervan Publishing House.

*Focus on the family* April 2005. Open House, bl. 24-26.

Foster, K D 1997. *Sexual Healing. God's plan for ghe sanctification of broken lives.* Hermitage: Mastering Life Ministries.

Freudenburg, B & Lawrence, R 1998. *The family friendly church.* Colorado: Group Loveland.

Gouws, L A & Louw, D A & Meyer, W F & Plug, C 1979. *Psigologiewoordeboek.* Pretoria: Sigma Press.

Hanekom, B & Esterhuizen, A 2005. (Nuwe) Gemeente Ontwikkeling vir 'n nuwe tyd. *Kruisgewys (5)1:21-22.*

Hansen, P A 1991. *Survivors & Partners.* Longmont: Heron Hill Publishing CO.

Heyns, M 2005. Lidmaatskap van 'n gemeente ... lewensgevaarlik?! *Kruisgewys (5)1:33-34.*

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Higgins, J 1990. *Selfbeeld en jou kind.* Pretoria: Daan Retief Uitgewers.

Kazeen, D 2004. *Youth and upcoming challenges.* Referaat gelewer by SACLA 2004.

Lamanna, M A & Riedmann, A 1991. *Marriages and Families. Making choices and facing change.* Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Long, T G 1994. The Biblical writers as poets and artists. *Proclaim the gospel.* Bl. 101-127.

Louw, D A 1982. *Inleiding tot die Psigologie.* Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Marais, W 2001. *Aktuele sake.* Goodwood: NBD.

Meyer, R G & Salmon, P 1984. *Abnormal Psychology.* Boston: Allyn and Bacon, Inc.

Meyer, W F. Ontwikkelingsteorieë. Ongepubliseerde studiegids, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Müller, J 1983. Die homilie as wyse van eietydse prediking. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie Afdeling B.

Müller, J 1987. Vastheid, variasie en kreatiwiteit in die liturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3 Perspektiewe op die erediens.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Müller, J 1990. *Die erediens as fees.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Müller, J 2002. *Gesinne van binne.* Bloemfontein: CLF Drukkers.

Neethling, K & Rutherford, R 1999. *Smart parents create an exciting future for children and teens.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Books.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Nel, I A 1996. ‘n Prakties-teologiese ondersoek na die vormgewing van die preek. Ongepubliseerde DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Nel, I 2005. Die prediker as Skrifgeleerde! *Kruisgewys (5)1:20-30.*

Nel, M 1982. *Jeug en Evangelie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Nel, M (ed) 1985. *Kerkjeug antwoord.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Nel, M 2001a. *Ek is die verskil.* Bloemfontein. CLF Drukkers.

Nel, M 2001b. *Jeug-bediening ‘n Inklusiewe gemeentelike benadering.* Bloemfontein: CLF-Drukkers.

Nel, M 2004. As ons gemeentes wil opbou, moet ons anders lei. *Kruisgewys (4)1: 27-28.*

Newton, M 1995. *Adolescence: Guiding youth through the perilous ordeal*. New York: WW Norton & Company, Inc.

Nkhuwa, R 2004. The influence of globalization on the faith of adolescents and the implications for youth ministry with specific reference to adolescent members of the Reformed church in Lusaka Zambia. Ongepubliseerde lesing, SACLA.

Obsatz, M 1999. *Nie-gewelddadige kinders in ‘n gewelddadige wêreld.* Kaapstad: Lux Verbi.

Olson, R P & Leonard, J H Jr oa. *A new day for family ministry.*

Opperman, R & Snyman, F 2005. *Ervaringsleer kook.* Pretoria: Groep 7 Drukkers en Uitgewers BK.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en Prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Pieterse, H J C 1985. *Verwoording en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, H J C 1988. *Die Woord en die werklikheid*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C 1993. Die probleem van normatiwiteit en rasionaliteit in die beoefening van Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 8(2):197-203.

Pieterse, H J C 1994. A word being heard. *Proclaim the gospel.* Bl. 2-16. Pretoria: Etoile.

Pieterse, H J C 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria: Unisa Uitgewers.

Potgieter, J 2003. *Waardes wat werk. Wenwenke vir almal wat by jongmense betrokke is.* Wellington: Lux Verbi. BM.

*Pretoria News* 22 Julie 2004. Pupil's violence shocks Pretoria school.

*Pretoria News* 22 Julie 2004. High suicide rate has parents on edge.

*Pretoria News* 23 Julie 2004. Grieving relatives bid Daniel farewell.

*Pretoria News* 7 Desember 2004. 43 children raped per day. Bl. 1.

*Rapport* 30 Oktober 2005. Tienerselfmoord. Bl. III.

Search Institute Assest list
http://www.search-institute.org/assests/individual/

Seifert, K L & Hoffnung, R J. 1987. *Child and adolescent development.* Boston: Houghton Mifflin Company.

Serfontein, A 2005. Lof en aanbidding vernuwing in hoofstroom kerke. *Kruisgewys (5)1:21-22.*

University of Pretoria, etd Wagner-Ferreira E C (2006)

Schoeman, K & Bisschoff, J. Kerkspieël 2004. Verslag van die sewende wetenskaplike opname van die Ned Geref Kerk in Maart 2004 in opdrag van die Algemene Sinode.

Stott, J R W 1982. *I believe in preaching*. London: Hodder and Stoughton.

Strommen, M P & Hardel, R A. 2000. *Passing on the faith.* Winona: Saint Mary's Press Christian Brothers Publications.

Thesnaar, C 2003. Familiebediening – die sleutel tot effektiewe jeugbediening. *Kruisgewys (3) 1: 18-20.*

Van der Westhuizen, Z 2000. Die eise wat die postmoderne leefwêreld stel aan die kerk se jeugwerk.

Van der Merwe, J 3 Februarie 2004. Lewende Erediens – Gedagtes oor praktiese erediensvernuwing. Ongepubliseerde lesing, Universiteit van Oranje Vrystaat.

Van der Merwe, J 2005. Eietydse prediking? *Kruisgewys (5)1: 27-28.*

Van Wyk, R P 2002. Prediking aan die jeug in 'n eietydse situasie. Ongepubliseerde DD-proefskrif, UNISA.

Van Wyk, R 2004. Jeugpredikers is grot-ontdekkers. *Kruisgewys (4) 1:15-16.*

Venter, L 2004. As tieners die kerk begin nodig kry. *Kruisgewys (4) 1:12-13.*

Vos C & Müller, J 1989. *Geboorte en kindwees.* Pretoria: Orion.

Vos, C J A & Pieterse, H J C 1997. *Hoe lieflik is U woning*. Pretoria: RGN Uitgewers.

Vos, C J A 1994. The rhetorical mode in preaching. *Proclaim the gospel.* Bl. 42-83. Pretoria: Etoile.